2009:2

MATIE LAND

Ntsiki... se ster skyn helder

Visual Arts
- more than a qualification, a destination

'BOSCH IST-FEST 2009

Kry jou program binne!

READ *MATIELAND* IN ENGLISH AT WWW.MATIESALUMNI.NET

Anna Basson
EIENDOMME • PROPERTIES
STELLENBOSCH

☎ 021 88 74 74 0
www.annabasson.co.za
info@annabasson.co.za

STELLENBOSCH R5 900 000



Plot — WEB 6075

Mostertsdrift. One of the last vacant stands. This is a unique opportunity to build your dream home in one of the most sought after streets in Stellenbosch.

STELLENBOSCH R14 000 000

Bedrooms 6 | Bathrooms 5 | Parking 3 — WEB 5024

Mostertsdrift. The Victorian grandeur flows from the house right into the authentic garden. Situated in a sought after position at the entrance of Mostertsdrift. Flowing entertainment areas.

STELLENBOSCH R4 850 000

Bedrooms 3 | Bathrooms 2 | Garages 2 — WEB 5975

Die Boord. Cape-country style family home in mint condition. Excellent features for outdoor entertaining. North facing, walking distance to schools, Medi Clinic and shopping centre.

STELLENBOSCH R2 950 000

Bedrooms 3 | Bathrooms 2 | Garages 2 — WEB 5993

Uniepark. This family home on a larger than average plot is located close to schools and a shopping centre. Three of the bedrooms are north facing. Outside room can be rented out.

STELLENBOSCH R5 900 000



Bedrooms 4| Bathrooms 3 | Garage 1 — WEB 6050

Mostertsdrift. Large corner plot (1510m²) with magnificent mountain views. Excellent location, walking distance to schools and US campus.

STELLENBOSCH R1 550 000



Bedrooms 3 | Bathrooms 2 | Garage 1 — WEB 6001

Welgevonden. Spotless! Experience carefree living in this security estate with greenbelts, duck ponds and mountain views.

STELLENBOSCH R2 990 000

Bedrooms 3 | Bathrooms 2 | Garages 2 — WEB 5233

Security. Beautiful townhouse in mint condition in security complex. Three living areas. Outside room with bathroom. Magnificent mountian views.

STELLENBOSCH R2 990 000

Slaapkamers 3 | Badkamers 2 | Motorhuis 1 — WEB 5865

Middebosch. Uitstekende belegging! Dupleks dorpshuis in die hart van Stellenbosch! Groot balkon, patio met privaat tuintjie, ondervloer verhitting en vele meer.

STELLENBOSCH

Slaapkamers 3 | Badkamers 2 | Motorhuis 1 — WEB 6074

Botmashoogte. Naby Ingenieurs Faskulteit. Ekstra ruim 1 en 2 slaapkamer woonstelle. Prys vanaf R450 000 - R530 000. Nuut op die mark.

STELLENBOSCH R1 500 000

Slaapkamers 2 | Badkamers 1 | Parkering 1 — WEB 6049

Leiwater. Uitstekende ligging. Grondvloer woonstel. Stapafstand vanaf kampus, middedorp en Coetzenburg. Sekuriteitsparkering.

WOONSTELLE / FLATS

Blok	Slpk	m²	Prys
Het Begijnhof	Bach	32m²	R950 000
Son Vida	Bach	46m²	R1 185 000
Son Vida	Bach	46m²	R1 450 000
The Merriman	Bach	43m²	R1 280 000
La Rez	1	32m²	R650 000
34 On Merriman	1	30m²	R1 075 000
Bosmans Cross.	1	84m²	R1 420 000
Welgevonden	2	65m²	R670 000
Amatoni	2	83m²	R1 278 000
The Merriman	2	72m²	R1 890 000

VERHURINGS / RENTALS

Kontak ons VERHURINGSAFDELING by:

021 887 5119
083 519 3824

rentals@annabasson.co.za

LEEF STELLENBOSCH LIVE STELLENBOSCH

Marleen van Wyk, 'n tweedejaarstudent in die Juweliersware-afdeling in die Departement Visuele Kunste
Foto: Anton Jordaan (SSFD)

inhoud contents



OP DIE VOORBLAD:

Ntsiki se ster skyn helder.
Lees meer op bl 10.

Ntsiki's star shines bright. Read the article on pg 10. An English translation is available at www.matiesalumni.net

Foto's/Photos: IPhotographic

REDAKSIONEELEDITORIAL 1

BRIEWELETTERS 3

BROKKIESSNIPPETS 6

artikelsarticles

Ntsiki se ster skyn helder 10

Visual Arts: More than a qualification - a destination 12

US se Oorhoofse Strategiese Plan is roetekaart tot 2015 14

Nuwe taalmodel is akademies verantwoordbaar 16

Navorsingsbrokkies 18

New drug "an enormous breakthrough" 20

Innovative Kick TB 2010 awareness campaign will hit home! 20

Tygerberg Navorsers vind die geen vir familiële hartblok 21

Eerste 'boschfees gaan Alumni nouer betrek 22

Konvokasie vergadering kry nuwe baadjie 22

'BoschFees (uithaal-stuk) 23

Yanks en Maties span saam om entrepreneurskap te bevorder 27

Teologie Feesjaar laat reg geskied aan verlede én toekoms 28

Onvervangbare restourateur tree af 30

Kanselier lê tuig met swaar hart neer 31

Developmental workshops to assist students to enter world of work 32

Another space satellite from Stellenbosch 33

Afrika-sentrum Baanbreker in MIV/vigs 34

MGD se Geletterdheidsprogram wen landswye kompetisie 35

Stellenbosch en sy koshuise 36

Feeling the earth beneath your feet 37

MATIESALUMNI 38

MatieAlumni-egpaar ontwikkel vermaaklike bordspel 38

Oudstudent help Maties entrepreneuries dink 38

KONVOKASIECONVOCATION 40

SPORT 44

IN MEMORIAM 46

AGTERBLAD 48

UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner • umhlobo wakho wolwazi

redakteursbrief

Beste MatiesAlumni

Op 9 en 10 Desember bied jou *alma mater* die heel eerste 'BoschFees aan. En watter geleentheid beloof dit nie om te wees nie! Daar is iets vir elkeen op die spyskaart. As jy die kultuurtier in jou wil wakker maak, is daar behalwe dit wat Stellenbosch oor daardie twee dae bied ook etensuurkonserte in die Neelsie met onder meer sangsensasie Emo Adams wat gaan optree.

Vir diegene wat hul lyf student wil hou kan jy kom kies uit 'n unieke versameling van oor die 40 boeiende lesings wat spesiaal vir MatiesAlumni saamgestel is. Temas sluit in wat dit behels om twee Wêreldbeker Rugbytoernooie te wen; hoe biomediese ingenieurs hul kundigheid inspan om die wêreld 'n veiliger plek te maak; die MXit-evolusie en ook Taalbeplanning aan die US.

Asof dit nie genoeg is nie, het toerisme ghoeroe Pietman Retief 'n Stellenbosch-program saamgestel wat die gehardste Gautenger sy verhuisingsagent sal laat bel. Enkele hoogtepunte is 'n verskeidenheid van wynproeë, (insluitend 'n donkie wyntoer), bergfietsroetes, die Bos se gewilde spooktoer, kunsmuseumbesoeke, 'n Swingtime-konsert en 'n besoek aan die immergewilde Dorpstraatteater waar baskitaar maestro Schalk Joubert en fluweelstem Lesley Ray Dowling jou sal inwag.

Maar tussenin is daar baie geleentheid vir net lekker saamkuier saam met maters. Vir hierdie doel word 'n spesiale feeskern naby die alumni-kantoor in Murraystraat ingerig.

'n Hoogtepunt is 'n feestelike saamkuier Donderdagaand 10 Desember in 'n markiestent op Coetzenburg. Na afloop van hierdie geleentheid word die Konvokasie-vergadering in die DF Malansentrum gehou. En kom ons wees maar eerlik daaroor: MatiesAlumni het neem sterk standpunt in as dit kom by kwessies oor hul Universiteit. Die Konvokasie-vergadering is die ideale platform waar jy jóú mening kan kom lug. Die vergadering word afgesluit met 'n onthaal - ook in die markiestent.

Haal uit en bring saam!

Die middelste blaaie van hierdie uitgawe van *Matieland* is jou uithaal-en-saambring gids vir die 'BoschFees. Meer inligting is egter beskikbaar by www.matiesalumni.net/boschfees of skakel me Wena van der Merwe by tel. 021 808 4020 or per e-pos by wvdm@sun.ac.za

Welkom aan Pokkel en ons Weldoener!

Spesiaal vir hierdie uitgawe van *Matieland* het MatiesAlumnus Tinus de Bruyn, 'n oudstudent van die Departement Beeldende Kunste (vandag Visuele Kunste), 'n strokiesprent geteken om saam te val met 'n spesiale fokus op die Departement Visuele Kunste en dié se nuwe Sentrum vir the Strokies, Illustratiewe- en Boekkuns.

Nou ja, wat betref "Pokkel en Ons Weldoener", teken ek sommer by voorbaat apologie aan aan die oorspronklike samestellers van die drie dinge wat kwansuis van jou 'n ware Matie maak: om jou ou of meisie in die Laan te soen, om 'n vak te sleep en dat daar 'n akker op jou kop moet val!

Ons hoofartikel in hierdie uitgawe handel oor Ntsiki Biyela. Nie net is sy die Universiteit se eerste swart vrouewynmaker nie, maar is sy vanjaar deur *Landbouweekblad* aangewys as Vrouewynmaker van die Jaar. Baie geluk Ntsiki!

Lekker lees!

Martin Viljoen



briewe letters

Ons luister!

Dankie, weereens, vir 'n mooi klompie briewe! Die menings van MatiesAlumni speel 'n baie groot rol in die sukses van *Matieland*.

Hierdie keer se wenbriewe is geskryf deur JC Pieterse van Heidelberg in Gauteng en Hennie Möller van Bellville. Hou die posbus dop vir jul geskenke!

JC en vir Hennie ontvang elkeen 'n MatiesAlumni "sweater" (ons hoop dis die regte grootte!), die boek *Rich mind, Rich man* deur Coert Coetsee én 'n geskenkpak wyn.

Die sweater is met die komplimente van die Matie Winkel. Skakel Linda Meyer by tel 021 886 8853 of stuur epos na matiewinkel@adept.co.za vir meer inligting oor alumni-items en die alumni-das wat nou weer in voorraad is.

AFRICAN SUN MeDIA, geïntegreerde inhoudsbestuurder en spesialis-verskaffer van uitgewers- en drukdienste vir hoër onderwys en die privaat sektor het die boekpryse geskenk. Kontak Justa Niemand by Tel. 021 808 2401, of per e-pos by africansunmedia@sun.ac.za of sien www.africansunmedia.co.za en die webwinkel by www.sun-e-shop.co.za.

Universiteit wynreeks nou te koop!

Die Departement Wingerd- en Wynkunde se Welgevallen Kelder het vir die eerste keer wyn onder die Universiteit Stellenbosch se naam gemaak. Dit is te koop onder die handelsname "Maties" en "Die Laan". Laasgenoemde bestaan uit die Cape Blend rooiwyn, 'n Pinotage en 'n Viognier witwyn. Die "Maties Rooi Versnit" sal 'n tuiste in veral studentegeledere vind. Pryse wissel tussen R55 en R65 vir "Die Laan" en R30 vir "Maties".

- Stuur 'n e-pos na winesales@sun.ac.za of skakel 021 808 2022.

wenbrief

ONDERRIG IS DIE GROOTSTE BELEGGING IN JOUSELF

JC Pieterse, Heidelberg (Gauteng)

Ek het in Desember 2008 gegradueer met 'n "BMil in Security and African Studies". Ek was 'n afstandsonderrig-student van 2003 tot 2008 en glo my dit was nie maklik nie.

Ek het tydens my studies 2 dogters ryker geword wat dus my jare as student soveel interessanter gemaak het.

Ek wil graag Matieland bedank vir die motivering net voor my eindeksamen, dit het werklik gehelp.

Aan Maties stuur ek 'n boodskap van hoop. Dit maak nie saak hoe swaar dit mag wees om te leer nie, of in watter omstandighede jy jouself mag bevind nie, jou onderrig is die grootste belegging in jouself. Maak nie saak hoe swak die wêreld ekonomie is nie, niemand kan jou kennis wegneem nie!

wenbrief

DANKIE, MNR JOHNMAN!

Hennie (H.F.) Möller, Bellville

Briewe van oud-Maties laat 'n mens ver terugdink. "My English Special Struggle" het in 1944 begin toe ek as kaalvoet plaasjapie op Stellenbosch aangekom het en die BComm-kursus aandurf het.

Met my Afrikaanse agtergrond was "English Special" my voorland ter voorbereiding op 'n handelsloopbaan. Einde 1946 het ek die vereiste vakkursusse geslaag met uitsondering van "English Spec". Wat toe? Leen nog 'n bietjie geld en bevind myself begin 1947 terug in Matieland.

Met my inskrywing kom ek te staan voor mnr Johnman, Voorsitter van die Departement Engels. Hy neem my inskrywingsvorm, kyk vraend op na my: "Do you enroll for English only"? Ek sê "Yes sir". Hy stel voor dat ek weekliks 'n essay van my eie keuse by hom kan inlewer en soveel Engelse klasse as moontlik bywoon. Later was dit minstens tien klasse per week plus die essay, wat ek teruggekry het met sy kommentaar in rooi.

Oor 'n langnaweek by my ouerhuis op Porterville, kry ek 'n boekie met 'n "short essay" waaruit ek "Modern Farming in America" oorskryf en 'n paar keer verwerk en aanpas en by mnr Johnman ingee onder die titel "Modern Farming in South Africa". Mnr Johnman se kommentaar was: "If this is your work, it shows great improvement!"

Met Junie-hereksamen was een van die essay-onderwerpe (my) "Modern Farming in South Africa". Met 'n beter klas- en slaagsyfer het ek my BComm-graad verwerf.

Jare later het *Die Burger*, na mnr Johnman se dood, 'n volle blad aan hom gewy en berig oor sy eg-menslikheid en sosiale en kulturele bedrywighede op Stellenbosch. Met weemoed het ek teruggedink aan dié besondere mens wat ek nooit werklik leer ken het nie en vir wie ek nooit gaan dankie sê het nie.

wenbrief

Stuur só jou brief

Matieland verwelkom graag briewe van oudstudente, maar versoek weer vriendelik dat dit nie langer as 200 woorde moet wees nie! Skryf aan: Die Redakteur: Matieland, Afdeling Kommunikasie en Skakeling, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, Matieland, 7602. Briewe kan ook gefaks word na 021 808 3800 of per e-pos gestuur word na media@sun.ac.za

ONS WAS OOK BYE!

Etienne en Marie (née Smit) Roux, Strand

Ek verwys na die briewe: van mev Nicolene Rous oor die "bye" van die juniordag van 1948, en mnr Jan du Preez in die jongste uitgawe.

Ek en my vrou was in 1948 eerstejaars, dus in 1949 juniors. Ons eien albei die eerste meisie van links in die ry "bye" as Lieta Jordaan, wat saam met ons LO "geswot" het. Ons was saam met haar lede van die "byekoor". Ons juniorkaptein was Ben Heyns en hy en Butch Locher, bekende Springbokvoorspeler, en oorlede Lourens de Jongh het op drie perde die optog deur die strate gelei. Ons "queen" was Betsie Odendaal.

Ons was 7 meisies en 8 mans in die eerstejaarklas.

Bekende tydgenote, was Jack Wells, Springbokgimnas, Myburgh Streicher, politikus, Ken Watson, WP vleuel, Frikkie Thiart, Whitey van Vuuren, Beatrice Wiid, en nog baie ander.

Die personeel het bestaan uit dr Craven as hoof, die drie Nederlanders: dr Postma, mnr Weiffering en mnr Jan Kelder, mnr Hans van der Merwe, mev Robra, mev Postma, mej Isabel Nel en later Beatrice Wiid, mej Ann Ross uit Amerika het ook 'n tyd lank swem onderrig en "patroonswem (synchronized swimming) bekend gestel.

Ons kleredrag was vir ons mans: langbroek met baadjie en das vir ons klasse in die dorp, dws die akademiese vakke en gimnastieklere met 'n swartpak op koue dae vir klasse op Coetzenburg. Terloops, ons glo ons was die eerste studente wat sweetpakke op Stellenbosch gedra het. Die meisies het 'n rok en sandale gedra - volgens die mode van die tyd.

Jy moes gou stort en aantrek en jaag om betyds in die Hollandse saal te wees voor prof Fransie Malherbe met sy lesing oor Nederlandse poësie begin. Dikwels 'n minuut of so laat en dan insluip sonder dat hy jou sien.

MatiesAlumni is welkom om die Roux's te kontak by Tel. 021 8534798. Red.

MATIELANDER BY ASSOCIATION!

Denzil S. McGlashan, Fourways

I am a Matielander by association and it is with great interest that I have been reading all the correspondence about the pro's and cons of a printed magazine vs an e-version. Despite all the benefits of costs, environment etc I must admit my preference would be with the hardcopy voters - it is just so much nicer to be able to relax in a chair, on the lawn, or where-ever and pick up a magazine and put it down at will. If it is going to cost an extra R50 p.a., so be it.

However, the tremendous cost cannot be ignored, and neither can the impact on the environment be ignored. It is important, though, not to lose sight of the fact that many of the raw materials that go into making paper are, in fact, sustainable (trees are replanted) and recyclable and that many, many jobs are created and sustained by the whole process of producing a finished product. All of this obviously has benefits for individuals, families and the economy of the country as a whole directly and indirectly.

Keep up the good work. God bless you all.

DANKIE, VIR DIE MOOI HERINNERINGE

Jannie en Henriëtte Malan, Jeffreysbaai

Dis lekker om 'n Matie te is, te is, te was...

Kan dit wees dat dit al so baie jare gelede is dat ons op ons fietse, (myne met nommerplaat 9093 en al) Victoriastraat op en af na klasse toe gery het. Ai, kosbare en aangename herinneringe.

Die blad *Matieland* is vir ons baie, baie kosbaar en noodsaaklik. Baie dankie daarvoor. Ons sien uit na elke uitgawe en waardeer die nuwe ontwikkelinge. In Memoriam - hoe baie van ons tydgenote leer ons weer deur herinnering herken.

DÍS WAAR DIE NAME MATIES EN IKEYS VANDAAN KOM

Rika Garlick (née Steyn), Welgelegen

My pa, Cecil Steyn, wat in 1910-1912 kaptein was van S.A.C. (South African College - later Universiteit van Kaapstad) se rugbyspan het vir my vertel hoe die twee byname ontstaan het.

In 1911 is daar besluit om elke jaar 'n wedstryd tussen dié twee rugbyspanne te reël.

'n Vergadering is belê met drie WP Rugbyunies, drie S.A.C. en drie Victoria Kollege-verteenwoordigers. Die voorsitter was L.B. Smuts, "Oubaas" Markötter, die verteenwoordiger van Stellenbosch en Cecil Steyn een van die verteenwoordigers van Victoria Kollege. Daar is toe besluit dat daar nie vir 'n beker of 'n trofee gespeel sou word nie en dat alle spelers bona fide-studente moet wees.

Op 31 Mei 1911 was die groot dag toe die eerste Interkollege - later Intervarsity - op Nuweland plaasgevind het. S.A.C. het daardie dag gewen. Die Stellenbossers het in daardie jare altyd mekaar as 'ou Maat" of "ou Matie" aangespreek en vanaf daardie eerste Interkollege was hulle as Maties bekend.

Die Stellenbossers het gou agtergekom hoe baie Jode in S.A.C. was en ook vanweë die feit dat Ike 'n algemene Joodse naam was, was dit dus vanselfsprekend dat hulle as Ikeys aangespreek was.

1959 WAS 'N GROOT SOKKERJAAR

Klaus Linow, Windhoek, Namibië

Presies 50 jaar gelede, September 1959, het ons Matie-eerste-sokkerspan iets bereik wat nooit vantevore of daarna geëwenaar is nie. Maties klop Bellville op Coetzenburg met 5 - 3, eindig daardeur bo-aan die punteleer van die WP Tweedeliga en verkry daarmee promosie na die WP Eersteliga vir die 1960 sokkerseisoen!

Bekendes wat ná die wedstryd die gelukoorstelpte span geluk gewens het, was onder andere dr Danie Craven en die destydse dosente mnre Wieffering (president) en Jan Kelder (fotograaf en hokkie-entoesias).

Ongelukkig het van die spanlede einde 1959 Stellenbosch verlaat na voltooiing van hul studies, sodat die verswakte span nie die mas kon opkom teen die sterk spanne van die amateur WP Eersteliga nie en is aan die einde van 1960 weer na die Tweedeliga gerelegeer.

Ons as die spanlede van 1959 dink steeds met trots en mooi herinneringe terug aan daardie tyd op Stellenbosch met sy pragtige sokkerveld onmiddellik langs (wes) van die "Jokl-gebou" (LO), soos dit destyds bekend was.

Die destydse span en hul ondersteuners het feitlik uitsluitlik uit Duitssprekende Suidwesters bestaan, wat op Maties studeer het. Ons het selfs in Simonsberg aan eet-tafel gesit, met Piet Steyn (tans prof Piet Steyn verbonde aan die Departement Chemie en Polimeerwetenskap) saam aan tafel (om Duits te leer praat!) - 'n goeie vriend en klasmaat.

By die Coetzenburg sportkantoor was mnre Johnny Meiring en Jannie Krige steeds baie tegemoetkomend en behulpsaam met die organisasie, reëlings met wedstryde, vervoer, fasiliteite, ens.

SO ONTHOU ONS VIR CHRIS MOLLER

Eric Bernardo, Wellington

Ek lees met leedwese in *Matieland* (2008:2) van die groot aantal oud-Helderbergers wat ons onlangs ontval het. Die Republiek eer hul nagedagtenis.

Daar kon miskien meer gesê gewees het van Christoffel Moller wat beter bekend gestaan het as Chris Moller, die rugby-kommentator.

Hy was die afgelope jare 'n staatmaker in die kommentatorspan van Supersport en sy sterk stem sal sekerlik gemis word.

Terloops, indien ek reg onthou, het hy ook kort na sy studies in die hoedanigheid as fotograaf en verslaggewer vir Eikestadnuus gewerk en Stellenbosch ook op daardie manier gedien.

Sy entoesiasme vir sport en sy heimat, Suidwes/Namibië was aansteeklik. Hy het ook sy bydrae tot die ontwikkeling van rugby in Namibië gelewer. Chris Moller was 'n netjiese en voorbeeldige ambassadeur van die Republiek van Helderberg en van sy alma mater.





EK MIS STELLENBOSCH!

Pieter Roelofse, Olympia, WA, VSA

Ek mis Stellenbosch baie - die eikebome, die ou historiese geboue en my ou vriende in Dagbreek.

14 jaar nadat ek Stellenbosch verlaat het en 9 jaar nadat ek Suid-Afrika verlaat het, bevind ek my in die hoofstad van Washington Staat, Olympia, in die VSA.

Ek het my 4 jaar op Stellenbosch geweldig geniet en wat ek nooit sal vergeet nie. Ek was 'n eerstejaar meganiese ingenieurswese student in 1992, vars uit die hoërskool in Port Elizabeth en ernstig om my lewenslange droom om 'n lugvaartkundige ingenieur te word te realiseer. Dit was 4 moeilike jare, maar dit was goeie jare. Alhoewel ek nie my graad op Stellenbosch voltooi het nie, dink ek gereeld aan my vriende op Stellenbosch wat my persoonlikheid help vorm het en my gehelp het om "outside the box"' te dink en my nuwe idees gegee het om my drome te realiseer.

Ek behou nog kontak met 'n handvol van my ou vriende wat nou oral oor die wêreld versprei is. Jaco Serdyn my ou kamermaat van vier jaar, Kristiaan Schreve en Michiel Ferreira, my drie beste vriende. Ek mis julle baie...

Ek het 'n paar jaar lank vir Boeing in Seattle gewerk as 'n ontwerptegnikus. Dit was so na aan my droom as wat ek nog ooit kon verbeel, voor die ondergang van die Amerikaanse ekonomie.

Sedertdien werk ek vir die Federale Reserwe Bank in Seattle as 'n produksiekoördineerder onderwyl ek aan 'n graad in Rekenaar Ondersteunde Ontwerp werk.

Ek het my vrou Jennifer op die Internet ontmoet. Ons is 3 jaar later getroud nadat ek 'n jaar lank in Londen gewerk het. Sy is 'n gebore "California girl" en saam het ons 'n woelige 6-jarige dogter, Charlize (vernoem na Charlize Theron wat Suid-Afrika se eerste Oscar gewen het). Sy sal in graad een wees in September.

My stokperdjies sluit in fotografie, rekenaarnetwerke, boogskiet, musiek, fiksheid, Formule 1 motorwedrenne (Ferrari!) en tennis.

Skryf aan Pieter by tomcatz2@hotmail.com

HALLO FROM DOWN UNDER

Bruce Hanlo, Kellyville, Sydney, Australia

I completed my BComm at Stellenbosch in 1995 before getting married and travelling overseas to the UK to complete a CIMA (Chartered Institute of Management Accountants) qualification in 2000.

After 8 years working around London, I was offered the opportunity to relocate to Sydney, Australia, to develop Nortel's financial reporting systems for their Asia region there. This happened at the same time as the birth of my first child! Now we have 2 children and our first starts school in 2010.

I met my wife at Stellenbosch, so it has always been a special place for both of us. In researching for our new business, it dawned on me that all the educational institutions I attended had a common oak tree theme in their emblems. So we will be planting them wherever we can on the farm.

We are looking forward to bringing our children to Stellenbosch when we tour South Africa next year for the football world cup.

LIG 'STIL KAMPIOENE' SE ROL OOK UIT!

Van der Spuy Brink, Faerie Glen, Pretoria

Om weer na 30 jaar by die US as gasdosent betrokke te wees, bring waardevolle perspektiewe. Soveel het verander, maar ook so min. Die studente is steeds mense wat deur die oorgang van kind tot grootmens begelei word. Steeds onsekerheid met dieselfde bietjie bravade en toets van grense.

Sou ons vir die enkelinge wat reeds goue bekers het, nog gee, dan maak ons weinig verskil aan ons land. Indien 'n aantal "derde span spelers" begelei word tot "tweede span" standaard, juis dan maak ons die reuse verskil.

Dit is dalk dit die universiteit se enkele grootste rol.

Die rol word meestal vervul deur onbesonge helde wat ware mentors is en hulle werk met oorgawe doen en altyd beskikbaar is vir studente.

Daar is pragtige artikels in die Matieland wat fokus op prestasies. Dit sou ook wonderlik wees om ook oor die stil kampioene te lees en hulle so as rolmodelle uitlig.

(Mnr Brink is mede-organiseerder van entrepreneursdae vir Matie-studente. Red.)

MATIE LAND

Die Universiteit se oudstudente en donateurs ontvang *Matieland* gratis.

REDAKTEUR
Martin Viljoen

REDAKSIEKANTOOR
Kommunikasie en Skakeling
Universiteit Stellenbosch
Privaat Sak XI
Matieland 7602
Tel (021) 808 4921
Faks (021) 808 3800,
E-pos: media@sun.ac.za

SIRKULASIE
Malena Fourie
Stellenbosch Stigting
Privaat Sak XI
Matieland 7602
Tel. (021) 808 4843
Faks (021) 808 3026
E-pos: alumni@sun.ac.za

Gepubliseer sedert 1957
Jaargang 52 02:2009
ISSN 0025 5947

ONTWERP EN UITLEG
Out of the Blue Creative
Communication Solutions
Tel. (021) 947 3508
www.outoftheblue.co.za

DRUK
Paarl Print

Matieland is mailed free of charge to the University's alumni and donors.

EDITOR
Martin Viljoen

EDITORIAL OFFICE
Communication and Liaison
Private Bag XI
Stellenbosch University
Matieland 7602
Tel (021) 808 4921
Fax (021) 808 3800
E-mail: media@sun.ac.za

CIRCULATION
Malena Fourie
Stellenbosch Foundation
Private Bag XI
Matieland 7602
Tel (021) 808-4843
Fax (021) 808-3026
E-mail: alumni@sun.ac.za

Published since 1957
Year 52 02:2009
ISSN 0025 5947

DESIGN AND LAYOUT
Out of the Blue Creative
Communication Solutions
Tel. (021) 947 3508
www.outoftheblue.co.za

PRINTING
Paarl Print

Menings uitgespreek in *Matieland* is nie noodwendig dié van die redakteur of die Universiteit Stellenbosch nie.

Viewpoints expressed in *Matieland* are not necessarily that of the editor or Stellenbosch University.

Education with fun

spells innovation with success!

Diketo, a popular children's game played in townships, was the inspiration behind an innovative project by entrepreneur and Maties visual communication student, Ntibile Zonke.

Originally part of an academic project, Ntibile's design was chosen by his lecturers to serve as an entry for the prestigious SABS Design Achievers competition. Ntibile entered and walked away with first prize.

For the competition, Ntibile adjusted and revised diketo (the game is played by throwing stones upwards while trying to gather stones in a ring on the ground) by adding learning cards and making the game educational. The cards hold information about various topics that children in townships encounter or need more information about, such as health and social issues.

He also worked with children in Kayamandi in Stellenbosch to test his game, which he now calls Upuca. The game is marketed under the slogan 'education is fun'. For the packaging he used materials from the townships, like plastic and fabric.

Besides the educational value of the projects, Ntibile also uses his design to introduce the game to a larger audience.

"Winning the competition opened doors for me and gave me the opportunity to meet people in the industry. It also enabled met to go Hungary for a design workshop."

Zonke's dream for his game is to get children playing traditional games again. "If my wish for the game could be implemented, the children could play traditional games and be proud of them."

Ntibile Zonke with his SABS Design Achievers Award

Groot uitdagings wag op nuwe Studenteraad

Nuwe studenteleiers. Neil de Kock en Gerhard Wiese. Foto: Anton Jordaan (SSFD)

Die groter integrasie van privaatstudente met kampusaktiwiteite en om die Studenteraad werklik as verteenwoordigende liggaam vir alle Maties te vestig.

Dit is maar enkele van die uitdagings wat op die 2009/2010 Studenteraad wag.

Aan die stuur van sake staan Gerhard Wiese, 'n BRek LLB-student van Port Elizabeth. Die Ondervoorsitter is Neil de Kock van Vanwyksvlei in die Noord-Kaap - vanjaar 'n opvoedkunde-student nadat hy verlede jaar sy honneursgraad in Biochemie verwerf het. Neil, wat ook voorsitter is van die Akademiese Belangeraad, beplan om in 2010 nagraads in die chemie te studeer.

Volgens Gerhard beplan hulle om die vele uitdagings die hoof te bied deur 'n kultuur van gesprekvoering op kampus te vestig en om meer effektiewe bemarkingsmetodes daar te stel. "Die suksesvolle hantering van uitdagings lê egter ook in die manier hóé dit hanteer word."

Op sy beurt wil Neil graag die gaping tussen akademiese en leefruimtes vernou.

Maties kraai koning in wynproe-intervarsity

Die eerste Backsberg Vino Varsity wynproekompetisie is onlangs tussen die oudste twee universiteite in die land, die universiteite van Stellenbosch (US) en Kaapstad (UK), gehou. Ná 'n titaniese stryd, waarin die twee spanne nie net op grond van wynproevaardighede nie, maar ook wat betref algemene kennis én debatvaardighede beoordeel is, was dit die Matie Magnums (onder leiding van kaptein Drew Chigorimbo) wat die Ikey Ice-Buckets geklop het.

In die debat-afdeling moes die Maties die beoordelaars, mnre Simon Back van Backsberg en Emile Joubert, wat die Varsity-wynproekompetisie geïnisieer het, van die geldigheid van vanjaar se vieringe rakende die 350ste bestaansjaar van die Suid-Afrikaanse wynbedryf oortuig.

"Ons het 'n week voor die tyd begin oefen, maar van ons het gelukkig jare se ondervinding," sê spanlid en nuut verkose voorsitter van die US Wynkultuurvereniging, Neil Bent.

Natuurlik is die trofee met wyn gevul en op die Maties se sukses geklink. "Volgende jaar neem ons weer deel en ons beplan natuurlik om weer te wen!" sê Neil.

RAG raised record amount

- now to be beaten by 'Technicolour'

The 2008/2009 RAG exceeded expectations as a record sum of R1.4 million had been raised - and this in spite of the economic downturn.

According Ms Jill Galliet, Manager: Maties RAG, the record will be a challenge to beat next year.

Set to be colourful and playful is the RAG theme for 2010, "Technicolour.co.za".

According to Dewet Burger, RAG Chairperson for 2009/2010, the 'colour' refers to the diversity of South Africa and the 'co.za' domain, limits the concept to the country. He added that the committee wish to expand on the 'rainbow nation'- idea and that they want to commit themselves to the promotion of the Soccer World Cup. "We have several marketing ideas involving the residences we are also on the lookout for sponsors to help us steer those ideas."

A big cheque! Here are Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor; Ms Jill Galliet, Manager: RAG; Mr Llewellyn MacMaster, Student Dean; Ms Lara de la Rey, RAG Chairperson 2008/2009; Mr Dewet Burger, RAG Chairperson 2009/2010; Ms Lydia Burger of Maties Community Service; Prof Arnold van Zyl, Vice-Rector: Research; Prof Julian Smith, Vice-Rector: Community Interaction and Personnel and Prof Magda Fourie, Vice-Rector: Teaching

'Probleme' bring roem vir US

Vier Maties, Melissa Munnik, Herman Schaaf, Ralf Kistner en Dirk-B Coetzee, het verskeie universiteitspanne uitoorlê om vanjaar die gesogte Standard Bank IT Challenge te wen.

Die doel van die kompetisie is om 'n bewustheid onder studente te kweek wat informasietegnologie-poste in die banksektor betref.

In die nasionale rondte van die kompetisie word elke deelnemende universiteit deur vier studente verteenwoordig wat ingewikkelde kopkrappers moet probeer oplos.

Die Maties het die meeste van die probleme kafgedraf en is as kampioene gekroon nadat hulle die afgelope twee jaar met tweede plekke tevrede moes wees. Ook het elke spanlid 'n skootrekenaar ontvang en saam meer as R150 000 vir die Universiteit ingebring.

Om 'probleemoplossers' te probeer kweek en te ontgin, het mnr Steve Kroon, IT-dosent, 'n e-poslys vir belangstellendes in probleemoplossingskompetisies begin en hy reël ook geleenthede waar die kuns van probleemoplossing bespreek word.

Wenners! Herman Schaaf, Ralf Kistner, Melissa Munnik, Dirk-B Coetzee, en Steve Kroon.

Francie en Pieke
vanjaar se Sêr-wenners

Pieke Mans Sêr

Maties se Serenadekompetisie, beter bekend as 'Sêr', bly gewild. Selfs so dat dit nou al tradisie is dat studente in die Neelsie slaap in die hoop om kaartjies vir die eindstryd te bekom.

Vanjaar se plaaslike wenners was Pieke Mans Sêr (oftewel PMS soos die groep bekendstaan) en Huis Francie van Zijl op die Tygerberg-kampus.

Dié oorwinning het aan die twee groepe 'n treinkaartjie na Johannesburg besorg waar die nasionale kompetisie by die Universiteit van Johannesburg gehou is. Hier het Pieke én Huis Francie tweede gekom, maar Maties met groot lof verteenwoordig.

In die Goudstad het PMS 'n tweede plek in die mans-afdeling vir 'Beste Selfgeskrewe Stuk' en derde plek vir 'Beste Voorgeskrewe Verwerking' behaal.

PMS se sêrafrigter van die afgelope drie jaar, Morné Giani, skryf hul sukses toe aan "commitment, gees, harde werk, baie oefen, broederskap en fun".

In die vroue-afdeling het Huis Francie nasionaal derde in die 'Beste Selfgeskrewe'-kategorie geëindig. "Die entoesiasme was aansteeklik, en ons span het hegter gebind - nie net as sêrgroep nie, maar ook as werklike vriendinne," sê Huis Francie se Huiskomiteelid vir Sêr, Inge du Plessis.

Stellenbosch speel volgende jaar gasheer vir die nasionale kompetisie.

Viermanskap
wen weer ontwerp-kompetisie

"Laat aande se suffer in FIRGA én baie grappies." So beskryf Thinus Ras, lid van 'n Maties-ingenieurspan wat onlangs 'n nasionale ontwerp-kompetisie gewen het, hul geheim vir sukses.

Dié viermanskap het die tweede nasionale Pneudrive Challenge gewen. Dit is ook die tweede keer dat die Maties spanne van sewe ander universiteite die loef afsteek. Die kompetisie is deur twee Europese maatskappye Festo en SEW Eurodrive (wat onderskeidelik in lugtoerusting en elektriese motors spesialiseer) geskep en geborg.

Ras en sy spanmaats se ontwerp maak voorsiening daarvoor dat 'n robot groot glasblaaie skuins sou kon optel, horisontaal en vertikaal laat beweeg en dan plat op 'n tafel neersit.

As prys vir hul ontwerp gaan die span Duitse nywerhede en besighede in die ingenieursbedryf besoek. Verder het die borge toerusting en parte ter waarde van R100 000 aan die Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese geskenk. Prof Anton Basson, departementele voorsitter, beskou dié bonus as baie waardevol omdat finalejaarstudente dit vir skripsie-projekte gebruik.

Nerina klop manskoshuise in trapkarre

Nerina Vrouekoshuis is as 'Algehele Wenner: Koshuise' in vanjaar se Trapkarresies aangewys. Bygesê dit was nadat manskoshuise soos Wilgenhof, Simonsberg en Dagbreek se karre onklaar geraak het!

Dié jaarlikse uitmergelende resies om 'n hindernisbaan om die Neelsie, bestaan uit twee afdelings - 'n uithourit om te bepaal wie die meeste rondtes in drie ure kan voltooi en 'n spoedrit van ses rondtes.

Die Lambda-span, bestaande uit 'n klompie oud-studente en 'n dosent van Ingenieurswese en die Meganiese en Megatroniese junior span is as gesamentlike wenners in die uithouritkompetisie aangewys terwyl Lambda ook die spoed-titel ingepalm het.

Die kompetisie word deur die Ingenieurswese Studenteraad aangebied.

Lambda in volle vaart!

US-brousel
vanjaar topklas

Die Maties het vanjaar die Tukkies as kampioen van die interuniversitêre mini-bierbroukompetisie onttroon. Agt universiteite (insluitend een van Kalifornië) het verskillende biere vir beoordeling by dié kompetisie by die Universiteit van Pretoria aangebied.

Die Maties se Weiss bier het 'n derde plek in die spesialiskategorie ontvang en hul Schwartz Bier 'n tweede plek in die lagerkategorie.

Die Stellenbossers is egter as die wenners in die ale-kategorie aangewys en het ook die Ben Lamaletie-IBD Legend-wisseltrofee vir die 'Beste Bier' en ontvang en is ook aangewys as die 2009-wenners.

Stellenbosch to be node of *Pan-African* University

Welcome in Stellenbosch! Prof Jean-Pierre Ezin, Commissioner in charge of Human Resources, Science and Technology of the AUC; Prof Arnold van Zyl, Vice-Rector: Research and Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor.

Plans are underway to establish one of the five nodes of the envisaged Pan-African University (PAU) at Stellenbosch University, with a specific focus on space sciences and technology.

This follows a high-level visit by representatives from the African Union Commission (AUC), which included Prof Jean-Pierre Ezin, Commissioner in charge of Human Resources, Science and Technology (HRST) of the AUC. Their visit built on an earlier visit by a task team of the AUC and NEPAD's Office of Science and Technology.

The PAU is currently in concept phase and requires final ratification by the next Conference of Ministers of Education of the African Union (COMEDAF-IV) at the end of 2009.

During discussions with representatives from the Department of Electrical and Electronic Engineering and the Department of Geography and Environmental Studies, the Commissioner revealed the intention to enrol up to 100 postgraduate students in Space Science as of 2010.

US-direkteur lei **internasionale biblioteekwese**

Me Ellen Tise, Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens aan die US, het die eerste Suid-Afrikaner geword om die rol van President van die International Federation of Library Associations (IFLA) te vul.

Die IFLA-presidentskap is die hoogste amp wat 'n professionele persoon binne die biblioteek- en inligtingsdiensomgewing kan bereik.

Haar presidensiële tema, getiteld "Libraries driving access to knowledge", fokus spesifiek op kliënte-oriëntering, die biblioteek as plek, die rol van biblioteke in gemeenskapsinklusiwiteit en die behoefte aan sterk vennootskappe.

Benewens die verteenwoordiging van IFLA by internasionale geleenthede in onder meer China en Indië, sal me Tise ook tydens haar ampstermyn die geleentheid kry om die biblioteek- en inligtingsektor in Suid-Afrika en ander Afrika-lande onder die aandag van 'n internasionale gehoor te bring.

Woordfees se Nuusfees bied heelwat **pitkos**

By die eerste nuusfees was me Shané Kleyn; me Adré van Rooyen van Distell, amptelike borg van die Nuusfees; me Leonore Bredenkamp; prof Amanda Gouws, 'n spreker by die geleentheid; prof Dorothea van Zyl, Direkteur van die Woordfees; en mnr Eduard Rosenstrauch, Projekbestuurder van die Woordfees.

Groen kampusse, Bybelvertaling, die jongste deurbrake op die gebied van bors-chirurgie, Darwin, DNS en dinosourusse, openbare dienslewering, strokiesprente, energiekwessies, 'n toekomsblik op die Suid-Afrika van 2020 en Stellenbosch se betrokkenheid by die Sokker Wêreldbeker was van die onderwerpe wat deur US-personeel bespreek is by die US Woordfees se eerste Nuusfees.

Dit is in Augustus in samewerking met Distell aangebied, en het aan toonaangewende navorsers die kans gegee om die publiek aan hul werk en idees bloot te stel.

Die gedagte aan so 'n 'oop universiteit' het ontstaan na aanleiding van die interessante onderwerpe waarmee dosente vorendag gekom het tydens gesprekke met radio-omroeper Iris Bester in RSG se Spektrum tydens 'n vorige Woordfees.

Strategy and conflict highlighted with conference

The School for Security and Africa Studies of the Faculty of Military Sciences joined forces with the Faculty of the Royal Danish Defence College in Denmark to host the international conference On Strategy: Strategic theory and contemporary African conflict in Stellenbosch.

The keynote speaker, Prof Beatrix Heuser of Reading University (UK)

It was the first event of its kind in South Africa to focus on the field of strategic theory.

The theory behind fields such as foreign affairs, peace keeping, maritime matters, human security and the International Criminal Court was discussed, as well as perspectives on events in Africa relating to civil-military relations, the US AFRICOM, airpower and humanitarian operations, and the challenges facing African military leaders.

Internasionale kollokwium

bekyk gemengde regstelsels

Die Fakulteit Regsgeleerdheid was onlangs op versoek van twee vooraanstaande internasionale verenigings, naamlik die *International Association of Legal Science* en die *World Society of Mixed Jurisdiction Jurists*, die gasheer vir 'n kollokwium oor sogenaamde gemengde regstelsels.

Hierdie regstelsels, waarvan die Suid-Afrikaanse reg 'n prominente voorbeeld is, word gekenmerk deur 'n diversiteit van verskillende regstradisies.

Die kollokwium het gefokus op die mate waarin gemengde regstelsels as modelle vir regsontwikkeling kan dien, en het die ervarings van vermenging in die Afrikakonteks ondersoek. Klem is gelê op die verhouding tussen tradisioneel Westerse stelsels soos die Romeinsregtelike en Anglo-Amerikaanse stelsels, teenoor die inheemse gewoontereg van Afrika *(customary law)* asook stelsels wat elemente van godsdienstige reg bevat.

UNIVERSITY JOINS PROMINENT WORLDWIDE NETWORK

SU Vice-Rector (Community Interaction and Personnel) Prof Julian Smith and Ms Susan Stroud, Executive Director: Innovations in Civic Participation in the USA, with Community Interaction staff members Prof Rona Newmark of the Department of Educational Psychology, Senior Director: Community Interaction Mr Jerome Slamat and Ms Joanne Williams, Management Information Officer.
(Photo: Anton Jordaan)

Stellenbosch University (SU) has been accepted as a member of the Talloires Network, a prominent international community-university engagement network to which 128 institutions from 49 countries belong.

It was created for and by presidents of institutions of higher learning, following a conference attended by 29 universities in Talloires, France, in 1990.

The Network assists institutions to raise the profile of civic engagement in higher education; share news and information on the field of civic engagement; bolster their civic engagement work through partnering and institutional assessments and planning tools; connect with other administrators, faculty and staff in the network; and engage with students through peer advisors and discussion series.

Perold-wingerdstokkies nog TE KOOP



Mnre Albert Strever en Albertus van Zyl van die Departement Wingerd- en Wynkunde.

Dit is nie te laat vir MatiesAlumni om wingerdstokkies in die Perold-wingerd, geleë op Mostertsdrift, tuiste van die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Studie (STIAS), te 'koop' nie. Dié unieke dorpswingerd, op die hoek van Van Riebeeckweg en Maraisstraat, is na prof Abraham Isak Perold, een van die baanbrekers van die Suid-Afrikaanse wynbedryf, vernoem.

Volgens mnr Albertus van Zyl, 'n tegniese beampte by die Departement Wingerd- en Wynkunde en verantwoordelik vir hierdie unieke dorpswingerd, is die wingerd nie net vir estetiese doeleindes geplant nie, maar gaan ook vir opleidingsdoeleindes gebruik word en om 'n bydrae tot die gemeenskap te lewer. "Die idee is dat die wingerd ook as 'n model vir gemeenskapsinteraksie by die Universiteit dien," het hy gesê.

"Deur 'n stokkie te borg kan Alumni nie net aanspraak maak op die eerste wyn van die wingerd nie, maar steun hulle ook die wingerd se gemeenskapsinteraksie-inisiatiewe."

Sowat 'n duisend stokkies is tydens die openingsgeleentheid in Oktober 2008 geplant.

Die wingerd behoort sy eerste oes oor sowat twee jaar te pars en sal na verwagting sowat 5 000 liter wyn lewer.

- **Kontak mnr Albertus van Zyl by tel. 021 808 3296 of per e-pos by ajvz@sun.ac.za vir meer inligting of om 'n prospektus te bekom. Kopers se name word op 'n plaatjie naby die betrokke wingerdstokke aangebring.**

Wetenskapekspo vier dekade van betrokkenheid

Die Stellenbosch-streekskompetisie van die Eskom Expo vir Jong Wetenskaplikes inspireer die afgelope tien jaar reeds Graad 7 tot 12 leerders van die Boland, Weskus, Swartland en Overberg om hul lyf wetenskaplike te hou.

Dit word sedert 2000 suksesvol deur die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Natuurwetenskappe en die Instituut vir Wiskunde- en Wetenskaponderwys (IWWOUS) in die Fakulteit Opvoedkunde aangebied.

"Expo is 'n internasionaal erkende organisasie wat leerders aanmoedig om navorsing te doen," vertel hooforganiseerder Erika Hoffman van IWWOUS. "Hulle leer om probleme te identifiseer, hipoteses te formuleer, data te versamel, afleidings te maak en hul bevindinge effektief aan andere te vertel.

"Hierdie samekoms van jong wetenskaplikes in ons streek bewys elke jaar vir my dat ons land 'n blink toekoms het," sê sy. "Die 350 leerders wat vanjaar ingeskryf het, was kundig oor hulle onderwerpe en het vol selfvertroue hulle bevindings vertel aan die 110 beoordelaars, wat personeellede van regoor die US en opvoeders ingesluit het."

"Ons aanvanklik mikpunt was om net 'n goeie streekskompetisie aan te bied," onthou me Anneke Muller, ook van IWWOUS, die eerste byeenkoms waarby slegs 'n handvol skole betrokke was. "Vandat wetenskaplike navorsing en projekwerk egter deel van die nasionale skoolkurrikulum geword het, lei IWWOUS ook jaarliks groepe onderwysers en hul leerders op om stap-vir-stap navorsing te doen."

"Dit bied nou 'n platform vir leerders om die navorsingsprojekte wat hulle vir skooldoeleindes moet doen, uit te stal," glo sy. "Expo-deelname is deesdae 'n natuurlike uitvloeisel van wat in skole gedoen word en kan nie meer as iets 'ekstra' buite die kurrikulm gesien word nie."

Deelnemers het saam verjaarsdagkersies help doodblaas ter viering van die 10de Stellenbosch streekskompetisie van die Eskom Expo vir Jong Wetenskaplikes. Hulle is gehelp deur me Priscilla Moodley, nasionale voorsitter van Eskom Expo vir Jong Wetenskaplikes, Stellenbosch Expo organiseerder me Erika Hoffman van IWWOUS, prof Magda Fourie, viserektor: onderrig van die US en IWWOUS direkteur dr Kosie Smit. Foto: Engela Duvenage

Ntsiki se ster skyn *helder*

deur Wanda Augustyn
foto's: iPhotographic



"Dis regtig nie moeilik om 'n wynmaker te wees nie. Dis soos elke ander werk. Jy moet toegewyd en lief wees vir wat jy doen. En ek is."

As groentjie uit die Universiteit wou sy bloot assistent-wynmaker wees toe Dave Lello, eienaar van Stellekaya op Stellenbosch, haar as wynmaker aanstel. Darem met 'n raadgewende konsultant. Maar met die intrapslag het die ster van Stellekaya, Ntsiki Biyela, haar in die diep kant bevind.

"Ek was kraakvars van die universiteitsbanke af, erg geïntimideer en bang. Die beloofde raadgewende konsultant was met verlof en ek alleen in die kelder met 'n paar handgeskrewe notas oor hoe om die wyne te versny, maar ek het my kop gelig, my oë en ore oopgehou en elke dag bietjie vir bietjie geleer." Só vertel Suid-Afrika se eerste swart vrouewynmaker wat ook onlangs deur *Landbouweekblad* as Vrouewynmaker van die Jaar gekroon is. En hoewel sy vandag haar wynpaadjie met 'n huppel bewandel, was daar heelwat dorings en distels oor dié pad gestrooi.

Dié vrou het oemf. Talent en deursettingsvermoë ook. En 'n heerlike sin vir humor. G'n wonder haar ster skitter deesdae nie slegs in die "Tuiste van sterre" nie, maar sommer blink en borrelend aan die Suid-Afrikaanse hemelruim.

Sy groet my uitasem net ná agt op 'n Woensdagoggend voor die kelder aan die voet van Papegaaiberg in jeans, 'n bruin v-nektrui en wit en grys tekkies. Met 'n bossie sleutels, 'n haardroër en pen in haar hand is sy onmiddellik op soek na koffie. "Kom, kom ek wys jou die kelder," nooi sy terwyl sy lag, beduie en sonder ophou praat.

Nontsikelelo is 'n gebore en getoë KwaZulu-Nataller. Sy't in 1996 by Hoërskool Maglabathini gematrikuleer, en haar Natuur- en Skeikundepunte het veral beïndruk. Sy wou haar graag in die ingenieursbedryf begeef, maar ná 'n ontmoeting met wynmaker Jabulani Ntshangase was die koeël deur die kerk. Jabulani het haar gehelp om aansoek te doen vir 'n South African Airways-beurs, waarna sy een van tien swart studente was wat gekies is om met 'n studiebeurs wynkunde aan die Universiteit Stellenbosch te studeer.

"Ek was alleen op die bus op pad Stellenbosch toe en was by Erika-vrouekoshuis ingeskryf." Aanvanklik was haar universiteitsloopbaan 'n eensame affêre met heelwat kultuurskokke en -verskille vir die slim meisie wat Stellenbosch haar nuwe tuiste gemaak het. Dit was nie slegs die wynwêreld wat vir haar vreemd was nie, maar ook die mense, die taal en die omgewing. "Ek was nie juis 'n tipiese student nie. Dinge was vir my bloot anders," vertel die vrou wat glo dat 'n kombinasie van sexy én slim niemand nog ooit skade gedoen het nie.

Maar hoogtepunte was daar wel en ja, sy is soms stout. "Op 'n goeie manier," verseker sy my vinnig, laggend. 'n Insident wat haar bybly is dáárdie dag met 'n plastiekopblaas-swembad in haar studentehuis saam met 'n paar maats, maar verseg om te veel daarop uit brei. En nader aan die hart is Tannie Issie se tere versorging in die koshuis. "Kompleet nes haar eie kinders."

'n Tydelike werk by Delheim, pure volharding en die mense wat sy tydens haar wynstudies ontmoet het, het alles bygedra tot die bot van 'n liefde vir die produk van die druif. Nadat sy in 2003 haar graad ontvang het, het sy by Stellekaya as wynmaker begin. Dis by dié privaat kelder waar sy haar vandag ten volle uitleef in die wynomgewing, hoewel huis vir haar altyd in KwaZulu-Natal sal wees. Die klein en intieme kelder-opset het haar soos 'n handskoen gepas.

Die beloofde raadgewende konsultant was met verlof en ek alleen in die kelder met 'n paar handgeskrewe notas oor hoe om die wyne te versny ...

"In 'n klein kelder is jy betrokke by elke aspek van die wynmaakproses – van die wingerd reg deur bottelering tot in die proelokaal. My baas, Dave Lello, en sy vrou, Jane, is wonderlik. Ek het absolute vryheid om my werk te doen. En dit plaas indirek eintlik soveel verantwoordelikheid op my skouers. Ek wil hom nie teleurstel nie."

Haar geesdrif in die kelder is aansteeklik. Daar's niks in haar werk waarvan sy nie hou nie. Elke dag is 'n uitdaging. "Dis regtig nie moeilik om 'n wynmaker te wees nie. Dis soos elke ander werk. Jy moet toegewyd en lief wees vir wat jy doen. En ek is."

Sy's deesdae verlief op Sangiovese. "Ek is verstom oor die karakter van hierdie Italiaanse druifsoort. En daar's so baie wat ek nog oor die druif moet leer, hoewel Dave se paar bottels Italiaanse wyn wat ek net moes proe, my reeds heelwat wyser gemaak het," lag sy. "Volgende jaar gaan ek in Italië pars. Ek is versot op Italiaanse wyne."

As sy 'n gunstelingwyn moet kies om te drink, sal dit 'n Merlot wees, saam met hoenderkerrie en stywe pap. Net soos haar ouma – haar rolmodel en mentor – dit altyd gemaak het: "Om wyn saam met kos te geniet, bring interessante geure na vore. So ook as jy kook met wyn, maar onthou asseblief om nie met slegte wyn te kook nie."

Ntsiki is reeds op Women24 se lys van die invloedrykste vroue in Suid-Afrika genoem en nou spoog sy ook met die titel Vrouewynmaker van die Jaar. En hoewel sy vir 'n week ná hierdie aankondiging letterlik gesweef het, is dié vrou wat haarself sien as lief vir mense én pret, glad nie 'n loskopdolla nie. Inteendeel, haar voete is plat op die aarde. My heel trotsste oomblik ooit as wynmaker was toe my ouma my eerste wyn geproe het."

"Wyn maak en selfs die genieting van wyn is nog grootliks onbekend onder die swart gemeenskap. Ek hoop ek motiveer ander om in my voetspore te volg en self die bedryf te betree. Ek hoop ek kan ander in hul reis na die wynwêreld help, net soos ander my gehelp het. Ek sal ook graag wil sien dat meer Suid-Afrikaners wyn verantwoordelik geniet. My taak is verder om wyn meer toeganklik vir nuwe wyndrinkers te maak. Ek beklemtoon altyd dat jy jou eie smaak moet vertrou. Hou jy van die wyn of nie? Ek moedig mense aan om wyn deel van hul daaglikse maaltyd te maak. En dit natuurlik te geniet.

"As een van die eerste swart wynmakers in Suid-Afrika wil ek regtig nie onthou word vir my velkleur nie, maar vir die wyn wat ek maak. Dis nie dat ek omgee om 'n rolmodel te wees nie. Ek wil net op meriete beoordeel word. Ek is werklik passievol, vol selfvertroue en gedrewe. En as mense my as 'n rolmodel sien, wil ek juis vir hierdie mense wys dat jy deur harde werk, tande kners, vasbyt en pure determinasie regtig enigiets kan bereik."

Drome het sy hope van. Maar vir eërs wil sy die hier en nou geniet. "'n Mens is so geneig om altyd jouself te bekommer oor waar jy in die toekoms gaan wees. Intussen mis jy die heerlike reis op pad daarheen."

Sonder vriende, vis en tjips (en natuurlik wyn) stel sy haar maar moeilik die lewe voor. En 'n stukkie aarde iewers. "Dis in 'n wynmaker se bloed. Jy vra nie vir 'n wynmaker of hy van sy eie lappie aarde droom nie. Dis soos om vir 'n meisie te vra of sy ooit oor speelgoed droom."

En van speelgoed het sy baie in haar kelder. Elke bottel wyn som eintlik haar persoonlikheid op. "Ja, wyn maak is 'n tegniese proses, maar jou gevoel, oordeel en emosie gaan in elke bottel. My wyne is uitdagend, sag en syerig, pragtig..." m

MatiesAlumna Ntsiki Buyela was not only the first black female winemaker to graduate from Stellenbosch University, but was also named Landbouweekblad's Woman Winemaker of the Year recently. She is the winemaker at the private wine cellar Stellekaya (Home of the Stars) in Stellenbosch.

Visual Arts:

More than a qualification – a destination

Amelia de Milander (Wordworx)



Danni Isaacs
Photo: Anton Jordaan (SSFD)

If you thought studying art at Stellenbosch University was about drawing pictures and living in a creative cloud, you're invited to think again. At the Department of Visual Arts things are hip and happening – so much so that in terms of bringing in funding the Department rates among the top five at the University!

The Department of Visual Arts has aimed for more than 40 years to be a leading centre of excellence that encourages a unique and creative interface between art and design, allowing students to make significant contributions, both nationally and internationally. Especially after its 'facelift' in 2006 and the name change from Fine Arts, the main focus has been to promote self-discovery through theoretical and creative enquiry.

The Department has always performed well and is proud of the fact that over the last few years 90% of all students have graduated. Postgraduate programmes that deliver work of high quality and often receive international acclaim are also offered.

This success may partly be due to the rigorous selection process that aspiring students have to undergo. Applicants are expected to submit a portfolio fulfilling various criteria. "It is definitely not easy to be selected as one of our fewer than 300 students," says the Chairperson, Prof Keith Dietrich. "But we are proud of our high standards and the achievements of our students underline the importance and value of the excellent education we provide."

Choices and more choices

Adding to the uniqueness of this department, the four-year BA programme is the only one in South Africa that offers four main study streams: Fine Arts, Visual Communication Design, Jewellery Design and Art Education.

"First-year students already start specialising in the stream they have been selected for," says Prof Dietrich. "We encourage our students to explore art through self-motivated projects, accompanied by technical workshops that help to develop their core technical skills." According to Prof Dietrich, this progressive approach adds an edge to the type of work Visual Arts students deliver. "We've had the acclaimed artist Willem Boshoff as an external examiner last year, and he also commented on the high quality of the students' work, even on first-year level."

Students chosen for the Fine Arts study stream are educated across a range of media. This includes the 'traditional' media of painting, sculpture, photography and printmaking, as well as 'new' media, such as performance, installation, video, digital and computer arts. "We encourage self-conscious creative research, based on the development of critical thinking and problem-solving abilities," says Ms Katherine Smith, Senior Lecturer and Coordinator of the Fine Arts division. "Within these parameters, students are free to explore the most appropriate ways of realising their ideas."

The Visual Communication Design stream teaches students how to create and communicate visual images that offer a social message. According to Ms Marthie Kaden, Senior Lecturer at the Department, students focus on the social and cultural role they play in society and how they can bring responsible messages to their community through their designs. "Our students exceed in the design industry. They think critically and are excellent with conceptualisation, making them ideal for leadership positions," she says.

The Department of Visual Arts is also the only department in South Africa that offers creative jewellery design and metal techniques at university level. The course teaches students the art of traditional metal skills, encouraging innovative and contemporary designs using these time-honoured techniques as basis. "The Jewellery

Design programme offers a globally competitive education and our students are highly commended," says Ms Carine Terreblanche, Senior Lecturer and Coordinator of this division.

The fourth stream, Art Education, focuses on theories of representation in the history of Western and African art and popular culture. It includes two modules offered by die Department of Philosophy.

Bread on the table?

But can you make a living with your Visual Arts degree? Contrary to the misconceptions regarding this study field, graduates from this Department seldom have difficulty finding employment. "Besides becoming fully developed and highly skilled artists in their preferred art forms, our students learn to be innovative and flexible in any endeavour they are part of," says Prof Dietrich. "They are especially sought after in industries such as advertising, publishing, jewellery and film. They also regularly find formal employment in the education sector or as curators at private or public galleries or museums."

Another misunderstood and often disregarded skilled art form, comics and illustrations, has been fostered and developed by the Department of Visual Arts. With the establishment of the Centre for Comic, Illustration and Book Arts (CCIBA) earlier this year, a dream came true for the department to improve the public perception of cartooning, comic art and illustration in South Africa. Through CCIBA, South African cartoonists, comic artists and illustrators are offered a platform that offers support and further development through mentorship and training programmes.

The first CCIBA workshop, which was also open to members of the public, was held in September and proved to be a big success. Five courses, taught by experienced lecturers and artists, were offered. More workshops are already in the pipeline.

Other highlights for the Department of Visual Arts include its participation in a Spring Art Tour, an initiative by the organisers of the Johannesburg Art Fair. "This is the first time this event takes place and our Department was approached by the organisers to participate," says Ms Smith. "It's like a mini-festival with selected venues in several cities and towns in South Africa that will offer special projects, including artists' talks, performances or scheduled exhibitions."

The Department is also excited about launching its own show, called "Case Studies". Work by present and past teaching staff and postgraduate students will be displayed, highlighting a variety of media produced as part of recent collaborative projects, as well as independent work. The show is installed in the teaching spaces in the Visual Arts building.

High flyers

The Visual Communication Design division has delivered several winners of the Design Council's Design Achievers Award (affiliated with the SABS). Fourth-year student Ntibile Zonke was the 2009 winner and the SABS has sent him to Hungary for further studies.

Anton Kannemeyer and Conrad Botes, creators of the renowned Bittercomix series, are also former Visual Communication Design students. The same goes for the crew from Am I Collective, an illustration and animation studio servicing the advertising industry nationally and abroad.

Fine Arts graduate Maryke van Velden, currently a postgraduate student, recently won the national Sasol New Signatures competition. Third-year student Abrie de Swardt won a merit award in the same competition. "Our students are increasingly being selected as finalists in national competitions, including Sasol New Signatures, the Absa L'Atelier, the Vuleka Awards and Spier Contemporary," says Smith.

Bridget Baker, Peet Pienaar and Doreen Southwood are all established contemporary artists who studied Fine Arts at the Department of Visual Arts, with alumnus Lunga Kama being a rising star on the contemporary scene.

The Jewellery Design division is proud of its alumni who hold top teaching positions in South Africa and abroad. They include Chris de Beer, Head of Jewellery at the Durban Institute of Technology (DIT), Johan van Aswegen, lecturer at the Rhode Island School of Design in the USA, and Daniel Kruger, Head of Jewellery at the University for Art and Design in Halle, Germany.

Other former Jewellery Design students who are running successful businesses include Lily Friedlaender, Aninka Harms, Ronel Baumeister and Kim Boezaart in Stellenbosch, Elizabeth van der Merwe and Gerika Langenhoven from Amulet in Cape Town and Elizabeth Loubser in Johannesburg.



Peet Pienaar is a renowned performance artist, graphic designer and co-owner of design studio The President in Cape Town.

Kim Boezaart and Ronel Bauermeister graduated with a BA Fine Arts (cum laude) at the University of Stellenbosch, and today own the highly successful jewellery design lable Boezaart Bauermeister.

Christo Basson, Clinton Campbell and Ruan Vermeulen are Visual Arts graduates that today run a highly competitive and successful illustration and animation studio in Cape Town.

Oorhoofse Strategiese Plan

gaan roetekaart vir US tot 2015 wees

In *Matieland* 2008:2 het die Rektor, prof Russel Botman, in die artikel "Dís die koers, sê Russel Botman" 'n aanduiding gegee van die koers waarin die Universiteit Stellenbosch oor die volgende paar jaar gaan beweeg. Mohamed Shaikh, Senior Direkteur: Kommunikasie en Skakeling, gee hier 'n blik op die proses se vordering.

"Die Universiteit Stellenbosch moet die eise van 'n snelveranderende wêreld volhoubaar die hoof kan bied. Nuwe en hoër eise word aan tersiêre onderwysinstellings gestel en as die Universiteit sy leierskapsposisie wil handhaaf en uitbou, moet ons as 'n instelling beduidend beter word in terme van akademiese uitnemendheid, maar ook beduidend anders in terme van ons relevansie en die rol wat ons nasionaal en internasionaal speel."

Só sê prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, na afloop van 'n reeks gesprekke by verskeie sentra in die land met belanghebbers van die Universiteit waarin hy die suksesse en uitdagings op weg na 2015 aan die hand van die US se Oorhoofse Strategiese Plan (OSP) toegelig het.

Teen 2015, sê prof Botman, moet die verskillende stukke van hierdie OSP-legkaart 'n universiteit gebou het wat internasionale erkenning geniet as 'n uitnemende akademiese instelling vir navorsing en vir dosente, studente en navorsers van hoogstaande gehalte. Die US moet dié voorkeur-inrigting vir verdere studie onder Suid-Afrikaners en internasionale studente wees. Deur sy akademiese aansien en navorsingstatuur wil die Universiteit 'n deurslaggewende rol speel in die oplos van sosiale en omgewingsprobleme in Suid-Afrika en op die kontinent. Sy studente moet nog meer gesog wees onder werkgewers in Suid-Afrika en elders in die wêreld.

"Ons wil die US se bewese sterk punte gebruik om nog groter sukses en relevansie te bewerkstellig. In 'n neutedop is ons strewe: From success to significance," sê prof Botman.

"Met inagneming van al die uitdagings wat die US as 'n moderne universiteit in die gesig staar en om al die vermelde strewes te beantwoord, was daar sedert 2007 'n uitgebreide konsultasie- en beplanningsproses deur al die verskillende omgewings binne die Universiteit. Die resultaat was die Oorhoofse Strategiese Plan, wat daarop gemik is om ons te onderskei vir ons pionierswerk op die gebied van navorsing en die innoverende toepassing van nuwe kennis," sê hy.

Om 'n lewensvatbare grondslag vir hierdie strategiese mikpunte te lê, het die US Raad verlede jaar goedgekeur dat 'n bedrag van R320 miljoen van bestaande universiteitsfondse hertoegewys word vir die finansiering van die OSP. Van hierdie fondse is ná 'n omvattende proses van projekformulering, konsultasie en verfyning as saadgeld toegewys vir die implementering van die onderskeie fakulteite en steundienste se strategiese inisiatiewe. Hierdie projekte is spesifiek gekies omdat dit uitvoering gee aan die strategiese doelwitte van die OSP en as dryfvere te dien vir die nuwe posisionering van die US.

> **Die US moet dié voorkeur-inrigting vir verdere studie onder Suid-Afrikaners en internasionale studente wees.**

Die inisiatiewe is almal veranker in die Universiteit se kernfunksies en pas in by die sleutel-ontwikkelingstemas wat toenemend internasionaal aandag geniet, naamlik

- Die bekamping van pandemiese armoede
- Die bevordering van menswaardigheid en gesondheid
- Die bevordering van menslike vrede en sekuriteit (met inbegrip van voedselsekuriteit)
- Die bevordering van demokrasie en menseregte
- Die bevordering van volhoubare ekologie en 'n volhoubare sakesektor

"Met hierdie weldeurdagte inisiatiewe betree die Universiteit die kern van wesenlike sosiale, sosio-ekonomiese en omgewingsprobleme wat om oplossings vra – op ons dorp, in ons streek, in ons land en op ons wyer kontinent. Dít is aktiewe rolspeling. Ons personeel en studente se kundigheid om nuwe kennis en antwoorde op brandende vraagstukke te soek – van voedselvoorsiening en behuising tot watervoorsiening, van onderwys- en infrastruktuur-vraagstukke tot gesondheidsdienste en tegnologiese vooruitgang – vorm die kern hiervan. Daardeur word ons akademiese taak 'n leer- en kennisontginningsproses in diens van ons land en sy mense. Dit is uiteraard waarmee 'n relevante instelling van uitnemendheid hom besig hou," sê prof Botman.

Beteken dit dat hierdie strategiese inisiatiewe nou die alfa en die omega van navorsing word? "Nee," sê prof Botman. "Die direkte ondersteuning van die vyf tematiese fokusareas van die OSP deur die projekte wat tans befonds word, word aangevul deur talle ander strategiese navorsingsprojekte wat die afgelope tyd by die US gevestig is. Dit sluit in die DWT/NNS se Sentra van Uitnemendheid wat hier gehuisves word, die SARChI- en SANERI-leerstoele en hul navorsingsgroepe, en byvoorbeeld Waternavorsing, waarvoor interdissiplinêre en strategiese fondse uit eksterne bronne verkry kan word. Ons ander gevestigde navorsingsprojekte gaan gewoonweg voort," sê hy.

Hy beklemtoon dat hierdie strategiese inisiatiewe of projekte ten opsigte van navorsing nie verminderde ondersteuning vir die individuele produktiewe navorser wat wêreldklas-uitsette lewer, beteken nie. Dit beteken slegs dat hierdie navorsingsareas, wat 'n interdissiplinêre en samewerkingsbenadering ondersteun, in terme van nuwe strategiese fondse prioriteit sal geniet.

Prof Botman en die Bestuur is deeglik bewus van die vereistes wat die strategiese projekte van die OSP op die US plaas – van geskikte fasiliteite tot die vernuwing van bestaande geriewe, asook personeelkapasiteit en hoër kundigheidsvlakke op bepaalde terreine. Daarom het hy versoek dat daar in die hoofbegroting en in die Raadsbefondsing geld bewillig word om juis hierdie werklikhede wat bepalend is vir navorsingsukses, personeelsukses en

studentesukses aan te pak.

Hy wys daarop dat die meer as 20 strategiese inisiatiewe wat die OSP dryf in die akademiese kernfunksies van die Universiteit ingebed is. (Sien lys van projekte hiernaas.) Dit plaas enersyds die wetenskap agter sleutelvraagstukke van ons land en andersyds sal dit ook 'n beduidende rol speel in die bereiking van interne strategiese doelwitte wat op die herposisionering van die US afgestem is.

Onder hierdie doelwitte tel die volgende:

- Die verbetering van die slaagsyfers van studente (op sowel voorgraadse as nagraadse vlak) en 'n beduidende afname in die uitsaksyfer van studente
- Groter toeganklikheid vir 'n meer diverse korps studente en personeel
- Fyner taalbestuur en die implementering van parallelmediumonderrig oor 'n wyer front
- Groter befondsing vir werwingsbeurse om die diversiteit van voorgraadse studente te verbeter en die groei van nagraadse studente verder te stimuleer
- Die behoud van die US se top- akademiese en navorsingskundigheid

"Dit beteken dat ons beduidend meer fondse benodig as die R320 miljoen wat die Raad tot ons beskikking gestel het vir die nuwe posisionering van die US. Daarom werk ons tans aan 'n omvangryke fondswerwingsveldtog wat in 2010 amptelik geloods sal word."

Die nuwe posisioneringfase wat die US nou betree, is 'n voortsetting van 'n strategiese proses wat reeds etlike jare gelede begin is. In die Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en Daarna, wat in 2000 deur die US Raad aanvaar is, is die bewustelike keuse gemaak om die US deur 'n proses van selfondersoek en selfvernuwing sodanig te posisioneer dat hy, soos in die verlede, as 'n gerekende tersiêre instelling sy plek en rol in Suid-Afrika en ook wêreldwyd sal handhaaf en uitbou. ■

In *Matieland* 2008: 2, the Rector, Prof Russel Botman, gave an indication of the direction the University would be taking over the next few years. This article is a follow-up article and spells out some of the practical considerations Management took into account to assist the University in maintaining and building its leadership position and to make it an institution that is improved in terms of its academic excellence and significantly different in terms of its relevance and the role it wishes to play nationally and internationally.
By 2015, according to the University's Overarching Strategic Plan (OSP), the University should be an institution that enjoys international acknowledgment as an excellent academic institution for research and for its lecturers, students and researchers of exceptional quality. In 2008, Council approved R320 million to be used as seed money for the implementation of the various faculties' and support services' strategic initiatives. The article lists the first 21 projects in this regard.

Só lyk die lys van OSP-projekte

Afrika-sentrum vir Geskilbeslegting
Dispute van verskillende aard inhibeer die optimale ontwikkeling van die Afrika-kontinent. Die sleutelfokus van die sentrum is om leiers toe te rus om geskille op 'n vriendskaplike manier te besleg.

Afrika-sentrum vir MIV/Vigs Bestuur
Deur akademiese programme in MIV/Vigsbestuur in die werkplek en voorkomings- en opvoedkundige programme vir onder meer plaaswerkers, maak die sentrum 'n wesenlike bydrae in die stryd teen MIV/Vigs.

TSAMA HUB
Volhoubare ontwikkeling word bevorder deur die inter- en transdissiplinêre studie van die dinamika van komplekse maatskaplik-ekologiese stelsels, met inagneming van die impak van ontwikkeling op die fisiese omgewing.

Eenheid vir Korporatiewe Bestuur in Afrika
Die werk van hierdie eenheid is daarop gemik om etiese gedrag en besluitneming in Afrika te bevorder en korrupsie teen te werk.

Skool vir Nagraadse Navorsing
Die skool beoog om deur samewerking met geselekteerde Afrika-universiteite nagraadse studie in die Lettere en Sosiale Wetenskappe te bevorder, veral doktorale programme.

Virtuele Nagraadse Leerondersteuningsprojek
Die beskikbaarheid van nagraadse studiegeleenthede en voldoende toegang skep 'n groot uitdaging vir voornemende nagraadse studente in Afrika. Met die projek kan studente nou tussen die reële leeromgewing op kampus en die virtuele leeromgewing vanuit hul woon- en werkplek beweeg.

MediaAfrika
'n Sterk mediasektor en goed opgeleide, professionele mediawerkers is van die belangrikste rolspelers en bondgenote om menswaardigheid en demokrasie te bevorder, en volhoubare ontwikkeling te verseker. Hierdie multimedia opleidings- en navorsingsentrum van die Departement Joernalistiek sal die US 'n leier op die gebied maak.

Geografiese Inligtingstegnologie
Optimale geografiese inligtingstegnologie is 'n voorvereiste vir volhoubare ontwikkeling. Die inisiatief voorsien ontwikkelingsprojekte van onontbeerlike GIT tegnologie.

Menseregte en die regstelsel
Die Fakulteit Regsgeleerdheid ondersoek die grondwetlike en wetgewende raamwerk, spesifiek die struikelblokke in die pad van die uitwissing van armoede, behuisingstekorte en sosio-ekonomiese kwesbaarheid, sodat die menseregte wat in die Grondwet opgeneem is, ook in die samelewing sigbaar sal wees.

Sport
Sedert die implementering van die US se sportplan, was daar beduidende vooruitgang in hoëverrigtingsport, deelname aan sport en welwees. Die Sportburo, die Sentrum vir Menslike Prestasiewetenskappe en die US Sportprestasie Instituut (SUSPI) loods 'n Jeugsport-inisiatief wat in die lig van die Sokker Wêreldbeker op sokker sal fokus. Die Sokkersentrum sal by Lentelus ontwikkel word.

Ukwanda Sentrum vir Landelike Gesondheid
Gesondheidsorg en verwante dienste behoort toeganklik en geredelik beskikbaar te wees vir landelike gemeenskappe. Ukwanda sal voortbou op die Fakulteit Gesondheidswetenskappe se volhoubare voorsiening van mediese praktisyns en ander gesondheidswerkers vir landelike gebiede. Die oogmerk is om uiteindelik ook die dienste van die US se ander vakdissiplines by landelike sentra beskikbaar te stel.

Landbou-ontwikkelingsprojek
Landbou-ontwikkeling en integrasie met agribesigheid is die sleutel tot optimale ontwikkeling in Afrika-gemeenskappe. Dié projek sal fokus op tegnologie-oordrag, mentorskap en agribesigheidsraadgewing om transformasie in die landbousektor te help bewerkstellig.

Kommunikasie en Inligtingstelsels
Hierdie inisiatief van die Fakulteit Ingenieurswese sal fokus op spraaktegnologie vir inheemse tale, rekenaartoegang vir mense met fisiese gestremdhede, en die verbetering van telemedisyne-werkstasies.

SIGLA@Stellenbosch
SIGLA se doelwit is die bevordering van sekuriteit en vrede en sal ondersteun word deur die Afrika Forum, die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag en 'n reeks ander bestuurs- en sekuriteitsliggame in Afrika.

Energie en die omgewing
Voldoende energievoorsiening is 'n voorvereiste vir ontwikkeling, maar met inagneming van die omgewingsimpak en volhoubaarheid. Dit is 'n projek van die Fakulteit Ingenieurswese waar groepe bestaande uit akademici en nagraadse studente reeds op verskillende aspekte navorsing doen.

Sentrum vir Indringerbiologie
Indringerspesies hou 'n ernstige bedreiging in vir Afrika se skaars waterbronne. Die Sentrum se kernfunksie is om die tempo en impak van biologiese indringing op plaaslike en streekvlak te verminder.

Sentrum vir Kompleksiteitstudies
Om omgewingsvolhoubaarheid te verseker en pandemiese armoede te bekamp, is dit noodsaaklik om eers die komplekse aard van hierdie probleme volkome te begryp. Die Sentrum is gestig om die raamwerk en infrastruktuur te skep om sistematies en in diepte met kompleksiteit om te gaan.

Sentrum vir Menslike Prestasiewetenskappe
Die sentrum fokus op die verbetering van die fisiese en geestelike welwees van mense deur sport en fisiese aktiwiteit en die vestiging van navorsings- en opvoedkundige netwerke met die klem op aangepaste bewegingsaktiwiteite vir mense met gestremdhede.

Elektroniese hulpbronsentrum
Die J S Gericke-biblioteek sal toegerus word met 'n elektroniese hulpbronsentrum en opleidingsfasiliteit wat 'n interaktiewe leersentrum, 'n werkruimte met 100 werkstasies (met Internet-toegang), klein gesprekskamers en 'n multimediafasiliteit sal insluit.

Bevorder menswaardigheid
In die Fakulteit Teologie sal die bevordering van menswaardigheid 'n spilpunt word vir talle van die fakulteit se bestaande projekte en nuwe inisiatiewe.

Voedselsekerheid
'n Interdissiplinêre inisiatief om voedselsekerheid in ontwikkelende lande te verseker - 'n noodsaaklike voorvereiste vir volhoubare vrede, sekuriteit en ontwikkeling.

Nuwe taalmodel

is akademies verantwoordbaar

Staan die Universiteit Stellenbosch (US) onverskillig teenoor taal van onderrig? Of is daar grondige denke agter die taalpraktyke van die Universiteit? Prof Magda Fourie, Viserektor: Onderrig en Voorsitter van die Taalkomitee, stel hier die Universiteit se saak.

Prof Magda Fourie

Die inskrywingsgetalle van swart, bruin en Indiërstudente by die US is tans die laagste van al die Suid-Afrikaanse universiteite. Om maatreëls in plek te stel om groter getalle swart, bruin en Indiërstudente na die US te lok is dus 'n verantwoordelike respons op nasionale behoeftes en beleidsvereistes.

In die US Strategiese Raamwerk van 2000 het die universiteit deur 'n selfanalise sy bydrae tot die ongeregtighede van die verlede erken en hom verbind tot regstellings- en ontwikkelingsinisiatiewe. Daar is dus moreel-etiese gronde vir die verbreding van toeganklikheid tot die US om voorsiening te maak vir alle kwalifiserende studente wat aan die US wil studeer.

Naas die moreel-etiese oorwegings is daar ook vanuit hoëronderwysbeleid sterk druk op universiteite om hulle studente- en personeelsamestellings te diversifiseer, en om maatreëls wat sekere groeperings kan uitsluit te verwyder. Hierdie beleidsvereistes is onlangs bevestig in die verslae van die Ministeriële Taakgroep na Noordwes Universiteit, en die Ministeriële Kommissie insake transformasie, sosiale kohesie en die uitwissing van rassisme in hoër onderwysinstellings.

Die inskrywingsgetalle van swart, bruin en Indiërstudente by die US is tans die laagste van al die Suid-Afrikaanse universiteite. Om maatreëls in plek te stel om groter getalle swart, bruin en Indiërstudente na die US te lok is dus 'n verantwoordelike respons op nasionale behoeftes en beleidsvereistes.

Verbreding van toeganklikheid moet egter gepaardgaan met maatreëls om studentesukses te verseker. Dit impliseer dat nie net hindernisse om toegang tot die US te verkry, verwyder moet word nie, maar ook hindernisse wat in die weg staan van akademiese sukses.

Om sowel diversiteit as studentesukses aan te spreek, het die US sekere strategiese mikpunte vir homself gestel op pad na 2015. Dit sluit in dat die persentasie voorgraadse swart, bruin en Indiërstudente van die huidige 24% na 34% verhoog, en dat die gemiddelde sukseskoers van 82% tot 84% verbeter.

Hierdie mikpunte vra nuwe denke oor 'n verskeidenheid van sake, waaronder werwing, toelating, beurse en lenings, huisvesting, onderrig en leer, en studente-ondersteuning. In ons ervaring, wat bevestig word deur internasionale en nasionale navorsing, is taal van onderrig een van die belangrikste faktore wat toeganklikheid, diversiteit en studentesukses bevorder. Daar moet dus op verantwoordelike wyse aandag gegee word aan die rol wat taal van onderrig speel in die toeganklikheid tot hoëronderwys en in die akademiese sukses van studente. Onderrigtaal kan nie as uitsluiting dien nie, en behoort ook nie 'n rede te wees vir studente se swak prestasie nie.

Afrikaans, as die enigste inheemse taal in Suid-Afrika wat as wetenskapstaal ontwikkel is, is 'n kosbare bate en die US het hom verbind tot die bevordering van Afrikaans in 'n meertalige konteks. Maar gegewe die vermelde uitdagings, het die US basies vyf taalopsies waarin hy in 'n meertalige konteks kan opereer:

- Klasse volledig en slegs in Afrikaans: Hierdie opsie sluit nie-Afrikaanssprekers en diegene wat nie Afrikaans as skooltaal gehad het nie uit en dit hou ook nie rekening met die huidige realiteite rakende taal in sekondêre skole nie. (Die nuwe Nasionale Senior Sertifikaat vereis nie meer Afrikaans as eerste of addisionele taal nie, en die aantal skole wat uitsluitlik Afrikaansonderrig doen, krimp.)
- Onderrig volledig in Engels: Dit skep meer ruimte vir toegang, maar ons voorkeur is 'n nismark van studente wat meertalig is (in teenstelling met eentalige Engelse universiteite).
- Parallel-medium onderrig: Hierdie opsie maak voorsiening vir die duplisering van onderrigaanbiedings in aparte strome (Afrikaans en Engels). Studente kan self die keuse uitoefen om in een van die twee strome te studeer. Dit het sy eie risiko's. Onder meer:
  - Die waarskynlike negatiewe impak op navorsingsuitsette van US personeel as huidige personeel klasse moet verdubbel
  - Die moontlikheid dat 'studente met hulle voete stem' en van die Afrikaanse stroom na die Engelse stroom migreer omdat hulle van mening is dat dit hulle beter voorberei vir die beroepswêreld

- Hierbenewens is parallel-mediumonderrig in alle fakulteite en departemente (programme en modules) nie haalbaar nie, aangesien die implikasies vir finansiële, personeel- en fisiese hulpbronne geweldig groot is.
- Dubbelmedium onderrig: Dit beteken dat twee tale (Afrikaans en Engels) beurtelings in dieselfde onderrigsituasie gebruik word, en veronderstel dat studente 'n bepaalde vlak van vaardigheid in albei tale moet hê om akademies suksesvol te wees.
- Simultane tolking: Hierdie opsie kan op klein skaal in enkele nisprogramme toegepas word, maar is duur om op groot skaal aan te bied.

Nie èèn van hierdie opsies is ideaal vir die bereiking van die doelwitte wat die Universiteit vir homself gestel het nie. Om die beperkinge van bogenoemde taalopsies te ondervang, en ook aan die vereistes van toeganklikheid, diversiteit, studentesukses en finansiële volhoubaarheid te voldoen, is 'n meertalige onderrigmodel ontwikkel, wat bestaan uit 'n kombinasie van parallelmediumonderrig en dubbelmediumonderrig. Dit bied aan Afrikaanstalige studente die geleentheid om in hulle moedertaal te studeer èn bemagtig te word in Engels. Hierdie model bied ook aan nie-Afrikaanstalige studente die geleentheid om in hulle eerste jaar volledig (deur middel van parallelmediumonderrig) of gedeeltelik in Engels (dubbelmedium) te studeer en terselfdertyd taalontwikkeling te ondergaan om hulle te bemagtig om vorentoe akademies suksesvol te wees in beide Afrikaans en Engels.

Die meertalige onderrigmodel bied dus vir Afrikaanstalige studente die geleentheid vir uitgebreide blootstelling aan en gebruik van hul moedertaal terwyl dit ook die geleentheid bied om aan Engels blootgestel te word op 'n wyse wat hulle akademies voordelig is. Daarby maak dit die US meer toeganklik vir studente wat nie-Afrikaanstalig is, en ondersteun alle studente om akademies suksesvol te wees.

Die meertalige onderrigmodel van die Universiteit is belyn met die uitgangspunte van die Nasionale Taalbeleid vir Hoër Onderwys en die beginsels onderliggend aan twee- (en meer) talige onderwys wat wyd internasionaal voorgestaan word. Terwyl daar konsensus onder navorsers is oor die belangrikheid van 'n prominente rol vir die eerste (of moeder-) taal van leerders op veral die primêre en sekondêre skoolvlak word daar terselfdertyd klem gelê op die voordele van die invoer van twee- (of meer-) talige onderrig.

Afrikaans, as die enigste inheemse taal in Suid-Afrika wat as wetenskapstaal ontwikkel is, is 'n kosbare bate en die US het hom verbind tot die bevordering van Afrikaans in 'n meertalige konteks.

UNESCO het in 2003 'n dokument gepubliseer met die titel Education for a Multilingual World wat hulle benadering tot die komplekse en uitdagende vraagstuk van taal en onderwys in die 21ste eeu uiteensit en waarin die balans tussen die gebruik van eerste- (moeder-) taal onderrig en twee- (meer-) talige onderrig beklemtoon word. UNESCO stel in hierdie verband drie beginsels voorop:

- Ondersteuning van moedertaalonderrig as 'n wyse om opvoedkundige gehalte te verbeter deur te bou op die kennis en ervaring van leerders en onderwysers
- Ondersteuning van tweetalige en/of meertalige onderwys op alle vlakke van onderwys ter bevordering van sosiale gelykberegtiging en as 'n sleutelelement van taal-diverse gemeenskappe
- Ondersteuning van taal as 'n essensiële komponent van interkulturele onderwys ten einde begrip tussen bevolkingsgroepe aan te moedig en respek vir fundamentele regte te verseker.

Naas die sosio-kulturele waarde daarvan, word twee- (-meer) talige onderrig in diverse gemeenskappe ook vereenselwig met bepaalde kognitiewe voordele. Reyes en Moll wys daarop dat alhoewel sommige opvoedkundiges en sielkundiges in die verlede die aanleer van meer as een taal deur kinders as negatief beskou het, meer resente studies verskeie voordele vir tweetalige kinders aan die lig gebring het. Die kognitiewe voordele, byvoorbeeld, van tweetaligheid in verhouding tot eentaligheid, sluit in groter buigsaamheid in probleemoplossing. Wat betref sosiale en emosionele ontwikkeling, sê Reyes en Moll, is tweetalige kinders in staat om 'n sterker sin vir identiteit te behou terwyl hulle 'n sensitiwiteit ontwikkel vir ander mense se kulture. Dit gebeur omdat kinders ook kennis van verskillende kulturele wêreldbeskouings in die ontwikkeling van tweetalige kommunikatiewe vaardighede verwerf.

Die meertalige onderrigmodel van Universiteit Stellenbosch bevorder op 'n akademies-verantwoordbare manier twee-(meer-)taligheid as 'n persoonlike, sosiale, akademiese en professionele bate. Daarby word studente verryk deur interaksie met medestudente en dosente van diverse taal- en kultuuragtergronde in 'n tweetalige onderrigkonteks. Terwyl studente gemaklik kan wees met hulle eie taal en identiteit, ontwikkel hulle ook 'n sensitiwiteit en waardering vir twee-(meer-)talige en interkulturele kommunikasie en diversiteit van perspektiewe. So, glo ons, berei ons Maties voor vir die spektrum van identiteite wat die hedendaagse professionele lewe kenmerk en rus ons hulle toe om as leiers die beroepslewe in te gaan in die Suid-Afrika en geglobaliseerde wêreld van die 21ste eeu.

- **Hierdie artikel het oorspronklik in *Die Burger* van 10 Oktober 2009 verskyn**

US deel van ondersoek na volhoubare *bio-energie*

"Ons wil eens en vir altyd vasstel of grootskaalse bio-energieproduksie moontlik en terselfdertyd voordelig is vir sowel die mensdom as die omgewing. Ons wil wéét of die wêreld in die toekoms wél op bio-energie (biobrandstof, -hitte en -elektrisiteit) kan staatmaak."

Só verduidelik US-biobrandstofkundige prof Emile van Zyl die motivering agter die Global Sustainable Biofuels- (GSB-)projek, 'n internasionale inisiatief waarin die wêreld se toonaangewendste biobrandstofkundiges kragte saamsnoer om klarigheid oor knelpunte oor volhoubare energie te kry.

Die US se Senior Leerstoel in Energienavorsing: Biobrandstowwe en Ander Skoon Alternatiewe Brandstowwe is ook deel hiervan, en prof Van Zyl dien as een van twee Afrika-verteenwoordigers.

Volgens prof Van Zyl het bio-energie net soveel kritici as aanhangers. "Die GSB wil duidelike antwoorde bied waaruit beleidsraamwerke en strategieë vir 'n wêreldwye volhoubare resultaat opgestel kan word."

Hy sê die projek sal hedendaagse kwessies, soos klimaatsverandering, toenemende produksie-opbrengs en snelle tegnologiese vooruitgang, in ag neem.

Aan die stuur van dié driefasige projek is 'n buitengewone professor in die US se Departement Mikrobiologie, prof Lee Lynd van Dartmouth College en die Mascoma Corporation; prof Nathanael Greene van die Prof Nathanael Greene of the American Natural Resources Defense Council; en prof Tom Richard van die Pennsylvania State University.

Fase een van die GSB-projek bestaan uit besprekings en beplanning in 'n streeks- en kontinentale verband. Hierdie vergaderings, wat in November 2009 begin, sal in Maleisië, Nederland, Brasilië en Amerika plaasvind, met die streeksgeleentheid vir Afrika wat van 16 tot 19 Maart 2010 op Stellenbosch aangebied word.

- **Vir meer inligting:**
  Die GSB-projek: http://engineering.dartmouth.edu/gsbproject/
  Biobrandstofnavorsing aan die US: www.sun.ac.za/biofuels



STIAS fellows

The first two Donald Gordon Fellows were hosted by the Stellenbosch Institute for Advanced Study (STIAS) recently. They are Prof Leonard Susskind (left), a pioneer of string theory and an internationally respected authority on black holes, and Prof Manuel Castells (middle), one of the five most cited social scientists in the world and renowned for his work on the information age, the network society and the internet. They were welcomed by STIAS Director Prof Hendrik Geyer.

Photo: Anton Jordaan (SSFD)

Jong *laserfisikus* ontvang toekenning

Die uitmuntende bydrae van lasersfisikus dr Christine Steenkamp tot eksperimentele laser-spektroskopie in Suid-Afrika is met die Silwer Medalje van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika (SAIF) vereer.

Dr Steenkamp, van die Lasernavorsingsinstituut in die US se Departement Fisika, is slegs die tweede Suid-Afrikaanse vrou om hierdie toekenning te ontvang sedert dit in 1981 ingestel is om die prestasies van Suid-Afrikaanse navorsers jonger as 35 jaar te vereer.

Tegnieke wat sy ontwikkel het om superverkoelde koolstofmonoksied- (CO-)molekules te ondersoek, het sedertdien data verskaf wat die astrofisikagemeenskap kan gebruik om resultate te interpreteer wat uit ruimtestasiewaarnemings oor die ruimte tussen sterre verkry word.

Die baie hoë standaard van dr Steenkamp se wetenskaplike uitset is merkwaardig in die lig daarvan dat geen navorsingsinfrastruktuur plaaslik op haar terrein van eksperimentele fisika beskikbaar was toe sy in die 1990's met haar meestersgraadstudie aan die US begin het nie. Sy moes die meeste van die apparaat wat sy sedertdien in haar ondersoeke gebruik self ontwerp en bou.

Dosent 'n SA uitblinker

Gemeenskapsontwikkeling en mentorskap is 'n kerndeel van me Rhoda Malgas (foto) se werk. Dié dosent in die Departement Bewaringsekologie en Entomologie (Fakulteit AgriWetenskappe) het onlangs 'n toekenning van die Departement Wetenskap en Tegnologie (DWT) gekry as 'n SA vrouenavorser wat presteer in inheemse kennisstelsels en landelike vernuwing.

Sy is onder meer betrokke by 'n projek oor kleinboere se aanpassing by klimaatsverandering. As MSc-gegradueerde het sy vroeër nege jaar argeologie- en plantkundewerk onder landelike gemeenskappe gedoen.

Die DWT se Vroue in die Wetenskap-toekennings is in 2003 ingestel om vrouewetenskaplikes as rolmodelle te vereer en hul navorsingsloopbane te bevorder. Daar was vanjaar twaalf sulke toekennings in verskillende kategorieë.

SU at the forefront of melamine research



Stellenbosch University is fast becoming a central hub for melamine research. Prof Chrisjan Cruywagen of the Department of Animal Sciences recently presented his team's latest results on melamine research at the Joint Meeting of the American Dairy Science Association, the American Society of Animal Science and the Canadian Society of Animal Science.

His abstract was one of only eight to be accepted for an oral presentation at a special opening session dedicated to late-breaking original and cutting-edge research in this field. The meeting was held in Montréal in July and was attended by some 2 700 delegates.

Melamine, an industrial chemical used in the manufacturing of table tops, kitchenware, et cetera, came under the spotlight for the first time in 2007 when dogs and cats died in various countries as a result of renal failure caused by melamine-contaminated ingredients. Melamine contains 67% nitrogen, and since the protein content of feeds and foods are determined indirectly from the nitrogen content, melamine has become attractive as a feed adulterant to artificially inflate the protein content. When ingested, melamine combines with cyanuric acid and uric acid to form kidney stones and may result in renal toxicity.

In 2008, the world was shocked when six babies died in China after drinking melamine-tainted infant formula and another 296 000 people became ill after ingesting contaminated milk or milk products. At the time of the 2007 incident mentioned above, Prof Cruywagen obtained a method for melamine analysis and had it established at the Central Analytical Facility of Stellenbosch University. Following the 2008 Chinese milk incident, Prof Cruywagen performed the first scientific trial ever to show that a pathway exists for the transmission of melamine from feed to cows' milk. The results were published in the May issue of the *Journal of Dairy Science* and put South Africa at the forefront of melamine research.

Prof Cruywagen's team's more recent research also shows that ingested melamine is deposited in meat and eggs and that melamine from contaminated fertilisers can be absorbed from the soil to be transferred to the vegetative parts of pasture grass.

Prof Cruywagen is regarded as a world leader in melamine research and has been invited to give presentations on the topic in the USA and Canada and at various local scientific events. The Animal Feed Manufacturers Association recently awarded him the prestigious Barney van Niekerk / AFMA Technical Person of the Year Award. South African consumers can rest assured that current regulations and stringent quality assurance programmes by industry should prevent melamine from entering the food chain.

SA zoologists honour *Prof Chown*

Prof Steven Chown, Director of the DST-NRF Centre of Excellence for Invasion Biology and professor in Zoology at Stellenbosch University, has received the 2009 Gold Medal from the Zoological Society of Southern Africa (ZSSA).

According to the ZSSA, Prof Chown counts among the "zoological elite", and has made significant contributions to all spheres of zoological endeavour locally and globally during his "most remarkable career" thus far.

He was commended for the way in which his research and publications have helped to raise the profile of South African zoology at a global level, his international networking ability and his mentorship of young scientists and students.

Prof Chown is a biologist who not only explores detailed problems, but also has the ability to see the bigger picture.

Over the past 20 years, he has become a frequent visitor to the sub-Antarctic region and Marion Island in particular, to research questions concerning ecosystem functioning, climate change and biological invasions on Marion Island in the sub-Antarctic region. "It's extraordinary how much the island has changed as a consequence of warming, drying and the introduction of alien species," he reflects.

Photo: Anton Jordaan (SSFD)

Sasol belê in sonkrag

Navorsing om Suid-Afrika se ryke bron van sonlig ten beste in te span as 'n lewensvatbare hernubare kragbron wat ons koolstofvoetspoor kan verklein, het 'n hupstoot van R3 miljoen vanaf Sasol gekry.

Daarmee sal 'n senior navorser aangestel word om die termiesesonkrag-navorsingsgroep te lei, terwyl nuwe toerusting vir die Universiteit se sonkrag-daklaboratorium aangekoop sal word. Sasol se borgskap ondersteun onlangse investering van R4 miljoen deur die Universiteit om navorsingsfasiliteite uit te brei en om ondersteuningspersoneel aan te stel.

Die Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese is vir lank reeds betrokke by die Suid-Afrikaanse kragopwekkingsbedryf, met heelwat werk wat gedoen is ter verbetering van die doeltreffendheid van kragstasies.

Oor die laaste 11 jaar het die Departement se navorsingsprojekte veral op grootmaat- hernubare sonkragopwekkingsprojekte begin fokus. Dit sluit in die sonskoorsteenkragaanleg waarmee termiese kundiges soos prof Detlev Kröger, 'n wêreldkenner van droëlug-verkoeling, en prof Theo von Backström, 'n kundige op die gebied van turbines en turbomasjinerie, werksaam is.

Die finansiering vorm deel van Sasol se onderneming om in Suid-Afrikaanse universiteite te investeer. Deur hierdie samewerking kan universiteite Sasol se navorsingshulpbronne benut, terwyl Sasol hul eie navorsingsondernemings en -vermoëns kan aanvul deur akademiese uitnemendheid in te span ter ondersteuning van die doeltreffende uitvoering van navorsings- en ontwikkelingsprojekte.

Sasol het in 2008 die Nuwe Energie-afdeling gestig wat hoofsaaklik op die ontwikkeling van sakegeleenthede fokus wat die maatskappy se kweekhuisgasvoetspoor kan verklein.

New drug

"an enormous breakthrough"

A drug tested by Faculty of Health Sciences (FHS) researchers could become the first new tuberculosis (TB) drug in decades to be approved for the treatment of the disease.



Prof Andreas Diacon
Photo: Anton Jordaan (SSFD)

Stellenbosch scientists have announced that a new drug with the potential of shortening the treatment of TB and of being effective against multi-drug-resistant TB (MDR-TB) strains could soon become the first new TB drug in more than 40 years to be approved for the treatment of the disease.

In an article in the prestigious *New England Journal of Medicine*, Prof Andreas Diacon of Medical Physiology and his colleagues at the FHS of Stellenbosch University (SU) have reported the results of a clinical trial conducted with TB patients at four South African hospitals using a new TB agent known as TMC207. This drug belongs to a class of agents known as diarylquinolines.

Prof Diacon and his colleagues have found that, when the experimental drug was added to the current standard combination of TB drugs for eight weeks of treatment, it was five times more powerful in successfully treating patients with MDR-TB. One of the key problems with treating TB is to convince people to adhere to their treatment schedule. A drug that shortens the treatment timeframe could therefore stop them from dropping out of their treatment programmes. It is when patients interrupt or discontinue their medication that the TB bacteria develop drug resistance.

According to Prof Diacon and his colleagues, the promise shown by the new drug represents a massive breakthrough in the fight against TB. Since the last effective TB drug was introduced in 1966, pharmaceutical companies have been reluctant to develop new TB drugs because the disease is no longer seen as a threat in the developed world. At the same time, the economies of developing countries with a high TB burden are not regarded as a viable market for new drugs. Consequently, TB drug research has been held back for decades.

While it is difficult to treat TB, it is even more difficult to treat MDR-TB and is also much more expensive. It takes at least 18 months to treat MDR-TB, since it requires second-line drugs. First-line drugs are no longer effective because the bacteria have become resistant to them. However, increasing numbers of patients are dying despite treatment.

The efficacy demonstrated by the new drug against MDR-TB in particular is regarded as one of the most important medical breakthroughs in many years in the fight against TB. Although the drug is still in the clinical-trial phase, it is almost certain to be approved in the near future.

This is extremely good news for South Africa, where the third-highest TB incidence rate in the world and the second-highest TB mortality rate have been recorded. The emergence of MDR-TB and its more deadly form, extreme drug-resistant TB (XDR-TB), is further exacerbating the epidemic in South Africa, as is the HIV co-epidemic; some 60% of all adult TB patients are HIV positive.

The efficacy demonstrated by the new drug against MDR-TB in particular is regarded as one of the most important medical breakthroughs in many years in the fight against TB.

Against this background, the emergence of an effective new TB drug is an enormous event, says Prof Diacon, lead researcher of the study. "This drug is so new that there's no resistance against it."

He says that SU's FHS was chosen to conduct the trial because of the high incidence of TB in the Western Cape. "We also, however, have a first-world clinical infrastructure in this third-world disease setting and we have access to the expertise of researchers who've been investigating TB drugs for many years.

"Continuing with studies of this nature at the highest possible quality standard will ensure that better TB treatment becomes available to those who need it as fast as possible," Prof Diacon says. m

Innovative Kick TB 2010 awareness campaign will hit home!

Kick TB 2010, an innovative TB awareness campaign, will see some 250 000 learners across South Africa receiving special TB awareness soccer balls.

According to Ms Wena Moelich, Project Coordinator the campaign uses soccer as the perfect vehicle for TB education across all nine provinces. It was developed at the Desmond Tutu TB Centre, a world-class research centre of the Faculty of Health Sciences.

"The various TB symptoms are portrayed on the different segments of the soccer ball by animated character drawings. Accompanying the captivating artwork is the standard TB health message 'If you've been coughing for more than two weeks, getting thinner, sweating at night, not eating or have a sore chest, you must go to your nearest clinic and be tested for TB'".

The National Department of Health has partnered with Stellenbosch University for the campaign, making this a national onslaught against tuberculosis.

Kick TB 2010 will also be launched internationally in Cancun, Mexico, at the UNION World TB Conference, which is to be held in December. More than 3 000 delegates attending this cutting-edge conference will be invited to join the international Kick TB 2010 team, encouraging them to implement the campaign concept in their own countries.

- **The campaign needs your support! Contact Ms Wena Moelich at tel. 021 938 9225, cell: 083 233 8311 or via e-mail at wena@sun.ac.za to sponsor or donate soccer balls.**

Tygerberg navorsers vind die geen vir familiële hartblok

Die soektog na die geen vir 'n oorerflike hartsiekte, wat Afrikanerfamilies sedert 1696 affekteer, het 30 jaar gelede in die Tygerberghospitaal begin toe die destydse Dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, prof Andries Brink, 'n baie siek baba behandel het. Hierdie soektog het onlangs tot 'n einde geloop – danksy die volgehoue pogings van die navorsingspan waarvan sy seun, prof Paul Brink, deel gevorm het!

Ná 'n wetenskaplike studie van meer as drie dekades het navorsers van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe - in samewerking met internasionale vennote - die geen gevind wat die oorerflike hartsiekte, bekend as progressiewe familiële hartblok tipe I, in 'n groep Suid-Afrikaanse families veroorsaak.

Prof Andries Brink - 'n hartspesialis en voormalige Dekaan van die Fakulteit - het die siekte in 1977 vir die eerste keer beskryf. In 1986 het prof Brink se seun, prof Paul Brink, in samewerking met prof Valerie Corfield - albei van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe - met 'n wetenskaplike soektog na die genetiese mutasie wat die siekte veroorsaak, begin. Progressiewe familiële hartblok word veroorsaak deur 'n onderbreking van die elektriese impulse wat die hart se kontraksies bepaal.

Die studie, wat jare lange navorsing verteenwoordig en dikwels ander navorsingspanne, geneeshere, hartspesialiste en tegnoloë betrek het, is in die September-uitgawe van die internasionale *Journal of Clinical Investigation* gepubliseer. 'n Internet-weergawe van die artikel is op hierdie vaktydskrif se webwerf by http://www.jci.org/ beskikbaar.

Die studie van progressiewe familiële hartblok het begin toe prof Andries Brink 'n baba behandel het wat met 'n baie lae hartspoed gebore is. Die kind se toestand was so ernstig dat sy 'n hart-pasaangeër moes ontvang. Op daardie stadium was sy die eerste baba in Suid-Afrika om hierdie soort behandeling te ontvang. Volgens prof Paul Brink was dit destyds 'n ernstige besluit om te neem omdat kunsmatige pasaangeërs in 'n vroeë stadium van ontwikkeling en byna die grootte van 'n baksteen was. Hedendaagse apparate is minder as vier sentimeter lank en word onder die vel ingeplant met elektrodes wat na die binnekant van die hart lei en die hartslag reguleer. Die groot pasaangeërs van die laat 1970's is in die buikholte geplaas met elektrodes wat deur die mantelvlies na die buitekant van die hart geneem is.

Terwyl prof Brink sr. nog besig was om oor die beste behandeling vir die baba te besin, het hy van nog 'n baba gehoor wat 'n pasaangeër benodig het. Dit het geblyk dat dié kind 'n nabye familielid van die baba onder sy sorg was. Dit het hom laat vermoed dat die probleem dalk oorerflik van aard kon wees en hy het besluit om die hulp van dr Marie Torrington, 'n spesialis op die gebied van genealogiese navorsing, in te roep. Dr Torrington het uiteindelik die siekte in ander families nagespoor - van wie die meeste uit die Oos-Kaap afkomstig was. Sy en prof Brink sr. het gevind dat die draer van die defektiewe geen in 1696 uit Madeira, Portugal, na Suid-Afrika geëmigreer het. Hier is hy met 'n vrou van Nederlandse afkoms getroud. Vandag is alle Suid-Afrikaners wat deur progressiewe familiële hartblok geaffekteer word, afstammelinge van hierdie egpaar.

Hedendaagse apparate is minder as vier sentimeter lank en word onder die vel ingeplant met elektrodes wat na die binnekant van die hart lei en die hartslag reguleer.

Volgens die navorsers is ongeveer 50% van kinders uit 'n familie waar een ouer progressiewe familiële hartblok het, draers van die toestand. "Twee derdes van diegene wat draers van die siekte is, sal vroeër of later 'n pasaangeër moet kry," sê prof Valerie Corfield. "Die res sal geen simptome van die siekte toon nie. By 'n baie klein persentasie sal daar geen tekens van die siekte op 'n elektrokardiogram gevind word nie, selfs al is hulle draers van die geen, terwyl die res wel tekens van onderliggende elektriese storings sal toon."

Die ontdekking van die oorsaaklike geen beteken dat families wat deur die siekte geraak word, nou 'n akkurate genetiese diagnose kan ontvang en in 'n vroeë stadium reeds kan weet watter familielede die gevaar loop om die siekte te ontwikkel. Sulke familielede kan dan die gepaste behandeling ontvang. m



Pa en seun! Prof Andries Brink - hartspesialis en voormalige Dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe en prof Paul Brink van Interne Geneeskunde. Foto: Anton Jordaan (SSFD)

Prof Valerie Corfield.

After a scientific search of more than three decades, researchers in the Faculty of Health Sciences have pinpointed the rogue gene that causes the inherited heart disease known as progressive familial heart block type I in a group of South African families whose ancestors can all be traced to one immigrant who landed on these shores in 1696. The research was undertaken by the former Dean of the Faculty of Health Sciences, Prof Andries Brink, and has been completed recently by a team of researchers that included Prof Brink's son, Prof Paul Brink.

EERSTE 'BOSCHFEES

gaan Alumni nou by US betrek

Mohamed Shaikh

'BOSCH FEES·FEST 2009

Dit beloof om 'n heuglike ervaring te wees. En boonop histories – dié byeenbring van MatiesAlumni van gunter tot nou op die hoofkampus van die Universiteit op 9 en 10 Desember 2009, vanjaar onder die vaandel van die 'Boschfees.

Waar Alumni tradisioneel by reünies van koshuise, sportklubs of verenigings van tyd tot tyd ou bande opnuut smee en toeka se studentedae herleef, is hierdie die eerste grootskaalse byeenbring van MatiesAlumni oor tyd en belangegroepe heen.

Dit is vir ons 'n saak van erns dat ons Alumni nooit hul verbintenis met hul alma mater verloor nie en dat hulle betrokke bly by die universiteit waar hulle van hul beste jare deurgebring het. Maar belangriker nog is dat hulle ook aktiewe vennote bly in die handhawing en behoud van die suksesse van hierdie uitnemende universiteit, sê prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier.

Hy het vroeër vanjaar die versoek aan die US Raad uitgespreek om meer betrokke te raak by die aktiwiteite van die statutêre liggame van die Universiteit. In 'n verdere gesprek met prof Pieter Kapp, President van die Konvokasie, is die idee van 'n Alumnibyeenkoms gebore. Die Algemene Jaarvergadering van die Konvokasie, wat normaalweg in die eerste week van November plaasvind, is ook om hierdie rede na 10 Desember 2009 verskuif.

Die idee is om Alumni op 'n strategiese tyd van die jaar – wanneer baie ouers hul kinders se gradeplegtighede bywoon en ander reeds op pad kus toe is vir hul jaarlikse uitspan – byeen te bring om hul verbintenis met die Universiteit te verstewig deur weer die kampus eerstehands te beleef en 'n ryk program van akademiese en kuns- en kultuuraanbiedings op die kampus en die dorp by te woon. Hierdie program loop uit op die Rektor se onthaal vir Alumni (wat 'n gespreksgeleentheid met die Rektor bied), die Konvokasievergadering en 'n afsluitingsgeselligheid met tipiese Stellenbosch-gasvryheid.

By al die pret en plesier, sê prof Botman, is die oorhoofse oogmerke om ons gewaardeerde Alumni nouer by die Universiteit en al sy aktiwiteite te betrek, ons netwerk van verhoudinge en vennootskap te verstewig en uit te bou, en om nuwe belangstelling en aktiewe deelname in die aktiwiteite van die Konvokasie aan te wakker.

Hy het die hoop uitgespreek dat die 'Boschfees, soos die program oor die vermelde twee dae bekend staan, sal groei tot 'n geleentheid wat Alumni wêreldwyd in die toekoms sal wil bywoon.

- Die volledige program vir 9 en 10 Desember 2009 verskyn hier langsaan en kan maklik uitgehaal word vir gebruik tydens die Fees.

The first ever 'Boschfees (Bosch Fest) promises to cater in everyone's needs. The 'Boschfees aims to involve MatiesAlumni with its alma mater even more. Read the complete article at www.matiesalumni.net

Konvokasie-vergadering kry nuwe baadjie

Die Algemene Jaarvergadering van die Konvokasie van die Universiteit Stellenbosch, wat gewoonlik aan die begin van November gehou word, trek vanjaar 'n nuwe baadjie aan.

Die vergadering vind nou op 10 Desember om 19:00 in die DF Malansentrum op Coetzenburg plaas en vorm 'n hoogtepunt van die heel eerste 'boschFees.

Die gedagte van so 'n fees het ontstaan nadat die Rektor, prof Russel Botman, 'n behoefte vir 'n "Alumnibyeenkoms" en gepaardgaande fees uitgespreek het ten einde 'n groter groep konvokasielede en ander belangstellendes by die Konvokasie-vergadering te betrek en in die proses hul verbintenis met die Universiteit te verstewig (sien ook artikel hierbo).

Die 'boschFees, wat oor twee dae strek, vind gedurende dieselfde tyd as die Desember gradeplegtighede plaas en wil graag 'n feestelike stemming vir onder meer studente wat grade verwerf, asook hulle ouers, op die kampus skep.

Alle MatiesAlumni en vriende van die Universiteit word genooi om die afsluiting van die 'boschFees op 10 Desember te kom bywoon. Die Rektor, prof Russel Botman, gaan as gasheer van hierdie skemeronthaal optree.

Musiek, vermaak, vure, heerlike kos en Stellenbosch wyne vorm deel van die funksie wat reeds om 17:00 begin en om 18:45 klaarmaak – betyds vir die Konvokasievergadering om 19:00.

Die funksie, wat in 'n markiestent aan die oorkant van die DF Malansentrum naby die Jannie Maraishuis gehou gaan word, is voorwaar 'n geleentheid om nie mis te loop nie!

Die geleentheid is gratis, maar 'n bespreking is noodsaaklik. (Sien die uithaalstuk in hierdie uitgawe van *Matieland* vir meer inligting.)

Na afloop van die Konvokasievergadering word teenwoordiges genooi om by die Konvokasiebestuur in die tent aan te sluit vir 'n onthaal waarvan prof Botman ook die gasheer is.

Alle US-gegradueerdes en voltydse akademiese personeellede van die Universiteit is lede van die Konvokasie – 'n statutêre liggaam wat die inspraak van oud-studente in sake rakende die Universiteit verseker. Die Konvokasie geniet ook verteenwoordiging in die Raad en Institusionele Forum van die Universiteit.

Prof Magda Fourie, Viserektor: Onderrig, gaan as geleentheidsspreker by vanjaar se vergadering optree en die titel van haar toespraak is: Uitdagings rondom die beheer en bestuur van Suid-Afrikaanse universiteite in die huidige tydsgewrig. Die Rektor, asook die President van die Konvokasie, prof Pieter Kapp, sal beide enkele mededelings by die geleentheid maak. Die volledige agenda verskyn reeds op die Konvokasie se webblad, www.matiesalumni.net en sal ook eersdaags in die pers geadverteer word.

- **Lede van die Konvokasie word vriendelik versoek om te RSVP vir die vergadering. Kontak me Eline Kruger by tel. 021 808 4910, via faks by 021 808 4576 of per e-pos by esk@sun.ac.za .**

9&10 DES/DEC

PROGRAM/ PROGRAMME

www.matiesalumni.net/boschfees

'BOSCH FEES·FEST 2009

Beste MatiesAlumni en ander Matie-vriende

Desember is kuiertyd. En daarom nooi ek jou uit na die heel eerste 'BoschFees wat in Desember in Stellenbosch gehou word. Ek koester lank reeds die ideaal van 'n fees vir MatiesAlumni. Toe die gedagte by die US Raad en die President van die Konvokasie byval vind, was die besluit maklik: baie van ons alumni kom in elk geval gedurende Desember die batterye in die Boland en omstreke herlaai, so waarom nie die geleentheid skep vir die groot familie van MatiesAlumni om saam te kuier, saam te praat en sommer die ou bande opnuut te smee nie?

Die 'BoschFees val natuurlik saam met die Desember-gradeplegtighede en daarom is die gedagte ook dat huidige Maties wat in Desember graadvang tesame met hul ouers, waarvan heelwat ook alumni is, kan kom saamkuier.

Die Fees gaan egter nie net oor saamkuier nie, maar ook oor belewenisse. Vir hierdie doel het die Alumni-kantoor 'n opwindende program van aktiwiteite saamgestel – van akademiese gesprekke tot wynproeë en verskeie ander vermaaklikhede vir die hele gesin in en om Stellenbosch.

As afsluiting van die fees nooi ek jou ook graag na 'n skemeronthaal op 10 Desember op Coetzenburg. Die onthaal loop dan oor in die jaarlikse Konvokasievergadering.

Ek sien daarna uit om jou op 9 en 10 Desember op die Bos te verwelkom!

Vriendelike groete
Prof H. Russel Botman
Rektor en Visekanselier

Registrasie

Kom kuier saam met ons oor 'n glasie US wyn in die Sanlamsaal waar jy jou inligting kan opdateer, aanlyn-foto's uit jou studentedae kan koop en jou geskenksak met volledige 'BoschFeesprogram sal ontvang.

Plek: Sanlamsaal, Neelsie Studentesentrum
Datum: Woensdag en Donderdag 9 & 10 Desember 2009
Tyd: 09:00 – 17:00

Só maak jy met akkommodasie

Ons sien daarna uit om ons MatiesAlumni terug op kampus te verwelkom. Vir diegene wat akkommodasie benodig, is daar is 'n aantal goed geplaasde gastehuise binne loopafstand van die Alumni-kantoor. As 'n alternatief kan 'n paar nostalgiese nagte in een van die volgende koshuise deurgebring word:

- Erica
- Serruria
- Goldfields
- Studentehuise
- Nemesia
- Dagbreek
- Huis De Villiers

Besoek asseblief www.matiesalumni.net/boschfees vir inligting oor die gastehuise of kontak Mathilda Bekaardt by tel: 021 808 2895, of e-pos: mbekaardt@sun.ac.za vir meer inligting oor akkommodasie in koshuise (jy kan aanlyn bespreek).

Haal uit en bring saam
Pull out and bring al

Akademiese lesingprogram (Donderdag 10 Desember)

Tyd	Bedryfsielkunde Lokaal 3001	Bedryfsielkunde Lokaal 1006	Bedryfsielkunde Lokaal 1008	Wallenberg Navorsingsentrum
09:00 – 09:45	**Taal in diens van mense of mense in diens van taal? Perspektiewe op taalbeplanning aan die US** *Prof Leon de Stadler* Die Universiteit Stellenbosch is teen hierdie tyd bekend vir die taal-debatte wat oor haar taalbeleid gevoer word. Kom luister na die nuutste taalbeplanningsinisiatiewe. **AE**	**Is vrugte rooi net om aantreklik te wees?** *Dr Wiehann Steyn* Gewoonlik eet voëls ryp vrugte wat rooi en swart is, terwyl soogdiere vrugte verkies wat geel, bruin en groen is. Ontdek die redes hiervoor by hierdie fassinerende praatjie. **A**	**Stellenbosch University and the Football World Cup 2010** *Gugu Ntuli* The Sport Performance Institute (SUSPI) aims to make Stellenbosch the training base for at least one 2010 World Cup soccer team. Come and hear about the spin-offs for the university's soccer academy and development programmes for local youth. **E**	**Agricultural Development** *Prof Johan van Rooyen and Ms Monika Basson* Our Agricultural Development Project aims to support and direct transformation in South Africa's farming sector, via technology transfer, mentorship programmes and agri-business advice. **AE**
10:00 – 10:45	**Alumni of the Knowledge Society: A Perspective** *Prof Yusef Waghid* The university is inextricably linked to modern society. Just as our graduates are encouraged to engage critically with this society, so the needs of this society inform the role and response of our university. **E**	**Centre for Comics, Illustration and Book Art** *Prof Keith Dietrich* Be inspired by this new interdisciplinary Centre, which aims to develop talent and promote public understanding and interest in comic art, illustration and book art. **E**	**Vreesaanslagte as nuwe perspektief in MIV/VIGS reklame – veldtogte om die jeug se seksuele gedrag te verander** *Dr Marlize Terblanche-Smit* Kom luister gerus na die interessante bevindinge van 'n ondersoek na die invloed van aspekte soos vrees, houdings teenoor advertensies, ernstigheidsgraad, ontvanklikheid en self-waarde. **AE**	**MediaAfrika** *Prof Lizette Rabe* Strong media and well-trained media professionals are integral to a healthy democracy. Find out how the university's multimedia training and research centre is pursuing excellence in journalism. **AE**
11:00 – 11:45	**Is Suid-Afrikaanse studenteleiers krities genoeg?** *Lewellyn Macmaster, Rudi Buys, Dr Wynoma Michaels, SR voorsitter* Kom luister na die insette en perspektiewe van die US Studentedekaan, SR Voorsitter en IGubu studenteleiers-fasiliteerders in SA se tersiêre instellings. **AE**	**In Search of Hidden Theatre** *Mr Johan Esterhuizen* Find out more about the richly talented performers who entertain audiences at the annual BUYA Schools Theatre Festival…largely hidden from the public due to a minimum of publicity and hype. **E**	**What is Biomedical Engineering?** *Prof Cornie Scheffer* Discover how biomedical engineers apply their expertise in biology, physics, maths, engineering science and communication to make the world a healthier place. **AE**	**Ukwanda – Rural Clinical School** *Eben Mouton and Lindsay-Michelle Meyer* The Rural Clinical School provides a unique platform for professional health workers to gain relevant clinical training, while providing much needed health services to rural communities. **AE**
12:00 – 12:45	**The MXit Evolution: Taking "staying in touch" to a new level** *Herman Heunis* MXit is a favourite communication tool for South African teens, but has it overcome the misgivings of parents, teachers, and a bad press? Is MXit perhaps one of the catalysts Africa needs to elevate itself? **E**	**Morele kwessies en perspektiewe oor die jongste ontwikkelings in stamsel-geneeskunde** *Prof Anton van Niekerk* Stamsel-geneeskunde bied opwindende moontlikhede maar moeilike etiese kwessies. Ons bekyk die morele status van embrio's; respek vir menslike weefsel en die koste en kommersialisering van weefsel en medikasie, veral in die Afrika-konteks. **AE**	**Biofuels and food production: Opponents or potential partners towards a sustainable future?** *Prof Emile van Zyl* Food versus biofuel. Come and hear about new technologies that create the potential for partnership, instead of conflict, between agriculture and biofuel production. **AE**	**The Africa Centre for HIV/Aids Management** *Prof Jan du Toit* Impacting communities and academia with our message of AIDS prevention and management, the Africa Centre for HIV/Aids Management attacks this scourge with the weapon of education. **AE**
13:00 – 14:00		**NEELSIEGAT – KOM ONTSPAN SAAM MET ONS OOR MIDDAGETE IN DIE NEELSIE** ◄ **Emo Adams:** Emo Adams se aansteeklike vertoning het verhore gaande sedert hy sy professionele debuut in David Kramer & Taliep Petersen se *District Six The Musical* gehad het. Sy vars klanke, gevatheid, en energieke styl van vermaak het hom een van Suid-Afrika se gesogste kunstenaars gemaak. Sy eerste album, *Tall, Dark & Afrikaans* het die 2008 Tempo toekenning vir Best Out of the Box album gewen. Daar is geen beter manier om jou middagete deur te bring as in die geselskap van hierdie charismatiese kunstenaar nie! ***Gratis. Geen besprekings nodig nie.***		
14:00 – 14:45		**Innovation to market – how to make patents work for you** *Anita Nel* Universities and entrepreneurs have to rethink the process of commercialising the products of innovative research. We identify the challenges of, and possible approaches to, new patent legislation. **AE**	**Stellenbosch in 2020** *Abel Sithole* The Deputy Director at the Institute for Future Studies will share some of the interesting external and internal influences shaping the development of Stellenbosch. **E**	**Sentrum vir Kompleksiteitstudies** *Prof Eugene Cloete, Prof Jannie Hofmeyr* Hoor hoe die Sentrum die kennis van skynbaar uiteenlopende dissiplines integreer, om vars perspektiewe oor chroniese sosiale problem te vind. **AE**
15:00 – 15:45	**What it takes to win two Rugby World Cups: Visual Performance Skills** *Dr Sherylle Calder* Dr Calder has earned world-wide respect for her groundbreaking work in visual skills training. She is credited with helping England and South Africa to victory in the Rugby World Cup tournaments of 2003 and 2007, respectively. **E**	**Transformation as Ideology and Government in SA: Perspectives and Perceptions** *Prof Erwin Schwella* We explore the term 'transformation' as the driving force behind government activity, and in the context of our country's Constitution. Listen to clear insights on issues like service delivery, and have your opinion heard! **AE**	**Skool vir Nagraadse Navorsing: Lettere en Sosiale Wetenskappe** *Prof Hennie Kotzé en Prof Johann Groenewald* Ons het Afrika-kundiges vir Afrika-probleme nodig. Die Skool vir Nagraadse Navorsing kweek die denkers en leiers wat ons nodig het om oplossings te kry vir die kritieke uitdagings wat Afrika en die wêreld in die gesig staar. **AE**	**Centre for Invasion Biology** *Prof Steven Chown* At the forefront of research into invasive species, biodiversity and ecological systems, the Centre seeks relevant ways to reduce the threat of biological invasions on environmental sustainability. **E**
17:00 – 18:45	**REKTOR SE ONTHAAL VIR ALUMNI EN VRIENDE** *Die markiestent sal tussen Jannie Marais-huis en die Danie Craven-stadion wees.* Musiek, vermaak, vure, heerlike kos en Stellenbosch wyne gaan die 'BoschFees op 'n gesellige wyse afsluit. Die Rektor, prof Russel Botman nooi alle MatiesAlumni en vriende om by hom aan te sluit tydens dié spesiale skemeronthaal. Moet dit nie misloop nie! **RSVP: Bywoning is gratis** en besprekings kan aanlyn by www.matiesalumni.net/boschfees gedoen word. Vir verdere navrae kontak gerus me Wena van der Merwe by 021 808 4020 of wvdm@sun.ac.za			
19:00	**JAARLIKSE KONVOKASIEVERGADERING** *DF Malan-sentrum, Coetzenburg* Na afloop van die Konvokasievergadering word teenwoordiges genooi om by die Konvokasiebestuur in die tent aan te sluit vir 'n onthaal. Die Rektor tree as gasheer van hierdie geleentheid op. **RSVP:** Bespreek asb aanlyn by www.matiesalumni.net/boschfees of direk by die Registrateurskantoor, me Eline Kruger, esk@sun.ac.za of 021 808 4910.			

www.matiesalumni.net/boschfees

Visitors' Programme

Fresh from being named Best Tour Guide in the country (*Indaba 2009*), our very own Pietman Retief has organised a memorable 'BoschFest leisure programme.

We asked Pietman, 'Just what is it that makes Stellenbosch so special?'

Wine, history, architecture, culture, art. Stellenbosch really has something to interest everyone. For me, the tour of the brandy distillery and cellar is a personal favourite. But I'd say that one of the main attractions of Stellenbosch is the historic atmosphere of this beautiful town. Stellenbosch is also rich in arts and culture.

At the moment, art lovers have the rare opportunity to view an exhibition of 27 bronze sculptures by the legendary French sculptor, Auguste Rodin, at the Rupert Museum. And the 'BoschFest programme includes a performance of the hugely popular *Swingtime*, by Bovim Ballet.

WINE

Wine and Biltong Experience
Today, the art of biltong making is as specialised as the art of wine making. Pair two of South Africa's most well loved products in an interesting wine and biltong tasting experience.

9&10 December
09:00 – 16:00
Stellenbosch Hills Winery
021 881 3828
R35 per person

Winelands bicycle tour
Take a scenic ride through the breathtaking winelands. Hire a bicycle (or bring your own) and stop off en route to visit various wine cellars. Tours cater for various ability and fitness levels.

9&10 December
09:00 – 16:00
Stellenbosch Tourism and Information (STI)
021 883 3584
Prices vary according to routes and cellars

Brandy tasting and distillery tour
Take a tour through an award winning, working distillery where we demonstrate the age-old art of coopering. Finish off with a brandy tasting, paired with Belgian chocolate and Honduran coffee.

9&10 December
Cellar tours:
10:00; 11:30; 15:00
Van Ryn's Distillery and Brandy Cellar
021 881 3875
Prices start at R35, depending on your choice of tastings. *Discount for alumni.*

Sparkling wine cellar tour
Taste the magical sparkle of South Africa's most popular range of bubblies. Visit the cellar and take a tour, guided by one of our resident experts in the Method Cap Classique – the time-honoured process that has been used to make French champagne for centuries.

9&10 December
Cellar tours:
10:00; 11:30; 15:00
House of JC le Roux
021 865 8200
Prices vary from R30, according to your choice of tasting. *Special prices for alumni.*

Wine tasting
One is spoilt for choice when it comes to top class wine tasting, with over 150 wine estates in the Stellenbosch Wine of Origin region alone. Many of these estates will be making MatiesAlumni feel especially welcome with discounts on wine sales, special wine tasting and food pairings. Stellenbosch Tourism and Information can offer advice and organise a driver should you need one.

9&10 December
10:00 – 16:00
Stellenbosch Tourism and Information
021 883 3584
Prices for tasting and sales vary from cellar to cellar

Wine tasting and light lunch
Join the owner and winemaker as they personally present a wine tasting and light lunch for MatiesAlumni, at the home of Morkel wines.

9&10 December
12:30
Bellevue Wine Estate
Dirkie Morkel
021 865 2055

Scenic donkey wine tasting tour
See the winelands as never before! Take a unique guided walk through the vineyards of the Polkadraai Hills, overlooking the spectacular beauty of False Bay. You'll be accompanied by donkeys to carry your bags, and all the supplies for a memorable outdoor wine tasting and picnic.

9&10 December
11:00
Bein Wine Cellar
Ingrid 072 629 3867, or lib@bein.com
R85 per person

FOOD

'BoschFest eating
MatiesAlumni are especially welcome at some perennial Stellenbosch favourites. Amongst others, Volkskombuis, Aan-de-Oewer, Jan Cats (at the Stellenbosch Hotel) and the Devon Valley Hotel will be offering special meals and discounts for alumni during the 'BoschFest.

9&10 December
Lunch
Volkskombuis and Aan-de-O
021 887 2121
Jan Cats 021 887 3644

Spit braai
Join us at L'Avenir Wine Estate for a festive spit braai and social evening.

8 December
Contact Leona
021 889 5001

Safari Lunch
Take a safari with a difference! This travelling lunch offers a different course at each of three beautiful wine estates in the Devon Valley: Clos Malverne, Stellekaya and Middelvlei.

12 December
Contact Althea Williams
021 883 2565

GESKIEDENIS EN KULTUUR

Wandeling deur historiese Stellenbosch
Historiese Stellenbosch kan die beste te voet waardeer word. Wandel rustig al langs die pragtige strate met hulle eikebome, en ontdek die ryk kulturele en en argitektoniese erfenis van die 'Bosch.

9&10 Desember
11:00
Stellenbosch Toerisme & Inligtingskantoor
Sandra 021 887 9150
R80 per persoon

Spookwandeling met gidse
Hierdie gewilde wandeling wat deur Pietman Retief en die bekende argitek, Hannes Meiring, gelei word, volg die historiese strate van Stellenbosch terwyl ons luister na geskiedenis en legende. Die ligte langs Dorpstraat word vervang deur kerslig wat flikker in die vensters van die dorp se beroemdste bakens. Ons sluit af met aandete in een van die historiese geboue.

9 Desember
19:00
Stellenbosch Museum, Ryneveldstraat
Esme 021 887 2937
R150 per persoon

Universiteit Stellenbosch Botaniese Tuin
Die universiteit ondersteun die botaniese tuin al lank, sedert die opening in 1923. Word geïnspireer deur die skoonheid en diversiteit van een van Stellenbosch se beste geheime, in die historiese kern van die dorp. Geniet middagete op die "reënwoud-patio", in die skadu van 'n manjifieke rooihoutboom.

9&10 Desember
Tuin oop vanaf 08:00 – 17:0
Middagete word vanaf 12:0
bedien.
Besprekings vir restourant:
021 808 3025

ART

Guided art tour
Stellenbosch is home to some of the best art collections in South Africa. We begin our guided walking tour at the Sasol Art Museum. Here, SU has rich holdings of sculpture; paintings; ceramics and graphics by South African and foreign artists; as well as prehistoric artefacts; South Western and Central African domestic and ritual objects; weaponry and costumes.

9&10 December
11:00; 15:00
Sasol Art Museum
Miriam 082 576 3802
R80 per person

Stellenbosch Art Gallery
This well known art gallery is offering special discounts to MatiesAlumni who wish to purchase artwork during the 'BoschFest.

9&10 December
Open from 09:00 – 17:00
Stellenbosch Art Gallery, Ryneveld Street
021 887 8343

VERMAAK

Bovim Ballet bied aan *Swingtime*
Die *Cape Times* beskryf dit as "Joyous, stunning, visually and aurally delightful". Moenie die kans laat verbygaan om te sien hoe Sean Bovim se ballet-geselskap die grootorkes-era van 1930's Broadway herskep nie, kompleet met skitterende kostuums en 'n asemrowende stel. *Swingtime* kombineer ballet *en pointe* met die jazz-ritme van klassieke treffers soos *Fever, Miss Jones* en *Mister Bojangles.*

9 Desember
20:15
Oude Libertas Amfiteater
Besprekings by 021 809 74
R110 tot R150 per persoon

Lesley Ray Dowling en Schalk Joubert by die Dorpstraat Teater
Die Dorpstraat Teater is bekend vir die aanbieding van groot vermaaklikheidsname in Suid-Afrika. Eindig die dag se feesviering met aandete en 'n musiekvertoning deur hierdie twee bekende kunstenaars.

9 Desember
19:00
Dorpstraat Teater
Besprekings: Anita 021 809
Pryse wissel volgens aandetebestelling

Het jy nog inligting nodig?

Volle 'BoschFees-besonderhede sal beskikbaar wees by **www.matiesalumni.net/boschfees**. Besoek die fees webruim om meer uit te vind oor gebeurtenisse, gedetailleerde skedules, akkommodasie en 'n e-pos-skakel vir enige verdere vrae. Kontak ger die Alumni-kantoor by 021 8084020, of me Wena van der Merwe by e-pos: wvdm@sun.ac.za

Eregraadontvangers. Proff John de Gruchy, Denise Ackermann, Wentzel van Huyssteen, Mercy Oduyoye en Bernard Lategan. Foto: Anton Jordaan (SSFD)

Teologie *feesjaar* laat reg geskied aan verlede én toekoms

Die Fakulteit Teologie het vanjaar 'n besonderse mylpaal gevier. Prof Elna Mouton, Dekaan van die Fakulteit, gee hier 'n persoonlike blik op 'n feesjaar met vele hoogtepunte, hoendervleis-oomblikke, maar ook tye van diepe besinning oor die pad vorentoe.

Die Fakulteit Teologie het verwag dat 2009 'n betekenisvolle jaar sou wees. Dit is immers die 150ste herdenking van die dag toe die NGK Seminarium se deure in hierdie einste gebou geopen het - die eerste van talle opvoedkundige instellings in dié dorp. Dus 'n belangrike herdenking vir teologie, en ook vir die dorp en Universiteit.

Dit was vir die Fakulteit belangrik om reg te laat geskied aan hierdie oomblik. Ons wou nie net die hier en nou van teologie herdenk en vier nie.

Daar is reeds drie jaar gelede met die beplanning begin. Natuurlik eers 'n komitee, wat kleintjies gekry het, met voorsitters en verteenwoordigers en afgevaardigdes. En grootse planne, en nog groter begrotings, en baie, baie vergaderings. Daar moes 'n gedenkboek, konferensies, kunsuitstallings en konserte wees. Die gebou en die tuine moes reggeruk word. Al die alumni moes opgespoor en genooi word, asook vennote en medewerkers en kollegas van heinde en verre.

Geleidelik het die jaar uitgekristaliseer met 'n veelsydige program en die mense en bronne om dit moontlik te maak. Teen einde 2008 is al wat teoloog of ontluikende teoloog is, maande lank omhul deur 'n gehamer en stofwolke soos die gebou en tuine liefderyk tot hul volle glorie herstel is.

Historiese foto's is gerestoureer, geraam en nuut gegroepeer. Die antropologiese versameling is met sorg gesorteer en verpak met die oog op restourasie en 'n nuwe uitstalling wat die stukke beter sal bewaar. Artefakte wat deur die jare op die perseel gevind is, wat die terrein van die eerste gebou (Drostdy) op Stellenbosch was, is ook vir uitstalling gesorteer en herstel.

Die belangrikste aspek van ons voorbereidings was egter die vraag hóé ons 150 jaar van teologiese

opleiding wou herdenk. In Suid-Afrika was die afgelope 150 jaar kompleks. En hierdie fakulteit het allermins kompleksiteit vrygespring.

Dit is 150 jaar gelede as 'n teologiese seminarium gestig wat, met behulp van Nederlandse hoogleraars, predikante vir die NG Kerk sou oplei – 'n inisiatief wat die voorloper geword het vir die vestiging van skole en kolleges as voedingsbron, en later die Universiteit. So het Stellenbosch se unieke karakter as studentedorp ontwikkel.

Van die eerste alumni van die seminarium het landwyd en verder uitgereik na buurlande en krygsgevanges. Vandag herlei talle gereformeerde kerke in lande soos Zimbabwe, Malawi, Mosambiek, Botswana, Zambië en selfs Nigerië hul wortels na Stellenbosch.

Baie ander alumni het in Suid-Afrika prominente kerk-, gemeenskaps- en politieke leiers geword.

Teen die tyd dat die Seminarium in 1963 'n fakulteit van die Universiteit Stellenbosch geword het, het die wolk van apartheid swaar oor ons land gehang. Die Fakulteit is mettertyd, soos die NG Kerk, al sterker daarmee vereenselwig. Boonop is die Fakulteit se teologie dikwels as verdag beskou, terwyl kerk en regering nie geskroom het om ongeregtigheid en menseregteskendings met godsdiens te regverdig nie. Selfs as fakulteit was die instelling tot laat in die 20ste eeu hoofsaaklik wit NG Kerk terrein, en wat dosente betref tot en met die negentigerjare eksklusief manlik.

In 2000 het die Teologiese Skool van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika vanaf die Universiteit van Wes-Kaapland na Stellenbosch geskuif. Sedert 2003 lei die Fakulteit amptelik ook predikante vir die Uniting Presbyterian Church of Southern Africa op. In 2000 is 'n vrou vir die eerste keer as voltydse dosent in teologie hier aangestel.

Die Fakulteit ontwikkel reeds vir etlike jare as 'n ekumeniese instelling wat doelbewus akademiese uitnemendheid nastreef, met toeganklikheid en diversiteit op talle vlakke. Dit was en is nie 'n eenvoudige proses nie.

Met hierdie herdenking wou ons die merkwaardige erfenis van Seminarium én Fakulteit gedenk, maar ook die stil stemme deur die jare erken. Ons wou nie net sensitief wees vir diegene vir wie Teologie Stellenbosch 'n trotse erfenis is nie, maar ook vir dié wat deur die jare uitgesluit en seergemaak is. Ons wou álmal saamneem. En ons wou, veral, die jaar gebruik as lanseerpunt vir 'n toekoms waarin die Fakulteit al meer 'n gasvrye ruimte is vir mense van verskillende omgewings, tradisies, ervarings en oortuigings wat uitmuntende teologie wil beoefen. Vandaar die naam van die feesjaar, Teologie Stellenbosch 150+.

Die belangrikste aspek van ons voorbereidings was egter die vraag hoé ons 150 jaar van teologiese opleiding wou herdenk.

Met hierdie herdenking wou ons die merkwaardige erfenis van Seminarium én Fakulteit gedenk, maar ook die stil stemme deur die jare erken.

'n Vol program

Nou kyk ons terug op die jaar 2009. Die verrigtinge het amptelik op 2 Februarie met die Teologiese Dag begin met die tema: Teologie in die spiraal van herinnering en hoop, en afgesluit met die feesnaweek en gedenkdiens op die presiese dag, 1 November, waarop die Seminarium 150 jaar gelede geopen het. Tussenin was die jaar volgepak met internasionale konferensies, onder meer die Gesamentlike Konferensie vir Werkgemeenskappe in Suid-Afrika, waarby meer as 500 gaste van oral in die land 'n week lank in en om die Fakulteit vergader het, die jaarvergadering van die Network for African Congregational Theology (NetACT), wat deur afgevaardigdes van talle Afrika-lande bygewoon is, 'n konferensie oor die geskiedenis van teologiese opleiding op Stellenbosch, 'n konferensie ter herdenking van die 500-jarige geboortedag van Calvyn, 'n konferensie oor die bevordering van menswaardigheid (in samewerking met die Protestantse Teologiese Universiteit in Kampen, Leiden en Utrecht) en selfs 'n unieke teologiese konferensie deur studente vir studente (en ander belangstellendes).

Die akademiese hoogtepunt was sekerlik die toekenning op 2 September van eredoktorsgrade aan vyf teoloë: professore Denise Ackermann, John de Gruchy, Bernard Lategan, Mercy Oduyoye en Wentzel van Huyssteen. Op die program het gestaan: "Vandag vereer Universiteit Stellenbosch vyf kollegas wat 'n unieke en buitengewone bydrae tot die bevordering van teologie as wetenskap gelewer het, veral op die gebied van ekumeniese en kontekstuele teologie – in Suid-Afrika, op die Afrika-kontinent, en wêreldwyd. Ons glo dat hierdie vyf eredoktorsgrade ook 'n publieke stelling maak oor die transformerende, lewegewende aard van die instelling wat die Fakulteit Teologie nóú en in die toekoms wil wees". En niemand wat die dramatiese akademiese optog deur die strate en roerende plegtigheid bygewoon het, kan twyfel dat presies dít gebeur het nie.

Die hoendervleis-oomblikke was volop. Daar was talle moedig eerlike, aangrypende en net eenvoudig briljante referate en toesprake, die uitstalling van lydens-kunswerke, Canticum Novum se uitvoering van Die Messias, die Libertas-koor se uitvoering van Jericho!, nóg musiekuitvoerings, kerkdienste, boekbekendstellings.

'n Onvergeetlike oomblik was toe John de Gruchy, wat dekades lank die Fakulteit se lojale vriend dog streng kritikus was, tydens sy referaat by die konferensie Teologie en Toekoms letterlik en figuurlik sy hoed afgehaal het vir die rigting waarin die Fakulteit beweeg.

Die klimaks in terme van suiwer energie was ongetwyfeld die tien dae waarin studente van drie ander teologiese fakulteite op Stellenbosch neergedaal het en met hul Matie-eweknieë meegeding en saamgedoen het op sportvelde, verhoë, podiums, wynplase oor feitlik die hele Boland. Ons het lanklaas so baie gelag, so hard gedink en so oud gevoel!

'n Erediens op 1 November* is waarskynlik die geestelike hoogtepunt met mens en muis wat die NG Moederkerk in Stellenbosch sal vol sit – net soos die handjie vol teologiese studente en dosente 150 150 jaar gelede. Ons sal 15 dekades van genade herdenk met die hoop en geloof dat dié genade ook die pad vorentoe sal oorspoel, 'n pad waarop ons al beter en wyer en hegter hande sal (moet) vat.

Ons het verwag dat 2009 'n betekenisvolle jaar sou wees. Ons het die helfte nie geweet nie. Ons bedank elke personeellid, student en medewerker, elke alumnus en alumna, elke besoeker wat saam met ons 'n merkwaardige verlede herdenk het, maar méér nog, 'n sonderlinge toekoms help oopsluit. m

***Die afsluiting van die feesjaar op 1 November het plaasgevind nadat *Matieland* reeds drukkers toe is.**

The Faculty of Theology celebrates 150 years of dasein in 2009. Giving a personal account of the celebrations in the article, Prof Elna Mouton, the Dean of the Faculty, is of the opinion that it was very important for the Faculty not to celebrate the here and now of theology only, but also the past and particularly the future. "With this celebration we wanted to commemorate the heritage of the Seminary and the Faculty as well as the quiet voices through the years. We did not only want to be sensitive to those to whom Theology Stellenbosch is a proud heritage, but also to those who were excluded and wounded through the years. We wished to take everyone along. And we specifically wanted to use this year as a launch pad for a future in which the Faculty is an increasingly hospitable space for people from different environments, traditions, experiences and convictions who wish to practise excellent theology.



Foto: Anton Jordaan (SSFD)

Die Universiteit Stellenbosch se Biblioteek- en Inligtingsdiens het vanjaar afskeid geneem van die meester-restourateur, Henri Wirth, ná 45 jaar se getroue diens aan die US. Met sy aftrede kom die werksaamhede van die restourasielaboratorium in die JS Gericke Biblioteek ook tot 'n einde aangesien dit blyk dat Henri se besonderse natuurlike talent en gespesialiseerde vaardighede hom haas onvervangbaar gemaak het. Me Mimi Seyffert, Hoof: Spesiale Versamelings van die JS Gericke Biblioteek, neem sy besonderse loopbaan in oënskou.

Onvervangbare restourateur tree af

Henri Wirth is in Duitsland gebore en getoë en het in 1964 op 24-jarige ouderdom na Stellenbosch gekom. Hier is hy aangestel as boekbinder in die destydse Carnegie Biblioteek. Ná baie jare se gespesialiseerde opleiding en ondervinding in die restourasie van verskeie media word hy in 1989 Hoofrestourateur in die JS Gericke Biblioteek.

Henri het tydens sy loopbaan twee keer 'n studiebeurs van die Drie Eeu Stigting in Kaapstad ontvang, wat hom onder meer in staat gestel het om aan die Scuola d'arte per legatori artistici in Ascona, Switserland, te studeer. Die beurs het hom ook die uitsonderlike geleentheid gebied om by die Vatikaanbiblioteek in Rome, die Britse Museum in Londen en die Nasionale Biblioteek in Florence te werk en ondervinding op te doen.

Op eie bodem in Stellenbosch het Henri toegewyd en met deursettingsvermoë in sy selfontwerpte en weltoegeruste laboratorium aan die Universiteit se kunsskatte en die waardevolle boeke, kaarte en dokumente in die biblioteek gewerk. Die afdeling Spesiale Versamelings in die JS Gericke Biblioteek is veral 'n toonbeeld van sy jare lange bydrae en die meeste van die waardevolle items in daardie versameling is op een of ander stadium deur sy hande. Sy baanbrekerswerk ten opsigte van voorkomende bewaring verseker dat hierdie nalatenskap nog lank vir die nageslag bewaar sal word.

Een van die hoogtepunte van Henri se loopbaan was die restourasie van ongeveer 170 verweerde werke van die bekende Suid-Afrikaanse kunstenaar Maggie Laubser, wat aan die US bemaak is. Henri het op daardie vroeë stadium reeds vermoed dat haar werk eendag internasionale erkenning sou geniet en het vir drie jaar lank geswoeg om dié besondere versameling te red.

Ander hoogtepunte wat spesifiek op die Biblioteek- en Inligtingsdiens betrekking het, sluit in die restourasie en bewaring van meer as 100 belangrike Africana-kaarte wat van 1540 tot 1860 dateer, die restourasie van 'n oorspronklike grondbrief, geteken deur Simon van der Stel in 1693, en die restourasie en raamwerk van 19 miniatuur-waterverfskilderye van die Stellenbosch-omgewing deur die 19de-eeuse kunstenaar Julia Bullock-Webster.

Henri het ook deur die jare 'n beduidende rol gespeel in die restourasieberoep in die algemeen en het talle lesings oor sy vakgebied plaaslik en internasionaal aangebied. Hy was lid van verskeie internasionale professionele liggame, waaronder IADA (Internationale Arbeitsgemeinschaft der Archiv-, Bibliotheks- und Graphik restauratoren) en ook 'n stigterslid van SAPCON (South African Preservation and Conservation Group) in Suid-Afrika. Die metodes vir konservasie-raamwerk wat hy spesifiek vir Suid-Afrikaanse toestande ontwerp het asook die ontwikkeling van 'n nuwe metode vir die integrasie van 'n ou dokument op nuwe papier met behulp van sellulose vesels het hom plaaslike en internasionale erkenning binne die restourasiegemeenskap besorg.

Henri ontvang in 1996 die Erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en word daarmee die eerste en enigste persoon om dié toekenning binne die gebied van kuns- en papierrestourasie te ontvang. Hy lewer 'n onskatbare bydrae tot die bewaring van erfenis in sy tweede vaderland en word veral daarvoor waardeer en gerespekteer. Sy aftrede laat 'n groot leemte binne die Universiteit Stellenbosch en spesifiek ook binne die Biblioteek- en Inligtingsdiens, wat al die jare by die luukse van 'n professionele restourateur in hul midde gebaat het.

The Stellenbosch University Library and Information Service recently said goodbye to master restorer Henri Wirth after 45 years of service. With his retirement, the operation of the restoration laboratory as we know it sadly also comes to an end, as Mr Wirth's expertise and natural talent proved truly irreplaceable. Read the full article at www.matiesalumni.net



Dr Frederik Van Zyl Slabbert en sy vrou Jane

Kanselier lê tuig met swaar hart neer

Die Kanselier se seremoniële hoed is as aandenking aan dr Slabbert oorhandig deur die Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman.

"Dit is met spyt en teleurstelling dat ek hierdie besluit aan my *alma mater* moet oordra, veral omdat ek aan die amp van Kanselier van die Universiteit Stellenbosch besondere betekenis heg. As student en dosent van die US het ek van die rykste ervaringe en geestelike verruiming hier ervaar. In die kort tyd dat ek Kanselier was, is ek beïndruk met die huidige leierskap van die Universiteit, veral hul toekomsgerigtheid en ek wens die Bestuur en die Raad alle heil en sukses toe met hierdie uitnemende instansie."

Met hierdie woorde het dr Frederik Van Zyl Slabbert, dertiende Kanselier van die Universiteit Stellenbosch, onlangs sy besluit aan die Universiteit oorgedra om die amp as Kanselier neer te lê.

Dr Slabbert, 'n gerespekteerde politieke analis, het hom ook aan deelname aan openbare forums onttrek sowel as aan die direksies van maatskappye en publieke organisasies waarin hy dien. Hy het ook sy rol en betrokkenheid as konsultant vir uiteenlopende maatskappye en organisasies afgeskaal.

Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, het met die nuus van dr Slabbert se uittrede gesê dat die Universiteit met spyt kennis geneem het van dr Slabbert se besluit, maar dat die Bestuur en die US Raad volle begrip het daarvoor dat hy sy bedrywighede wil afskaal om meer tyd met sy eggenote en familie deur te bring.

Erkenningsgeleentheid

Dr Slabbert is by 'n spesiale erkenningsgeleentheid in Oktober deur die Universiteit vereer. By die geleentheid het prof Jannie Gagiano, 'n jare lange huisvriend van die Slabberts, hom beskryf as iemand wat die gawe het om 'n leier te wees en dat dit 'n kenmerk regdeur sy lewe is. Prof Gagiano het 'n brief van die skrywer en digter Breyten Breytenbach aan dr Slabbert voorgelees.

In die brief skryf Breytenbach: "Noudat jy hierdie laaste amp neerlê, wil ek vir jou sê - *moet* ek vir jou sê - jou lewe en loopbaan as openbare figuur was 'n voorbeeld en 'n inspirasie en sal so bly. In die donker jare het jy ons hoop en 'n visie op die toekoms gegee deur net eenvoudig te weier dat ons almal in één rassistiese en mensonterende kraal gejaag word. "Daar sal nog lank gepraat en geskryf word oor die vele projekte waarby jy betrokke was, wat jy op die been gebring het - altyd ten bate van die opbou van gemeenskappe en die vestiging van demokrasie. Dit moet erken en na behore gewaardeer word sodat ons verder daaruit kan leer."

Hy skryf ook: "Jy is 'n koppige en partykeer wederstrewige mens wat net nooit wou toelaat dat daar teen die minder bevoorregtes en minder gegoedes gediskrimineer word nie. Jy het vreesloos onder alle dogmas en boelies ingeseil soos dit 'n goeie losvoorspeler betaam... Jou hart is so groot soos hierdie kontinent. En jy het 'n klein hartjie. Hoe dikwels het ek nie gesien hoe lief en hoe goed jy vir kinders is en hoe hulle in alle vertroue tot jou aangetrokke voel nie!"

Breytenbach beskryf dr Slabbert ook as vredemaker: "En daarby was jy 'n vredemaker en 'n voorsitter. Om die waarheid te sê, jy het so baie voorgesit - soms ongeduldig maar altyd regverdig - dat ek jou sommer Mister Chair genoem het."

Lang verbintenis

Dr Slabbert het 'n lang en gevierde verbintenis met die US. Hy het die grade BA (1961), HonsBA (*cum laude*, 1962), MA in Lettere en Wysbegeerte (1964) en DPhil (1967) aan die Universiteit verwerf. Terwyl hy op Stellenbosch was, het hy ook gedien as inwonende hoof van die manskoshuis Majuba asook van Simonsberg. Hy het ook verskeie onderrigposte aan die US beklee. Hy is op 1 Augustus 2008 as Kanselier van die Universiteit ingehuldig.

Dr Frederik van Zyl Slabbert, who recently decided to withdraw from participation in public forums and to scale down his involvement as consultant and director of various companies and organisations, has also resigned as Chancellor of Stellenbosch University. He was honoured at a special event in October. Dr Slabbert has had a long and celebrated association with SU. He was installed as Chancellor of SU on 1 August 2008.


Photo: Anton Jordaan (SSFD)

Students need more than technical and professional skills, academic knowledge and even qualifications to face the new challenges of both work and life.

Developmental workshops

will assist students to live more fully, enter world of work more successfully

This has put in motion a groundbreaking project at Stellenbosch University (SU) to develop state-of-the-art, student-centred workshops that aim to optimise student potential at higher-education institutions in Southern Africa.

According to Prof Charl Cilliers, driving force behind these workshops and Director of the Centre for Student Counselling and Development, counselling centres or units at higher-education institutions in South Africa do offer developmental workshops but they are experiencing a rise in the severity of problems that students are exhibiting.

"Focus is therefore shifting towards crisis intervention - to the possible detriment of these developmental programmes. Centres and units should subsequently be empowered to improve this component of their core functioning urgently. Our project also serves as one of the many platforms and processes of Stellenbosch University's progress towards a pedagogy of hope."

Extensive research provided the directive for the topics and themes of the project, which will include self-management (such as wellness, time management and the handling of stress), career branding and even much-needed but often-neglected communication skills.

Contemporary methods and strategies will be concentrated on to ensure practical application beyond mere knowledge and attitudinal shifts. These methods and strategies will initially be offered as additional workshops for which students will have to enrol themselves. A creative marketing programme will be included in the package that each participating institution will receive.

An independent PhD study will provide scientific evidence of the experience and impact of the project by the end of 2012.

Golden Key International Honour Society, the world's largest academic honour society that recognises and encourages academic excellence amongst the top 15% of university students, acts as the sponsor of this initiative and the project is supported by the Southern African Association for Counselling and Development in Higher Education.

"This innovative and exciting five-year project will be piloted in the Western Cape during the first six months of 2010, after which the workshops will be rolled out at participating centres and units, perhaps internationally.

"This innovative and exciting five-year project will be piloted in the Western Cape during the first six months of 2010, after which the workshops will be rolled out at participating centres and units, perhaps internationally. The project will seek to empower and improve student counselling and career and development centres and units at all participating institutions in order to meet the identified challenges," said Prof Cilliers.

According to Ms Charlene Gunter, Director: Golden Key South Africa, the initiative will "enable all higher-education institutions to stimulate a healthy student culture by understanding the impact of life and the importance of education".

- **MatiesAlumni are invited to contact Prof Charl Cilliers at 021 808 4971, 082 803 3050 or cdc@sun.ac.za to give their input on what is required for entering the world of work successfully.**

Werkgewers

kan só Maties kom werf

Die Universiteit Stellenbosch se Loopbanekantoor, 'n onderafdeling van die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling, het weer vanjaar 'n suksesvolle Werwings- en Loopbaanontwikkelingsprogram in Augustus aangebied.

'n Totaal van 88 maatskappye het aan vanjaar se program deelgeneem wat ook werksessies in die skryf van CV's en onderhoudvoering ingesluit het.

"Een van die hoofdoelwitte van die Loopbanekantoor is om studente aan die wêreld van werk bloot te stel en 'n hoogtepunt van ons werksaamhede is juis hierdie geleentheid waar maatskappye die kampus besoek om studente vir indiensneming te werf," vertel me Wilna Naudé, Koördineerder van die program.

"MatiesAlumni wat besighede bedryf en dit oorweeg om Maties in diens te neem, kan aan een van drie uitstallings deelneem. Daar is 'n algemene uitstalling vir studente in enige graadprogram, 'n rekeningkunde-uitstalling vir spesifiek studente in die BRek-, BComm Bestuursrekeningkunde- en BComm Finansiële Rekeningkunde-graadprogramme en derdens ook 'n Ingenieursuitstalling."

- **Skakel Wilna Naudé (koördineerder) by 021 808 3672/3568 om meer besonderhede aangaande die program te bekom.**

Duisende studente het vanjaar die Loobanekantoor se Werwings- en Loopbaanontwikkelingsprogram bygewoon.

Another SPACE SATELLITE from Stellenbosch

SumbandilaSat, the second space satellite to originate from Stellenbosch University's Engineering Faculty, was launched from the Baikonur Cosmodrome in Kazakhstan, Central Asia, in September this year.

In 2005 the South African Department of Science and Technology awarded the R26-million SumbandilaSat project to the private company SunSpace in conjunction with Stellenbosch University (SU). The university managed the project and trained the students, and SunSpace built the satellite in record time.

The project was carried out in partnership with the Satellite Application Centre (SAC) at Hartbeeshoek near Pretoria.

The 81kg low earth orbit satellite is a key part of the South African National Space Agency and part of the multimillion-rand national space programme to promote space research and development.

For the first few months after launch SunSpace, working closely with the Engineering Department at SU, controls the satellite, until SAC will take over operations, telemetry, tracking, control and data capturing. The Council for Scientific and Industrial Research (CSIR) is responsible for its mission control - receiving image data from the satellite and monitoring and controlling it to perform its various functions in orbit. SunSpace, as design authority, will monitor the health of key systems on the satellite and make any interventions required to keep the satellite in peak condition for its primary imaging missions.

The completely integrated space head module of the Soyuz-2.1b rocket, containing all five satellites for this mission, including Meteor-M (the large Russian weather satellite), three other Russian small and micro satellites and Sumbandilasat (centre, left).

The benefits of SumbandilaSat ("lead the way" in the Venda language) include information to assist in the management of floods and fires, food security (crop yield estimation), health (prediction of outbreaks), safety and security, water resources and energy security.

The micro-satellite (about 1m x 0.5m in size and orbiting about 500 km above the earth) produce images for agriculture, infrastructure and land use, the monitoring of dam levels, floods, oil spills and fires, among other things. The images can be used for the measurement of ground water, soil erosion, crop predictions and vegetation cover.

This information is streamed to the SAC, which carries out command and communications functions by tracking the satellite with a large dish antenna.

SumbandilaSat's launch has strengthened South Africa's technological and innovation capability in space science and technology and has reinforced the country's role in national, regional and international space initiatives.

Sunspace has developed from Stellenbosch University's SunSat programme in the 1990's.

Sun Space & Information Systems (SunSpace) is Africa's only manufacturer of satellite systems. It is situated in Stellenbosch and has developed from Stellenbosch University's SunSat programme. Sunsat, the first satellite to be developed in Africa and in the Southern Hemisphere, was launched by the US space agency Nasa in 1999. SunSat's design and development team formed the core when SunSpace was established.

The company resulted from a 1989 initiative by the University's Electrical and Electronic Engineering Department to establish a post-graduate research group in satellite systems. This led to the formation of SU's Electronic Systems Laboratory. More than 100 students, in collaboration with engineers, were involved in developing of the first major project, SunSat, and over 50 master's and doctor's degrees were awarded during that time.

SunSpace was incorporated by Unistel Group Holdings, a company wholly owned by SU, which provides the opportunity for commercialising intellectual capital developed at the University - a prime example of the role a university can play as a catalyst for economic growth.

The National Empowerment Fund (NEF) recently allocated R50 million to SunSpace - in line with the NEF's mandate to promote broad-based black economic empowerment.

Among the SunSpace board of directors are Prof Herman Steyn of SU's Department of Electrical and Electronic Engineering and Prof Christo Viljoen, a former dean of engineering and former vice-rector at SU. The launch in Kazakhstan was attended by Science and Technology minister Naledi Pandor, Prof Arnold van Zyl, SU's vice-rector of research (who represents the Stellenbosch University Investment Trust on the SunSpace Board) and SunSpace's Bart Cilliers (managing director) and Ron Olivier (business development director).

Baikunor, the enormous launch complex in Kazakhstan from where SumbandilaSat was launched, is now leased and operated by Russia. The first manned space flight in history took place here in the 1960's.

Die Lucky Fish-geselskap is: Agter: (vlnr): Burt Davis (bestuurder), Michelle Pietersen en Ralston Oliphant. Voor: Christy-Ann Julies, Hilton Andries, Vicky Davis (skepper van die opvoerings), Percy Speelman, Olivia Adams en prof Jimmie Earl Perry. Al die akteurs kom uit die plaaslike gemeenskap. Foto: Anton Jordaan (SSFD)

Geweldig bemoedigend en erg indrukwekkend. 'n Mens kan nie anders as om die Afrika-sentrum vir MIV/vigsbestuur se stryd teen die vigs-pandemie, wat veral die Afrika-kontinent teister, só te beskryf nie.

Afrika-sentrum baanbreker in MIV/vigs

Die Sentrum, 'n eenheid vir onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens aan die Universiteit, het sedert sy ontstaan nege jaar gelede die omvattendste MIV-opleidingsprogramme in die wêreld ontwikkel en spog vanjaar met 501 nagraadse studente - 130 is vir die graad MPhil ingeskryf en 371 vir die PDM (Nagraadse Diploma in MIV/vigsbestuur in die Werkplek). Sowat 40% van die Sentrum se studente is uit die buiteland - van sover as Jamaika, Afganistan, Noorweë en die Filippyne - asook uit talle Afrika-lande.

"Daar is verskeie voorbeelde van ons huidige en oudstudente wat reeds 'n verskil in die bestuur van MIV/vigs in hul werkplek en omgewing teweegbring. Trouens, huidige en gewese studente bereik tans wêreldwyd potensieel sowat nege miljoen mense," sê die Direkteur van die Sentrum, prof Jan du Toit.

Du Toit sê die Sentrum se studente word sterk aangemoedig om navorsing te doen. "Saam met onderrig en gemeenskapsdiens is navorsing ons kernmikpunte wat absoluut in lyn is met die taak van die Universiteit soos uiteengesit in sy Strategiese Raamwerk vir die Wending van die Eeu en Daarna. Ons moedig ons studente aan om navorsing te doen wat sal bydra om hierdie verskriklike siekte in al sy vorme te verstaan. Navorsing is reeds uitgevoer in die VSA, die Skandinawiese lande en in Afrika in onder meer Uganda, Zambië, Burundi, Zimbabwe, Mosambiek, Lesotho en Botswana."

Die Sentrum se afdeling vir Opvoedkundige Teater en Skeppende Kunste het ook reeds ongekende sukses behaal. Onder leiding van dié afdeling se Direkteur, prof Jimmie Earl Perry, was die Sentrum se gemeenskapsinteraksie- MIV/vigs-bewusmakingsprojekte reeds baie suksesvol onder plaaswerkers, in skole, kerke en private instansies in die gebied van Groter Kaapstad en die Boland.

Die Sentrum se opvoedkundige teaterstuk, Lucky, the Hero!, wat 'n sterk boodskap oor MIV/vigs (voorkoming, toetsing, stigmas, ens.) oordra, is die afgelope sowat vier jaar voor meer as 'n honderd duisend mense in plattelandse gebiede van die Wes-Kaap en Groter Kaapstad opgevoer, asook aan die Weskus, die Vrystaat en in Namibië. Du Toit sê dit het hul wildste verwagtinge oortref. "Afgesien van onderrig en navorsing, is ons betrokkenheid in die gemeenskap vir ons net so belangrik en die welslae van ons opvoedkundige teater is werklik 'n riem onder die hart." Toetsing en berading word tydens elke intervensie aangebied en sowat 80% van die mense wat die opvoerings bywoon, maak daarvan gebruik.

Die Sentrum se sukseslopie met sy opvoedkundige teater het op 1 September vanjaar 'n nuwe hoogtepunt bereik met die debuut-opvoering (en staande ovasie) van sy tweede stuk, Lucky Fish, in Kaapstad se Kunstekaap-teater. Du Toit sê Lucky, the Hero! was so gewild dat daar besluit is om dit op te volg met Lucky Fish, wat op die sakesektor - en hoe MIV/vigs in die werkplek hanteer behoort te word - gemik is. Albei dié stukke is uit die pen van aktrise en skrywer Vicky Davis van Pasella- en 7de Laan-faam.

'n Hoogtepunt van die jaar vir die Sentrum is sy viering van Wêreld Vigsdag op 1 Desember vanjaar. Dit sal in die vorm van 'n galakonsert in Kaapstad se Kunstekaap-teater plaasvind en die regie sal deur prof Perry hanteer word. Prof Perry, wat reeds groot naam as sanger in die VSA en Europa gemaak het, sal ook optree, asook bekende kunstenaars soos Ladysmith Black Mambazo, Janelle Visagie en Rouchelle Liedemann. Die bekende TV-persoonlikhe Soli Philander sal seremoniemeester wees. Dit sal die vyfde agtereenvolgende jaar wees dat so 'n galakonsert op Wêreld Vigsdag gehou word. Kaartjie vir die konsert is beskikbaar by www.computicket.com

Uit bovermelde is dit ook te verstane waarom die Gemeenskapsinteraksiekomitee van die US se Senaat die Sentrum vir sy uitmuntende werk beloor het, deur dit as een van die Universiteit se gesogte "vlagskipprojekte" te identifiseer. Hierop is prof Du Toit en sy personeel baie trots.

- **Lees meer oor die Sentrum by www.aidscentr sun.ac.za.**

The Africa Centre for HIV/Aids Management, a unit for teaching, research and community service at Stellenbosch University, is the largest of its kind in the world that provides training in dealing with Aids in the work place. For further details on the Centre and all its activities see www.aidscentre.sun.ac.za

MGD se Geletterdheidsprogram wen landswye kompetisie

Me Linda Jacobs (voor, vierde van links), die Programbestuurder van die Geletterdheidsprojek, hier saam met van die trotse leerders en fasiliteerders.

Die Matie Gemeenskapsdiens (MGD) se Geletterdheidsprogram is die beste! Die program is onlangs tydens 'n geleentheid by die Orbit FET Kollege in Bakgatla in die Noordwes as die Beste Geletterdheidsprojek in die land aangewys. Daarby spog een van die leerders in die program, mnr Willie Booysen, met die tweede plek in die 2009 Leerder van die Jaar-kompetisie.

Dit is egter nie die enigste pluimpie wat dié afdeling te beurt geval het nie. Die program het ook stof in die oë van 'n volle 332 ander projekte geskop nadat dit as die beste geletterdheidsprojek in die Wes-Kaap aangewys is.

Die program loop al vir meer as 15 jaar en bied aan ongeletterde en semi-geletterde mense die geleentheid om funksioneel geletterd te word en hul akademiese kwalifikasies én lewensvaardighede te verbeter. Die teikengroep is volwassenes en jongmense wat nie in die skool is nie (ook mense met gestremdhede) in en rondom Stellenbosch.

Die Lückhoff Skoolgebou in Banhoekweg dien as hoofkwartier vir die klasse wat deur die dag aangebied word terwyl ander klasse weer op Woensdae- en Donderdae-aande plaasvind. Daar is selfs deelnemers wat van plase in die omgewing aangery word.

Deelnemers kan by Vlak 1 begin en uiteindelik tot by Vlak 4 (graad 9) vorder. In 2008 het 170 deelnemers vir die program geregistreer en het die Vlak 4-deelnemers 'n gemiddelde slaagkoers van 90% in al hulle leerareas gehad.

Selfs aspekte soos hoe om self geld by 'n OTM te trek, kry aandag.

Volgens me Lydia Burger, Senior Programbestuurder by MGD, is die ontwikkeling van lewensvaardighede van die deelnemers van die grootste belang. "Leerders kry byvoorbeeld gereeld kans om deel te neem aan uitstappies na Robbeneiland, die parlement of om op naweektoere te gaan. Selfs aspekte soos hoe om self geld by 'n OTM te trek, kry aandag."

Sy vertel ook dat verskeie leerders al bevordering by hul werksplekke gekry nadat hulle hul kwalifikasies en vaardighede verbeter het. "Die deurslaggewende verskil wat ons by ons leerders opmerk is die feit dat hulle in hulself begin glo."

Volgens me Burger kan me Linda Jacobs, die Programbestuurder van die Geletterdheidsprogram, en haar span fasiliteerders opreg trots wees op hul prestasie.

- **Kontak me Lydia Burger by tel 021 808 3641 of via e-pos by llb@sun.ac.za vir meer inligting.**

USB9365A/Welamaza

GEAKKREDITEER
INTERNASIONAAL
BETROUBAAR

Neem die voortou met ons

MBA

So, jy dink dis tyd om 'n MBA te doen om jouself te ontwikkel, jou inkomstepotensiaal te verbeter en om die suksesleer vinniger te klim? Wel, maak seker jy kies reg.

Het jy geweet dat die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool die enigste bestuurskool van 'n universiteit in Suid-Afrika is wat twee akkreditasies het – EQUIS en AMBA? Boonop kan jy jou MBA voltyds, deeltyds of in modulêre formaat doen. Ons bied een van ons modulêre programme in Afrikaans aan!

Maak seker dat jy jouself ontwikkel met 'n MBA van 'n skool wat die voortou neem.

Skakel 0860 USBUSB of 021 918 4114; epos **usbcom@usb.ac.za**; of besoek ons sommer vandag nog by **www.usb.ac.za/mba**.

USB
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool
Die wêreld se opsies. Een keuse.

Die enigste bestuurskool van 'n SA universiteit met twee internasionale akkreditasies – EQUIS en AMBA

EFMD EQUIS ACCREDITED

Accredited by Association of MBAs

Stellenbosch en sy koshuise

Min dinge roep sulke sterk herinneringe by MatiesAlumni op as die koshuislewe op Stellenbosch. Steeds vandag het die koshuise 'n sterk invloed op die kampuskultuur. Alhoewel dít nog nie verander nie, skryf mnr Pieter Kloppers, Bestuurder: Studentehuisvesting, is daar baie dinge van koshuisverblyf wat wel verander het.

"Julle moet die mannetjie maar so bietjie terugbring aarde toe." Dit is 'n boodskap wat nog gereeld einde Januarie elke jaar op Stellenbosch gehoor word. Gewoonlik deur 'n alumnus wat sy seun by 'n manskoshuis kom aflaai. Dis natuurlik opreg bedoel. Maar daarmee saam is daar in baie gevalle die verwagting dat die verwelkomingsproses soortgelyk aan die ouer se ervaring van meer as twee dekades gelede sal wees.

In hierdie opsig het baie dinge op Stellenbosch verander. Sekerlik die grootste hiervan is eerstens 'n sterk waardegedrewe bestuurskultuur en tweedens meer integrasie tussen studente wat in koshuise bly en diegene wat van privaat huisvesting gebruik maak.

Waardegedrewe bestuur

In teenstelling met wat beskryf kan word as die hiërargiese stelsel in koshuise van die verlede, word 'n waardegedrewe bestuur in die koshuise én in die organisasies wat die belange van privaat studente (PSO-wyke) dien, aangemoedig.

'n Waardegedrewe kultuur werk egter heelwat meer in die hand as om bloot meer etiese optrede aan te moedig. 'n Groot verskil is dat die waardes van 'n koshuis of PSO-wyk struktureel aangewend word en nou die hoogste gesag in die koshuis of PSO-wyk vorm. En interessant genoeg vind hierdie vorm van bestuur baie meer byval by inwoners. Dit dra ook meer gesag as die huisvergadering of die huiskomitee. Dit is natuurlik ook in ooreenstemming met die grondwetlike bedeling in die land - die Grondwet van Suid-Afrika het hoër gesag as die besluite van die parlement of die regering.

Baie belangrik is dat elke koshuis sy (of "haar") eie waardes kies. In baie gevalle is hierdie waardes een van die eerste dinge waarvan iemand bewus word wat met daardie koshuis of PSO-wyk kennis maak.

Die betekenis van die waardes in die praktyk kan bygewerk of aangepas word en daar is baie geleentheid vir gesprekvoering. Ouers, inwoners, nuwelinge, die Universiteitsadministrasie en enige buitestander kan met die koshuis of PSO-wyk in gesprek tree oor die koshuis se optrede in die lig van sy waardes. 'n Mens is verras oor die bedrewenheid wat studenteleiers in sulke gesprekke ten toon stel!

So 'n waardegedrewe bestuur word natuurlik deur 'n gesprekskultuur op kampus ondersteun. Die Universiteit se ervaring is dat hierdie kultuur reeds diep inslag by studente in leierskapsposisies gevind het, maar dit is ook toenemend so vir die inwoners van die koshuise.

Die magshiërargie wat op senioriteit en leiersposisies gegrond was, maak dus toenemend plek vir 'n struktuur waar almal aan die waardes ondergeskik is. Prakties, in soverre dit die verwelkoming van eerstejaars betref, beteken dit dat eerstejaars as gelyke vennote in die koshuise ontvang word. Die klem is dus op 'n koshuiskultuur waar studente hul potensiaal kan bereik eerder as 'n omgewing waar jy jou "plek moet ken", of erger nog, eers afgebreek moet word en dan opgebou word.

> Die klem is dus op 'n koshuiskultuur waar studente hul potensiaal kan bereik eerder as 'n omgewing waar jy jou "plek moet ken"

Hierdie omswaai in die manier waarop eerstejaars by die koshuise ontvang word, is die resultaat van talle gesprekke met studente en tussen studente onderling - en bygesê, nie uit opdrag van bo om anders te wees nie.

Die resultaat van so 'n vorm van verwelkoming blyk ook baie positief te wees. Eerstejaars se ervaring is baie anders, hulle het baie meer pret, hulle word nie by een of ander vorm van magshiërargie ingelyf nie en te oordeel aan hul passie vir 'n betrokke koshuis of PSO-wyk, is dit ook baie meer suksesvol.

'n Klusterbenadering...

Op 'n tweede vlak is daar ook 'n verskil in benadering wat betref die integrasie tussen koshuis-inwoners en diegene wat privaat bly. Koshuise vorm deesdae saam met PSO-wyke deel van sogenaamde klusters. 'n Kluster is 'n groep koshuise en PSO-wyke wat op grond van hul geografiese ligging saam ingedeel word en in belangrike opsigte saam bestuur word.

Hierdie klusterbenadering (elke kluster het ook 'n eie naam) is veral van belang vir die ondersteuning van studente met die aanpassing by universiteitstudie en dit speel 'n groot rol om daardie studente wat nie in koshuise bly nie, by die kampus-ervaring te integreer.

Boonop word eerstejaars in koshuise en in PSO-wyke deur mentors uit die geledere van senior studente ondersteun met hul aanpassing. Die koshuise verskaf ook senior studente om as mentors in PSO-wyke op te tree.

Die integrasie van studente in PSO-wyke is van groot belang omdat meer as 60% van alle voorgraadse studente nie in koshuise bly nie. Koshuisplek is uiters gesog, en nie om dowe neute nie. Studente in koshuise vaar akademies goed. Verder groei hulle persoonlik deur die skouerskuur met studente van 'n wye diversiteit. Studente in koshuise het in die laaste tyd egter toenemend begin uitreik na studente in ander koshuise en studente in PSO-wyke om saam 'n nuwe, veel ruimer én veel opwindender universiteitsbelewenis vir alle Matie-studente te skep. Dít gee uitdrukking aan 'n universiteitsbelewenis wat beduidend anders en beduidend beter word.



Foto: Hennie Rudman (SSFD)

Residence life at Stellenbosch brings back vivid memories for MatiesAlumni. In this article, Mr Pieter Kloppers, Manager: Student Housing, writes that the influence that residences has on the campus culture has not diminished, but that a number of aspects of residence life has changed. These include the fact that residences are now run according to a strong value-driven management culture and that greater integration between students staying in residences and those making use of private accommodation is brought about.

Going barefoot is big at Stellenbosch! Journalism student Kristen van Schie has difficulty deciding whether she wants to give in to the craze.

Feeling the EARTH beneath your feet

Happy feet. Also going barefoot is August Carstens with onlookers Rentia Wilken and Tiaan vd Merwe. All three are Mathematical Statistics honours degree students. (Photo: Anton Jordaan (SSFD))

It started one summer morning last year. Life Sciences student Rory Strydom woke up, had breakfast and got dressed. Only, he left the house without something that morning: his shoes. It started as a casual habit, limited to the campus on sunny days. But before long, Rory was going out barefoot at night and partying it up in Die Mystic Boer, despite the hazards of stones or glass shards. His excuse? "I like to feel the earth beneath my feet."

Rory's behaviour is just one example of what is a growing phenomenon on the Stellenbosch University campus. This time last year he was alone in his endeavour - the rebel among his group of friends. Now, he claims, most of them are "barefoot hippies" as well.

The allure of experimenting with going "kaalvoet" has a particular strong pull during the hot summer months. Many students describe it as a liberating experience in a season when shoes are deemed to cause "claustrophobia" in feet. There are now rumours of a growing foot nudist colony near the library - this all despite the potential dangers to which students expose their feet. "I don't walk barefoot every day," says Arno van der Walt, a Social Work student, "and I keep an eye on the ground as much as possible just to be sure, because sometimes things happen. Still, I just like it".



Not all Maties, though, have given in to peer pressure. Geology student Rick Berry was thrilled when his classmate, Christopher Mclean, was confronted by this reporter about his bare feet. "You see! I told you! It's disgusting!" Rick exclaimed.

> As a summertime-only practitioner, Christopher claims to have his habit under control...

After a season of barefootedness, however, Christopher has become impervious to interventions from friends and family. "There are comments, but I don't think it's that awful," he shrugs. As a summertime-only practitioner, Christopher is satisfied that he has his habit under control, saying, "It's not like I go walking out in town with all the glass bottles and stuff, but it's nice walking around campus". He does, however, admit to slipping up at times and leaving the shoes at home even after class time.

It is interesting to note that the condition seems to affect men more than it does women. All barefooted women confronted were quick to deny that they were affected by the barefoot phenomenon. "My shoe broke today!" asserted Annecke Swart, an Education student. She swore that she did not normally dabble in barefootedness, saying, "Really, I don't like dirty things!" Whether Annecke's assertions are truth or excuses remains to be seen. When caught sans shoes, Chemistry student Sigrun Sixt explained that she had her shoes with her, "but they're hurting my feet". However, upon persistent enquiry, Sigrun admitted, "I just like it. I'm used to walking barefoot. I'm from the farm".

It is this farm upbringing, devoid of hard pavements and sticky bar floors, that seems to have exposed many students to their first encounters with bare feet. "I've been going barefoot for most of high school anyway, so it's nothing new to me," explains Malherbe Nienaber, an International Relations student from a farm near Bellville. "I'm kind of surprised to see so many people without shoes these days, though. As for me, it's nothing that I consciously do."

As a long-term hard-core addict, however, Malherbe is quick to discourage students from experimenting with what is perceived by many as a trend: "I think it's pretty pretentious and it will pass just like anything else".

Meanwhile, as the pandemic gathers momentum, an increasing number of students are trading their tekkies for fresh air. One can only hope that Student Health has stocked up on plasters and that the Stellenbosch shoe industry has saved for a rainy day.

Are you also going bare this summer?
See page 5 for our contact details and let us know.

Ian Wessels (Foto: RSG)

Ian Wessels moet groot skoene volstaan

Ian Wessels, 'n alumnus wat BA LLB aan die US studeer het, staan deesdae Niekie van den Berg se skoene by RSG vol. Van den Berg, wat nou sy lyf politikus hou, het amper ikoniese status as aanbieder van die program "Sê wie" verwerf.

Jare gelede reeds het Ian die hof vir die radio verruil en hy het onder meer by Radio Helderberg en OFM gewerk voordat hy die pos aangebied is. Die program, wat nou "Loslip" heet, word smiddae tussen 14:00 en 14.45 uitgesaai. Soos die naam aandui, word luisteraars aangemoedig om die spreekwoordelike wag voor die mond vir 'n rukkie af te gee en lekker loslip saam te gesels. Ian glo daaraan dat elke omroeper sy unieke persoonlikheid agter die mikrofoon moet uitleef, dus klink die program deesdae heelwat anders as in die dae van "Sê wie."

Ander RSG-aanbieders met Matie-bande sluit in Daniël Hugo, Eben Cruywagen, Fanie Smit, Johan Rademan, Johann Russouw, Martelize Brink, Leon van Nierop, Christine Wessels, Limari Louw, Suzaan Steyn, Freek Robinson en Mariëtta Kruger.

Rugby se Speler nr 23 is 'n Matie

Een van rugby se grootste ondersteuners, "Elton", is 'n oudstudent van die Universiteit Stellenbosch. Merlin Balie, 'n alumnus wat in 1998 sy BDram-graad voltooi het, het amper oornag ikoniese status bereik met sy vertolking van Elton - wat met "Jan" in stryd is oor wie die grootste rugby-ondersteuner is - in die nuutste Vodacom-advertensies.

Merlin was ook in *7de Laan* te sien, waar hy 'n taamlik ongure karakter, Werner, gespeel het. Behalwe vir 'n rits advertensies agter sy naam, het Merlin ook bekendheid verwerf in verhoogrolle, soos in *Bungi Writing Finals* en *Charlie and the Chocolate Factory*. Hy maak deesdae ook naam as akteur in films: *More Than Just a Game*, 'n dokumentêre drama, is in 2008 uitgereik. Die film ondersoek die rol wat sokker op Robbeneiland gespeel het in die tyd wat Nelson Mandela daar aangehou is.

Merlin Balie
Foto: Draftfcp

Loftus Marais wen UJ-debuutprys

Alumnus Loftus Marais het onlangs gehoor dat hy die Universiteit van Johannesburg (UJ) se debuutprys gewen het vir sy digbundel *Staan in die algemeen nader aan vensters*. Dié prys van R20 000 word jaarliks aan die skrywer van die beste oorspronklike, skeppende debuutwerk in Afrikaans wat gedurende die vorige kalenderjaar gepubliseer is, toegeken.

Marais se bundel het vroeër vanjaar die gesogte Eugène Marais-poësieprys met Ronelda S Kamfer vir haar bundel *Noudat slapende honde* gedeel.

Loftus het sy meestersgraad in Kreatiewe Afrikaanse Skryfkunde *cum laude* aan die Universiteit in 2007 verwerf. Hy is die Fiksie-Reklamekoördineerder vir NB Uitgewers in Kaapstad.

Loftus Marais

Matie Alumnus, in hoë pos in Suid-Korea aangestel

Dirk Slabber (derde van links) saam met kollegas in Suid-Korea.

'n MatieAlumnus, mnr Dirk (Bertus) Slabber, is in 'n hoë pos in Suid-Korea aangestel. Dirk, 'n Matie-ingenieur wat in die tagtigerjare aan die Universiteit Stellenbosch afstudeer het, is die Visepresident: Diens en Onderdele van Mercedes-Benz Korea / Daimler Automotive Korea. Volgens Dirk het sy loopbaan hom op 'n interessante paadjie tot in Suid-Korea geneem. Die grootste uitdaging is die verskil in kultuur, veral wat die werksomgewing betref. Die meeste mense in Korea het een of ander nagraadse kwalifikasie behaal, en is op 'n tegnologiese vlak baie goed ontwikkel. Volgens Dirk beteken die pos en omgewing tesame met kontak met lande soos Singapoer, China en Taiwan baie vir persoonlike ontwikkeling.

Alumni praat

Herman Potgieter, 'n oudstudent van die Departement Wingerd- en Wynkunde, wat die eerste Suid-Afrikaner was om gekeur te word om 'n meestersgraad in Wingerd- en Wynkunde aan die Universiteit van Angers in Frankryk te studeer, het 'n pos as Kommersiële Wynmaker by Bodegas Vicente Gandia, aanvaar - een van die grootste wynkelders in Spanje. 'n MatiesAlumnus en gerekende regskenner,

prof Dirk van Zyl Smit (59), is deur die Ernst Moritz Arndt Universiteit van Greifswald, Duitsland, 'n eredoktorsgraad in die Regsgeleerdheid toegeken. Prof Van Zyl Smit is Professor in Vergelykende en Internasionale Strafwet aan die Nottingham Universiteit in Engeland. (Foto: Hans-Werner Hausmann)

Dr Johan de Kock, 'n MatiesAlumnus, het onlangs sy doktorsgraad in Finansiële Wiskunde aan die Technische Universität Kaiserslautern in Duitsland verwerf. Die titel van sy proefskrif is "Volatilitätsarbitrage und ein Markoff-Modell für CDO's".

Sy promotor was prof dr Ralf Korn, Dekaan van die Fakulteit Wiskunde en wêreldbekende kenner op die gebied van portefeulje-optimering. Johan is 'n navorser by die Fraunhofer-Institut für Techno-und Wirtschaftsmathematik. (Foto: Stefan Lorenz)

MatiesAlumni-egpaar ontwikkel vermaaklike BORDSPEL oor kos en gesondheid

'N MatiesAlumni entrepreneurspaar, Eddie en Annalien Turner, maak opslae met 'n bordspel oor kos en gesondheid wat hulle in September vrygestel het. Foodle™, soos die spel bekendstaan, is na maande van ontwikkeling en met insette van kenners in die bedryf, ontwikkel.

Annalien Turner, 'n geregistreerde dieetkundige, sê die bordspel is die ideale manier om mense op 'n prettige wyse in te lig oor kos en gesondheid. "'n Tipiese vraag is byvoorbeeld om te kies of 'n koppie koffie of 'n blikkie kola-drankie die meeste kafeïen sou bevat, of om uit 'n keuse van 2 opsies te kies hoeveel mense werklik 'n voedselallergie het."

Die bordspel, beskikbaar in Afrikaans en Engels, bestaan uit 'n bord, 'n unieke dobbelsteen, speelvoorwerpe en vrae vanaf eenvoudig na uitdagend tot moeilik, afhangend van waar jy op die bord land.

Soos met enige goeie bordspeletjie is daar natuurlik ook 'n vangplek of twee en addisionele "Funkey Monkey" kaartjies kan jou beloon met 'n bonus (byvoorbeeld, om 'n paar plekke vorentoe te beweeg op die bord omdat "jy die trappe geklim het in plaas daarvan om die hysbak te gebruik") of 'n boete as jy nie 'n gesonde keuse gemaak het nie. Daar is 'n beloning ook as jy 'n glas water drink tydens die spel.

Foodle is noukeurig deur 'n paneel kenners nagegaan en is gebaseer op die nuutste wetenskaplike navorsing. Vrae in die bordspel is gebaseer op 'n wye reeks onderwerpe soos antioksidante, koolhidrate, groente, proteïene, vette en olies, suiwelprodukte, diëte, water, alkoholgebruik, vrugtesap, swangerskap en selfs jou kennis van voedseletikette.

Volgens Annalien het hulle die spel so ontwerp dat dit ook in 'n klaskamer of by pasiënt-ondersteuningsgroepe gespeel kan word.

"Die terugvoer wat ons tot dusver ontvang het is baie positief - van families wat dit gebruik om kwaliteit tyd saam te spandeer en gelykertyd hulle en hul kinders opvoed, tot professionele mense. Ons is oortuig daarvan dat hierdie die volgende "moet-hê" bordspel gaan wees," het Eddie bygevoeg.

"Foodle is 'n mini Google oor kos en voeding," sê professor Demetré Labadarios, Uitvoerende Direkteur, Kennissisteme van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en voormalige Hoof van die Departement Menslike Voeding aan die Universiteit Stellenbosch.

- Sien www.foodle.co.za vir meer inligting of skakel 082 928 5068.

Oudstudent help Maties entrepreneuries dink

'n MatiesAlumnus, Van der Spuy Brink, is in samewerking met dr Retha Scheepers van die Departement Ondernemingsbestuur, die organiseerders van 'n unieke entrepreneurskapsdag vir studente van die Departement Ondernemingsbestuur. Hy vertel self meer.

"Die pad van 'n entrepreneur kan vergelyk word met 'n mens se liggaam." Van links na regs: Lojanka Kok en Tanya Geel van Personera, Gerrie Mostert van Aquapanel, Johannes de Wet, Tanea Carstens, Estian Calitz en Kerry MacLean

In 'n vinnig veranderende wêreld word dit al hoe belangriker om vernuwend te dink - as werknemer én as eienaar van jou eie besigheid. Volgens onlangse navorsing deur die Universiteit Stellenbosch, oorweeg sowat 'n kwart van studente 'n entrepreneuriese loopbaan direk nadat hulle afgestudeer het, terwyl meer as 60 persent aangedui het dat hulle na vyf jaar se werkservaring, hul eie ondernemings wil stig. Die meeste studente sal dus eers poog om werkservaring op te doen, voor hulle dit oorweeg om hul eie ondernemings te stig. Minder as vyf persent studente word direk na die voltooiing van hul studies entrepreneurs.

Daarom is dit van kritieke belang om entrepreneuriese denke by studente te stimuleer en die beste manier om dit te doen, is om hulle in direkte kontak met suksesvolle entrepreneurs te bring.

Hóé belangrik hierdie entrepreneuriese denke is, is einde Augustus by die Onze Rustkonferensiesentrum op Stellenbosch geïllustreer tydens 'n onkonvensionele entrepreneursdag vir Honneursstudente in Ondernemingsbestuur. Die tema van die dag was "Soek die Heilige Graal van Entrepreneurskap en vind 10 Sleutels tot Sukses".

Die dag is deur twee ondernemende jong ingenieurs, Jaco de Wet, 'n MatiesAlumnus en Sheraan Amod, wat aan die Universiteit van Kaapstad gestudeer het, aangebied. Hulle is die wenners van die 2009 Enablis Besigheidsplankompetisie vir hul plan vir 'n revolusionêre toepassing van sosiale netwerke. Hul maatskappy, Personera, wat ontwikkel is met waagkapitaal vanuit die VSA, word eersdaags bekendgestel.

Hul sentrale boodskap aan die studente was om hul vrese te oorwin en 'n entrepreneuriese sprong te neem.

Die dag het 'n proses van kort kernlesings, gefasiliteerde gesprekke en aanbiedings deur die deelnemers gevolg. Deelnemer moes vooraf 'n storie oor hul stokperdjie of passie skryf, wat as die vertrekpunt vir idee-generering gedien het. Hierdie idees is later as 'n groep konsepte gegroepeer en daaruit het studente sleutels van entrepreneuriese sukses op 'n kreatiewe manier ontvang.

Metafore wat hier uit voortgekom het, was onder meer, 'n tornado, die N1-hoofweg en die menslike liggaam.

Nege suksesvolle entrepreneurs, waarvan die meeste MatiesAlumni, is, het ook hul kennis en ervaring met die studente kom deel. Aanbiedings het gewissel van passie tot samelewingsbehoeftes en van klimaat tot hulpbronverkryging.

Die entrepreneursdag is geborg deur Absa Klein Sake, Noord-Gauteng en Vega Capital, 'n batebestuursmaatskappy van Pretoria.

- Kontak Van der Spuy Brink by sel. 083 609 1296 of per e-pos by vds.brink@corvus.co.za

DIE BASIS VAN HOOP

Waarom is MatiesAlumni tradisioneel so lojaal en geheg aan Matieland? 'n Verklaring is omdat dit soveel herinneringe aan hul jeug en hul jeugvriendskappe verteenwoordig. Daarin is 'n stuk romantiek verweef wat niemand kan ontken nie.

Maar waarom het hulle dan 'n veel minder gehegtheid aan hul skooljare? Is dit dalk omdat die romantiek op universiteit 'n belangrike stap verder gevoer word: Dit is dalk waar jy jou lewensmaat ontmoet het en julle soveel vriendskappe en herinneringe deel?

'n Onlangse protes teen die Trouvrou-kompetisie wat deur 'n paar dameskoshuise aangebied is, bied nogal 'n interessante, onverwagte kommentaar op hierdie stukkie romantiek. Daar is ernstig beswaar gemaak teen wat hulle die verdorwe beeld van die Matie-damestudente genoem het as mense wat net Stellenbosch toe kom om "man te vang".

Regverdig die aantal studentehuwelike van Maties hierdie etikettering of sit daar iets meer in?

Namate 'n derde en vierde geslag uit dieselfde familie ook Maties word, word dit duidelik dat daar veel meer in Matie-wees sit as die geroesemoes oor "man vang". Natuurlik het Matieland se onweerstaanbare mooi meisies, die natuurskoon en gemeenskaplike ervarings 'n rol gespeel om 'n besondere band, romanties of anders, tussen Maties te skep.

Selfs die groot getal wat vandag in die Afrikaanse diaspora leef, kry 'n nattigheid in die oë as hulle weer op die kampus kom. Natuurlik het die dikwels veroordeelde, maar so waardevolle en unieke koshuisgees 'n rol gespeel. Dit het vriendskappe geslyp en mense bewus gemaak van mekaar se lotsgebondenheid en drome. Natuurlik het 'n US-graad vir mense loopbane geopen. Maar dit bied nog nie die werklike verklaring nie aangesien hierdie oorweginge die meeste universiteite geld.

Die MatiesAlumni wat oorsee gaan studeer het, het dikwels aan inrigtings met veel groter aansien studeer, op pragtige kampusse gekom en gevind dat hul oorsese studie vir hulle deure oopmaak. Maar hulle het nie dieselfde lojaliteit teenoor hierdie inrigtings nie.

Terwyl al hierdie faktore 'n rol speel, ontdek jy die ware hart van Matieskap vandag juis by die MatiesAlumni in die diaspora. Vir hulle is Stellenbosch 'n plek wat waardes simboliseer. Die unieke van hierdie waardes is die rol wat 'n sterk Suid-Afrikaanse en Afrikaanse gees nog altyd op Stellenbosch gespeel het. Stellenbosch was onbeskaamd patrioties en Afrikaans. Die een kan nie sonder die ander nie. Daarom verklaar die oudstudente in die vreemde: Dit is ons heimat. Hier was ons tuis, hier het ons met sakke vol hoop oor 'n toekoms gedroom waarvan ons volledig deel sou wees. Matieland het ons geïnspireer vir 'n toekoms wat deel van ons wêreld moes wees - nie iets vreemd wat van buite af aan ons opgedwing is om ideologiese of politieke ideale te dien nie. Hier kon ons speel, werk en leef omdat ons waardes gedeel het. Hier het ons nie nodig gehad om aanhoudend te verduidelik wie en wat ons is en waarom ons 'n bestaansreg in hierdie land het nie. Hier hoef ons nie kort-kort te verduidelik het waarom ons Afrikaans verkies of waarom ons behoudende dissipline en beskaafde gedrag voorstaan nie.

As dié basis van hoop verdwyn, verdwyn die hart van Matieland.

Prof Pieter Kapp
President van die Konvokasie





Reünies oor die volgende paar maande

HEEMSTEDE HOU GROOT REÜNIE IN 2010

Heemstede vier in 2010 hul 45ste bestaansjaar, en hoop om op die naweek van 24 April alle ou Heemies terug te ontvang by die Huis van alle Huise.

"'n Naweek propvol aktiwiteite vir ditte, datte, seniors en selfs juffrouens word beplan. Moet dit nie misloop nie!" sê Wilmarie Giliomee, HK-Lid vir Oud-Heemsteder Bond.

Ou-Heemies wat teen die einde van die jaar nog nie 'n nuusbrief of inligtingstuk ontvang het nie, word versoek om Wilmarie by sel 072 148 9243 of per e-pos by hkheemst@sun.ac.za te kontak.

ERICA HOU 35-JAAR REÜNIE

Erica, die "Huis van Karakter en Gees, Dames met Styl", is vanjaar 35 jaar oud, "maar sy is nog steed net so mooi soos altyd! Kom sluit vroeg volgende jaar by ons aan en herleef van jou gunsteling herinneringe hier op die Bos," sê die organiseerders.

Meer inligting is op Erica se webblad, by www.sun.ac.za/erica, beskikbaar en sal ook via e-pos en briewe uitgestuur word.

Kontak Erin Wolfe-Coote by tel. 082 3400 489 of via e-pos by 14923742@sun.ac.za vir inligting of om jou inligting op te dateer.

SIMONSBERG BEPLAN 55 JAAR REÜNIE

Simonsberg Manskoshuis beplan 'n reünie om hul 55-jarige bestaan in 2010 te vier. Oud-Withuis manne word gevra om 3 en 4 September 2010 in hul dagboeke te skryf.

Kontak Anton Kruger per e-pos by krux@aabus.co.za of Toni Fuchs by tonief@thembekacapital.com

New MatiesAlumni Network Coordinator Hamburg, Germany

Dr Edzard A. Schmidt-Jortzig

"I had to spend nearly a year in southern Africa, and visited Stellenbosch three times before I finally became a Matie in 1996," says Edzard Schmidt-Jortzig, new MatiesAlumni Network Coordinator. "One year later, I returned to Germany with an LLM degree, my future wife and many fond memories, and I knew the time I spent in Stellenbosch most certainly was one of the most memorable and rewarding experiences of my life. More than a decade and five children later, I still fondly recall my time in Stellenbosch – enough motivation for me to serve as Alumni contact in Germany."

Edzard studied law at the universities of Bonn, Lausanne (Switzerland) and Humboldt in Berlin. He worked for among others the international law firm White & Case. "After two years at their Frankfurt office, I spent 2001 working at the firm's headquarters in New York (where I also witnessed 9/11). I returned to Frankfurt in 2002 and then relocated to the Hamburg office, where I was named partner in 2004. I left White & Case in 2007 to start my own law firm with two other partners from the W&C Hamburg office."

* *Edzard can be contacted at tel. +49 40 3095 496 20 or via e-mail at easchmidt-jortzig@sjpp.de. A complete list of the network coordinators is available at www.matiesalumni.net*

VAKANSIE AKKOMMODASIE BESKIKBAAR

Die Universiteit Stellenbosch stel elke jaar van vroeg Desember tot vroeg Januarie 'n wye verskeidenheid van bekostigbare studentebehuising as vakansie akkommodasie beskikbaar. Alle besoekers, vakansiegangers, toergroepe, klein en groot gesinne is welkom.

Kontak Mathilda Bekaardt by 021 808 2895 of per e-pos by mbekaardt@sun.ac.za vir meer inligting.

Caledon Villa
GASTEHUIS
★★★★

Vir akademiese uitruiling is die Universiteit daar.
Vir kulturele uitruiling is Caledon Villa daar!
Kom tuis by Bolandse gasvryheid - rustig naby die kampus, die historiese middedorp en die Eersterivier.

Neethlingstraat 7 · Stellenbosch · 7600 · Tel/Faks: +27 21 883 891

Were you there?

Prof Arnold van Zyl (Vice-Rector: Research) and Ms Heidi October (Coordinator: Alumni Relations) hosted alumni events in Amsterdam, Brussels, Hamburg, Munich and Berlin in June. These events were very well attended by alumni from all over Europe and served as a wonderful networking opportunity to everyone. Not only were the events attended by South Africans who have emigrated, but also by international alumni who enrolled at Stellenbosch as exchange students and who now serve as valuable ambassadors to the university where they have now resided.

MUNICH

At the back are Michael Ettenberger, Maxime Adadzi, Katharina Niemeyer, Norbert Hubbauer, David Gesigora and Alexandra Nicola. In front are Stephan Linder, Sebastian Gerold, Katrin Hammerschmied and Stefanie Turber.

BRUSSELS

At the back are Julien Wormser, Inge Peeters, Koen van Raemdonk, Mieke Verheyde, prof Arnold van Zyl (SU), Machteld van Opstal and Alison April-Sourdoire. In front are Helene Martin, Severine Morel and Michael Vlerick

AMSTERDAM

Heidi October (SU), Meike Sieg, Mario Farsky, Andrea Schütte, Ascan Schütte, prof Arnold van Zyl (SU), Daniela Rosenbohm, Marc Hoeft.

BERLIN

At the back are Florian Kniffert, Sabine Paul, Arlene Bergenthal, Gerrit Mulert and Marcus Bergenthal. In front are Frieso Garbers, Benjamin K'onig, Sebastian Bergenthal and Lynn Bergenthal

HAMBURG

At the back are Matthijs de Bruijne, Clement Roos, Florestan Van T'Henk, Cornelien Broersma and Sebastian Donner. In front are Gilian van den Boom, Eva Brancart, Anneloes Van Brummelen and Elsbeth Kerstholt

SALDANHA

REKTORSONTBYT VIR OUD-SR LEDE

Nader tuis was die Rektor, prof Russel Botman, die geleentheidspreker by 'n Alumni-dans wat in Saldanha op Saterdag 29 Augustus gehou is. By die dans was onder andere Johan en Erna du Plessis, prof Russel en me Beryl Botman, Joan en Sidney du Plessis, Gwennifer van Deventer en Jaco Kotzé.

Die Alumni-kantoor, in samewerking met die Studenteraadskantoor het weer vanjaar, op Vrydag 31 Julie, 'n ontbytgeleentheid op Stellenbosch vir alle oud-SR lede aangebied. Dié geleentheid is 'n goeie netwerkgeleentheid waartydens huidige SR-lede oud-SR lede op hoogte van studentesake bring. Die geleentheid was baie goed bygewoon en die Alumni-kantoor en Studenteraadskantoor beplan om dit van nou af 'n jaarlikse instelling te maak. By die ontbyt was (van reg voor af) Ilse en André Gaum, Braam Hanekom, Inus Marais, Susina Jooste, Jan Hoon, Liana Schutte en Jana Gilomee.

HUIS VISSER VIER 60 JAAR

Huis Visser het einde Julie sy 60ste bestaansjaar gevier. Vrydagaand is 'n formele dinee by die Skilpadvlei wynplaas gehou waar die oud-Snoeke lekker oor hul tyd in Huis Visser kon gesels en Saterdag het meer as 200 oud-Snoeke by die Huis saamgekom om 'n spitbraai te kom hou saam met ou vriende.

"Daar was natuurlik baie gelag oor al die ou koshuis stories wat deur die loop van die naweek uitgekom het. Ons wil ook baie dankie sê aan al die oud-Snoeke wat die naweek se geleenthede bygewoon het en ons maak definitief weer so," het mnr Robert Schroeder, die organiseerder, gesê.

Huis Visser-manne kuier gesellig saam

LLB-KLAS VAN 1979 HOU REÜNIE

Die LLB klas van 1979 het vroeg in Augustus hul 30 jaar reünie gehou. Sowat 32 toegewydes van die oorspronklike 85 het die naweek bygewoon, vertel die organiseerder, advokaat Billy Downer.

Die naweek se aktiwiteite het afgeskop met 'n gholfdag by die Stellenbosch Gholfklub vir die uitgekose gholfliefhebbers. Daarna het herinneringe by 'n dinee by die Devon Valley Hotel erg begin vloei - dertig jaar gelede het die klas juis hier hul finale formele afskeidsfunksie gehou. Die huidige dekaan, prof Gerhard Lubbe, het as gasspreker die oud-klaslede op sy bekende, amusante en ingeligte wyse oor die huidige stand van die Fakulteit toegespreek.

Proff Andreas van Wyk en Cornie van der Merwe het ook tot die uitstekende gees bygedra. Die destydse fakulteitssekretaresse, Miriam Terblanche, het weer met haar sjarme die vonke onder die klas laat spartel. Tot laat in die vroeë oggendure is daar gekuier.

Saterdagoggend is afgeskop met ontbyt by die Ou Hoofgebou, en ook 'n toer van die gebou om te sien hoe alles verander het oor die afgelope jare. Proff Van Wyk en Van der Merwe het daarna lesings aangebied oor onderskeidelik nuwe verwikkelinge in die maatskappye- en deeltitelsreg. Oud-klaslede Bernhard Kurz, Rean Strydom en Billy Downer het gevolg met sketse uit hulle onderskeie professies van prokureur, advokaat en staatsamptenaar.

Die reünie het afgesluit met 'n gesellige middagete by Olivello, op die plaas "Marianne" tussen die wingerde.

Dr Jaco Kooy het spesiaal van Kanada en Johan Jonker van Saudi-Arabië gereis om saam die naweek te vier.

Reüniegangers! Heel voor regs is die organiseerder van die reünie, adv. Billy Downer en sittende op die stoele heel links is prof Cornie van der Merwe, reg in die middel is die voormalige Rektor en Visekanselier, prof. Andreas van Wyk en regs van hom is me Miriam Terblanche, voormalige fakulteitsekretaresse.

CANTICUM NOVUM 50

CANTICUM NOVUM VIER 50!

Die 50ste bestaansjaar van Canticum Novum, vroeër bekend as die Studentekerk Kerkkoor, is einde September gevier.

Reünie-verrigtinge het reeds Donderdag 24 September afgeskop toe die koor Handel se 'Dixit Dominus' en 'Dettingen te Deum' in die Kaapstad Stadsaal, in samewerking met die Kaapse Filharmoniese orkes en onder leiding van koordirigent Louis van der Watt, uitgevoer het.

Die reünie het formeel afgeskop met 'n dinee in Die Stal by Coetzenburg met huidige koorlede asook koorlede wat nog onder leiding van Pieter van der Westhuizen gesing het, wat die geleentheid meegemaak het.

"Die toesprake, kos en die geselskap waarin 'n mens verkeer het, maak dit 'n aand om te onthou," vertel Annemieke Nel, Voorsitter van Canticum Novum.

"Saterdagoggend het die koor asook van die reüniegangers, wat vroeër jare in Canticum Novum gesing het, reeds om 9-uur in die Jannasch-saal in die Konservatorium gesit om vir die aand se uitvoering op te warm."

By die aand se geleentheid het die koor a cappella-stukke uitgevoer asook uittreksels uit die Messias van Händel. Ook hier het reüniegangers die geleentheid gehad om saam met die huidige koor A Capella-stukke uit te voer - alles onder leiding van Louis van der Watt en Pieter van der Westhuizen.

Daar was selfs 'n paar oud-lede op die verhoog wat in die oorspronklike koor van 1959 gesing het! Sondag het die naweek met 'n hoogtepunt afgesluit. Canticum Novum het by die Cultivaria-fees in die Paarl opgetree waar weer uittreksels uit Handel se Messias gesing is. Soliste soos Minette du Toit-Pearce, Barend van der Westhuizen, Willem Bester en Vanessa Tait-Jones het ook 'n groot bydrae gelewer tot die sukses van dié optrede. "Die naweek was in verskillende opsigte 'n reuse sukses en sal ons beslis tot die volgende reünie bybly," sê Annemieke.

Jong atlete wys hakskene

Hier is van Maties se jongste atletieksterre: (van links) Shaun de Jager, Cornél Fredericks, Willem le Roux en Ethan Florus. Foto: Daan Williams, Eikestadnuus.

Marli van Wyngaard

'n NUWE groep junior atlete van wêreldgehalte is stil-stil besig om by die Maties-atletiekklub gekweek te word.

Dié jong atlete het vanjaar begin om die stilte te verbreek en het by verskeie internasionale byeenkomste die medaljes ingeoes.

By die Wêreldstudentekampioenskappe, wat van 1 tot 12 Julie in Belgrade gehou is, het Suid-Afrika se mans-aflosspan in die 4x100 m die silwer medalje gewen. Die Maties Wilhelm van der Vyver en Ross Jordaan was deel van dié aflosspan.

Wilhelm is ook ingesluit in die SA senior span vir die 2009-Wêreldkampioenskappe in Berlyn, maar het weens studieverpligtinge besluit om nie deel te neem nie.

In die eindronde van die 400 m-hekkies by die Studentekampioenskappe het Cornél Fredericks sesde geëindig, maar wel in die proses 'n rekordtyd van 49.93 sekondes gehardloop. Dít is die beste tyd wat nog ooit deur 'n Suid-Afrikaanse junior atleet in dié item behaal is, en plaas Cornél eerste op die SA junior ranglys en tweede op die SA senior ranglys.

By die Wêreldjuniorkampioenskappe, wat in Julie in Italië plaasgevind het, het Maties se Stephan Brits die silwer medalje in die verspring verower.

Maties se grootste rede om te glimlag, is egter die Afrika-kampioenskappe wat van 30 Julie tot 2 Augustus in Mauritius plaasgevind het. Die vyf Maties wat Suid-Afrika hier verteenwoordig het, Cornél, Ethan Florus, Luvo Manyanga, Willem le Roux en Shaun de Jager, het almal medaljes gewen.

Ethan het 'n silwer medalje in die 4x400 m-aflos en 'n vierde plek in die 100 m ingepalm; Luvo het 'n brons medalje in die verspring gewen en beklee tans die eerste posisie op die SA junior ranglys; Shaun het silwer verower in die 4x400 m-aflos, en die eindronde van die 400 m gehaal; en Willem het silwer in die tienkamp gewen.

Cornél was egter die grootste held, met goue medaljes in die 400 m-hekkies sowel as die 110 m-hekkies, en 'n silwer medalje in die 4x400 m-aflos.

Dié medalje-oes het gehelp om Suid-Afrika in die eerste posisie op die medaljetabel te plaas.

"Ek is baie bly. Ek wou graag my laaste jaar as 'n junior atleet op 'n hoë noot afsluit," het Cornél, wat nou 19 jaar oud is, gesê. "My doelwit vir die seisoen was om die 400 m-hekkies onder 50 sekondes te hardloop, en dít het ek vermag."

Volgens Cornél sou hy dit nie sonder sy afrigter by Maties Atletiek, Mario Smith, kon doen nie. "Mario help my baie met dinge soos my tegniek," sê Cornél.

Dié jong atleet se droom is om in 2012 aan die Olimpiese Spele deel te neem. "Daar lê nog baie harde werk voor. Die seisoen is nou verby, maar ek het reeds begin oefen vir volgende jaar se Geelbladsye-byeenkomste sodat ek kan probeer kwalifiseer vir die 2010-Statebondspele wat in Indië gaan plaasvind."

Unbeaten women rise to the top

Marli van Wyngaard

THE women's football team of Stellenbosch University is finally on top.

Under the guidance of coach Gisella Latilla, the Maties women have recently won the 2009 SAFA Cape Winelands Absa Regional Women's League for the first time in the history of the club.

With a record of 16 victories out of 16 games, scoring 70 goals while conceding only 6 against them, no other team came close to being their match.

This brought the Maties to the provincial play-offs where they had to face the other top five women's regional teams in the Western Cape.

Again they did not disappoint, and with their unbeaten record still intact, the Maties women's football team was finally promoted to the prestigious SASOL League, the highest- league before the national team.

"I am very proud of the girls, but now the hard work really begins-. The new league will be much more challenging and will require our full commitment, but it is a wonderful opportunity for the girls to grow as players and as individuals," says Gisella, who took over as their coach- in February this year, as the first woman's coach at the Maties Football Club.

The new league will be much more challenging and will require our full commitment



Here is the winning Maties' women's football side with their coach Gisela Latilla. Photo: Eikestadnuus

Gisella, who was born in Ethiopia but lived in Italy, moved to South Africa in 1983. As a proud South African citizen she represented the national women's football team in 1985.

"Football is changing in South Africa, especially in Stellenbosch, It is the beginning of a new era where- more youngsters - especially girls - want to play football.

"To have a team in the Sasol League- is great for the Maties Club, but also a boost for the whole re-gion," says Gisella.

Her dream is to establish a girls' team in each age group, from u.9 to senior, in order to offer the opportunity for all young women in the area to play football.

"Football is very much still a game- for men, and I would like to change that. A lot of awareness needs to be created for women's football - they need to be given the same opportunities as men," says Gisella.



Prof Julian Smith, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel, wys hoe dit gedoen word.

Maties skop bewustheid vir Wêreldbeker af

Vuurblasers wat gevaarlike vuurtonge meters in die lug inblaas. Hip-hop-dansers met gomlastieklywe. 'n Sokkerbal-balanseerder wat toertjies minute lank met die bal op sy kop en sy lyf uitvoer. Lewendige musiek terwyl honderde ballonne binne 'n stampvol Neelsie Studentesentrum losgelaat word. En natuurlik die klank van vuvuzelas.

Dit is hoe die Universiteit Stellenbosch se inisiatief vir Maties se betrokkenheid by die 2010-Sokkerwêreldbekertoernooi in Augustus aan studente bekendgestel is. (In Matieland 2009:1 is berig oor hoe Wêreldbeker-inisiatiewe aan personeel bekendgestel is.)

Stellenbosch is een van die Suid-Afrikaanse stede wat 'n bod ingesit het om as gasheer vir minstens een van die Wêreldbekerspanne op te tree. Die Universiteit is saam met die Munisipaliteit Stellenbosch hierby betrokke.

Sokker kry nou saam met ander sportsoorte aan die US sy regmatige plek, het prof Julian Smith, Viserektor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel) by dié geleentheid gesê. Opwindende projekte sluit in 'n Sokkerakademie asook nuwe sokkervelde wat op die Lentelus-terrein in die omgewing van die Goldfields-koshuis aan die noordekant van die kampus ontwikkel gaan word - met 'n groot bedrag wat reeds toegeken is (sien *Matieland* 2009:1). Die US hoop om uit borggeld nog meer hiervoor te kry, en gaan ook by die bevordering van sokker in die gemeenskap betrokke wees.

Verder gaan die US se Departement Geskiedenis 'n navorsingsprojek lei oor die Stellenbosse gemeenskap se jare lange betrokkenheid by sokker.

DIE sogenaamde kleiner sportsoorte van die Universiteit Stellenbosch het oor die afgelope paar maande kop aan kop presteer saam die US se gereelde wenners. Hier is 'n paar van Maties Sport se onlangse spog-prestasies:

Marius Bosman van die **Maties-skermklub** is US se nuutste nasionale sportster. Hy is onlangs gekies om Suid-Afrika te verteenwoordig by die Skerm Wêreldkampioenskappe wat op 26 September in Turkye begin het. Marius is al 17 jaar lank, sedert hy op skool is, lid van die Maties-skermklub waar hy steeds voltyds kompeteer en ook afrig. Sy mees senior-student by die Maties-skermklub, **Paul Schwartz**, het ook sy nasionale kleure verwerf en is onder die top drie sabreurs in die land.

Die Matie-student en lid van die **Maties-kanoklub Robyn Kime** het in Julie vanjaar haar in die geskiedenis van die Bergrivier kano-marathon ingeroei. Sy is slegs die vierde vroue-roeier wat in haar debuut op die Berg seëvier. Ná teëspoed op die eerste dag het Robyn die bykans onmoontlike vermag, deur 'n agterstand van 52 sekondes uit te wis en ses minute voor Lindi-May Harmsen (tweede) te eindig. In die mansafdeling het die jong Matie-student, Pierre-André Rabie, van dag een af goed vertoon deur deurgaans in die sesde of sewende plek klaar te maak. In slegs sy tweede Berg het hy 'n goeie algehele sesde plek losgeroei.

Die Maties-swemklub se 4 x 200 vryslag-aflosspan het in die eerste week van September by die Suid-Afrikaanse Kortbad Swemkampioenskappe in Pietermaritzburg 'n goue medalje gewen. Dié wenspan het bestaan uit **Bianca Cant, Yolandi van der Merwe, Liezel Burger en Caitlin Kat.**

Both **Maties Hockey's first teams** claimed the top spot at this year's USSA hockey tournament held in Bloemfontein in July. Maties' first men's team clinched the title with a golden goal in the final against the University of Johannesburg (UJ), while the women also faced UJ in their final and won convincingly with 4-1. The Steinhoff Maties men's first hockey team was also crowned as the 2009 WPHU Grand Challenge League Winners in September after they completed the league with an unbeaten record.

Ernst van Dyk van die Universiteit Stellenbosch Sport Prestasie-instituut (Suspi) het in September 'n brons medalje (individuele tydtoets, handfiets, 19,40 km) én 'n silwer medalje (padresies, handfiets, 58,20 km) ingepalm by die UCI Para-cycling Wêreldfietsrybyeenkoms in Bogogno, Italië.

Renette Bloem of the Maties Swimming Club and the Maties-Helderberg Club for People with Disabilities, won nine medals in all nine items that she competed in at the South African Short Course Swimming Championships in Pietermaritzburg in September. Renette, who is completely blind, claimed two gold medals (50 m and 100 m breaststroke), two silver (200 m individual medley and 50 m butterfly stroke) and five bronze medals (100 m individual medley, 50 m and 100 m freestyle, as well as 50 m and 100 m backstroke).

Die Maties-rugbyakademie het in Augustus vir die vyfde agtereenvolgende jaar skoonskip gemaak in die NS Wanderers Sewestoernooi in Maleisië. Sedert dié jong akademiespan van die Maties-Rugbyklub se Russel Carelse in 2004 vir die eerste keer uitgenooi is ná dié toernooi, het hulle nog elke jaar onoorwonne en met álbei trofeë in albei ligas teruggekom huis toe.

Dagbreek se eerste rugbyspan, die Bloutrein, is vanjaar se wenners van die Sauer-beker. Die Dagbrekers het 'n riller-eindstryd teen Helshoogte begin Oktober in die Danie Craven-stadium met 16-9 gewen. Die manne in blou beleef 'n goeie sportjaar met hul sokkerspan wat vanjaar se sokkerliga gewen het.

Fotos op hierdie bladsy: Eikestadnuus

Ds WA (Willie) Alheit van Hermanus (87). Oud-inwoner van Hombre. Verwerf die graad BA (1943). In 1947 gelegitimeer en het na diens in vier gemeentes in 1972 by Carfo, die christelike filmvervaardiger, aangesluit. In 1980 is hy na Mema tot met eerste aftrede (op 65) in 1987. Na aftrede kon hy (as "onblusbare gees") nie stilsit nie en hy het weer gaan werk, die keer as as organiseerder vir die CAD in die Wes-Kaap tot met sy tweede aftrede-in 1992. Daarna het hy nog weer 'n jaar in Stanford gaan werk. Op 80 gaan gee hy toe plegtig sy toga terug aan die gemeente waar hy dit met sy ordening ontvang het - die boodskap "Nou tree ek finaal af"! maar gaan werk daarna weer in 'n gemeente.

Mnr JD (James) Baldie van Misgund (64). Oud-inwoner van Helderberg. Verwerf die graad BSc in Landbou (1966).

Prof CJ (Christiaan) Barnard van Hillcrest (85). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BA (1944), MA (1950). In 1970 D.Litt en Phil aan Unisa. Opeenvolgend verslaggewer by *Die Burger* (1944-1946), hoofgeskiedskrywer Afdeling Oorlogsgeskiedenis (1950-1958), kulturele attaché in Suid-Afrika Huis in Londen (1959-1961) en dosent in geskiedenis by Unisa (1962-1985), die laaste 15 jaar as hoogleraar. Veral bekend as skrywer van *Die Vyf Swemmers* (1988), 'n ware ontsnappingsverhaal uit die Anglo-Boereoorlog.

Mnr E Van Z (Erasmus) Brand van Namibië (77). Verwerf die graad BA (1951), SOD (1953).

Mr RA (Reinhold) Brune of Bryanston (53). Obtained the degrees Hons BB & A (1991), MBA (1994).

Mnr HT (Hendrik) Buhrmann van Bellville (65). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die grade BSc (1966), MSc (1969).

Ds AW (Andries) Celliers van Bloemfontein (79). Verwerf die dipl KD in Teologie (1964), LisTeol (1965).

Mev MV (Vonka) Cloete (née Bodemer) van Erasmusrand (65).

Mev MD (Dottie) Conradie (née Boshoff) van Stellenbosch (79). Verwerf die Sert in Koorleiding ODMS (1949).

Mev E (Estelle) Crowson (née Strydom) van Kenilworth (73). Oud-inwoner van Huis de Villiers. Verwerf die grade BA (1957), Hons BA (1957), MA (1959).

Mev LJ (Lydia) de Bruyn (née van der Merwe) van Wellington (74). Oud-inwoner van Lydia. Verwerf die grade BA (MW) (1956), Hons BA (1958).

Mnr IL (Izak) de Villiers van Parkwood, Johannesburg (73). Verwerf die grade BA (1956), Hons BA (1957), MA (1959). Was bekend as skrywer en joernalis, digter en predikant. As predikant bedien hy die gemeentes Albertinia, Bonnievale en Constantia (1963 - 1983) voordat hy as redakteur van *Sarie* aangestel word. Hy behartig die agterblad-artikel vir meer as 30 jaar. In 1991 word hy redakteur van *Rapport* en tree hier in 1997 af. Hy skryf talle boeke waaronder *Depressie, die siekte van ons tyd* (1986), waarvoor hy die Andrew Murray-prys ontvang, *Jerusalem tot Johannesburg* (2005), waarvoor hy in 2006 met die M-Net-prys vir Poësie bekroon word, *Vervreemdeling* (2008) en 'n rits geestelike boeke. Die digbundel *Leitourgos* word beskou as die eerste digbundel deur 'n predikant oor die bediening wat in Afrikaans verskyn. Ses ander bundels sou volg. Sy laaste boek, *Strooidak en Toring*, het in Julie vanjaar verskyn. Hy maak ook naam as radio-omroeper en hanteer onder meer die destydse Vrouerubriek oor die Afrikaanse diens van Radio Suid-Afrika en was ook verantwoordelik vir 'n Sondagaandprogram, Godsdiens-aktueel, waarin hy onderhoude met bekendes voer. Hy was ook vir lank 'n rubriekskrywer in *Beeld, Die Burger, Volksblad* en destydse *Die Oosterlig*. Baie van sy rubrieke word met die loop van die jare gebundel. Na sy aftrede was hy deeltyds verbonde aan die NG Gemeente Aasvoëlkop (Northcliff) in Johannesburg. Hy was 'n stigterslid van die Chris Burger-fonds vir beseerde rugbyspelers (vandag die Chris Burger/Petro Jackson Spelerfonds) en was ook lid van die Uitvoerende Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

(Bronne: *Litnet, Die Burger* en *SARIE, Foto: SARIE*/ Nardus Nel)

Dr W (Wim) de Villiers van Louis Trichardt (60). Verwerf die graad MBChB (1973). Een van die dorp se geliefkoosde dokters. Hy en sy vrou het hulle in 1972 in Louis Trichardt gevestig.

Mnr AJ (Dries) de Villiers van Strand (91). Verwerf die grade BSc (1944), BScIng (1946). Lektor in Toegepaste Wiskunde aan US vanaf 1947 tot 1964. Daarna gaan boer op Napier.

Mnr DJ (Daniel) de Villiers (foto links) van Knysna (78). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BSc in Landbou (1952).

Mnr PD (Pieter) de Waal van Parow-Noord (56). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die graad BIng (1978). Was een van die bestuurslede van die Bond van Wilgenhoffers.

Mnr PJ (Piet) Delport van Port Elizabeth (53). Oud-inwoner van Eendrag. Verwerf die grade BA (1977), LLB (1980). Was huiskomiteelid vanaf 1977-1979. Hy was ook studenteraadlid in 1979. Vestig hom in 1980 in Port Elizabeth waar hy as prokureur praktiseer tot sy dood.

Mev HM (Hester) Dreyer (née du Toit) van Strand (81). Oud-inwoner van Monica. Verwerf die graad BA (1948).

Mnr PWE (Piet) du Toit van Monte Vista (81). Oud-inwoner van Huis Marais. Verwerf die grade B ED PH (1949) BA (1955).

Prof HJR (Herwil) Dürr van Stellenbosch (88). Verwerf die grade BSc (1941), MSc (1944), DSc (1950). Hy is as senior lektor by die US aangestel en in 1959 tot professor bevorder. 'n Vlymskerp akademikus en lief vir debatvoering. Hy was vir baie jare hoof van die Dept Insektekunde tot sy aftrede in 1986, en het 'n besondere passie gehad vir navorsing en dan spesifiek oor miere en plantluise. Hy was baie sosiaal, 'n voordanser en lief vir die buitelug. Kon ook klavier speel en skilder. Voorts het prof Dürr gemeenskapsdiens verrig deur in die Burgermag te dien, waar hy Majoor was. Hy was ook vir 12 jaar lank hoof van die Polisie Reserwemag op Stellenbosch.

Maj JAA (Jacobus) Engelbrecht van Haarlem (91). Verwerf die graad MEd (1953). Skoolhoof by skole Herbersdale, Kimberley, Steyterville, Reivilo en Murraysburg. Dosent aan Tegniese Kolleges in Durban, Kaapstad en Pretoria. Was ook dosent by Militêre Akademie Saldanha (April 1966 - Junie 1967.)

Mnr JC (Johannes) Engelbrecht van Durbanville (82). Verwerf die graad BComm (1946).

Mnr PJ (Peter) Fairhead van Kaapstad (65). Oud-inwoner van Helderberg. Verwerf die grade BA (1965), LLB (1967.

Dr J (Jacobie) Fourie van Gansbaai (46). Verwerf die graad MBChB (1987). Praktyk in Gansbaai oorspronklik van Napier.

Mnr C (Christo) Gerber van Eshowe (78). Verwerf die grade BA (1953), MA (1955), SOD (1956).

Mr BC (Botes) Gresse of Lady Grey (54). Obtained the degrees BMus (Ed) (1977), "Dipl vir Kerkorreliste" (1977), Hons BMus (1984). After completion of his military training in 1979, Botes started his teaching career at the Worcester High School in the Western Cape. In 1983 he was appointed lecturer in the Department of Music, Faculty of Education at SU lecturing Piano, Music History, Harmony and Choral Education. In 1990 he took up the post of Choir Master at the Drakensberg Boy's Choir School and was appointed Associate-Director of Music in 1994. Botes Gresse moved to Lady Grey in 1996 and in 1997 was appointed Head Master of the newly established Lady Grey Arts Academy, a combined Primary and High School focusing on the Performing Arts, Music Studies, Dance Studies, Dramatic Arts, Visual Art and Design. During 2005 Botes was approached by Prof George Van der Spuy to be trained as an examiner for UNISA music examinations.

Mr CI (Craig) Haskins of Bergvliet (40). Obtained the degree MBA (2004). Former manager: Strategic Information, Strategic Development Information and GIS Department of the City of Cape Town. An energetic and challenging personality, full of life and hope.

Mnr CA (Con) Hofmeyr van Wellington (84). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die graad BScIng (1951). Hy hou die onderskeiding dat hy 9 jaar (1943-1951) lank inwoner van Wilgenhof was. Gedurende sy studentejare was hy intervarsity dirigent, leier van die Die Kraaie en het hy verskeie sangfeeskore afgerig. Hy was ook lid van Oom Pietie le Roux se Boere-orkes op Stellenbosch. Hy was 'n oud-Burgemeester van Wellington en ook lid van die Kaaplandse Uitvoerende Komitee.

Ds FD (Frans) Hugo van Klein-Brakrivier (90). Verwerf die graad BA (1947).

Mnr CJ (Chris) Joubert van Durbanville (80). Verwerf die graad BSc (1957). Volkleure vir Rugby in 1949. Het na graad vir die SABS & WNNR gewerk. Onder sy leiding is die eerste fasiliteit vir proefdiere by die SABS gebou. Het ook op Internasionale Komitee vir Proefdiere gedien en eerste internasionale kongres in RSA gereël.

Mnr JM (Josua) Joubert van George (43). Oud-inwoner van Helshoogte. Verwerf die graad BIng (1989).

Mnr MJB (Matthys) Kitshoff van Fontainebleau (58). Verwerf die grade BComm (1973), Hons BComm (1975).

Mev AH (Annie) Koorts (née Dreyer) van Newlands (98). Verwerf die grade BA (1932), SOD (1933), MA (1934).

Dr AH (Andries) Lategan van Waverley (66). Oud-inwoner van Eendrag. Verwerf die grade BSc (1963), Hons BSc (1965), MSc (1966). Hy was die eerste ontvanger van 'n doktorsgraad in Sterrekunde aan die Vrystaatse Universiteit en wie se MSc-tesis aan die US as deel van die Universiteit se eeufees-annale gepubliseer is. Was 'n kranige bergklimmer, liefhebber van Afrikaanse letterkunde, akteur in Jamie Uys se Professor en die Prikkelpop, en iemand wat op politieke en onderwysgebied hom beywer het vir 'n oop samelewing.

Mnr JJ (Jacob) le Roux (foto links) van Gordonsbaai (95). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die graad BA (1933), SOD (1934). Hy was 'n oud-onderwyser van die Hoërskool Bellville.

Mnr JJF (Johannes) Lemmer van Brits (92). Verwerf die graad BComm (1938). 'n Man met sterk beginsels. As kind het hy in die destydse Tanganjika gewoon, gee later onderwys in Rhodesië. Het meer as 50 jaar lank in Ermelo gewoon en tot op ouderdom 90 in sy praktyk gewerk.

Mev W (Wilna) Loock (née de Wet) van Bultfontein (70). Verwerf die graad BA (MW), (1960).

Mnr WDK (Walter) Loubser van Malmesbury (73).

Mev AJ (Aletta) Lesch (née Louw) van Welgelegen (92). Oud-inwoner van Harmonie. Verwerf die graad BSc (1937), Sert in Spraak en Voord (1938).

Mev Lesch is seker een van die grootste onderwysfigure wat De Aar ooit gehad het. In 1945 keer sy terug na Stellenbosch waar sy sang studeer en haar paaie kruis met die van dr Philip McLachlan die baie bekende koorleier van US. Gedurende 1946 keer sy terug na die Karoo. Sy gee nog vir 10 jaar onderrig in De Aar tot haar aftrede.

Mnr DG (Dan) Malan van Hartenbos (85). Verwerf die graad BComm (1943), SOD (1944). Hy was skoolhoof van onder meer Hoërskool Colesberg en Robertson. Daarna superintendent van Onderwys tot en met sy aftrede.

Me JJ (Judith) Matthews van Queenswood (87). Verwerf die Sert in Spraak (1941), HPOD (1942). Onderwyseres in Lindley en Greytown. Skoolhoof van die Voortrekker Junior Primêre Skool Pietermaritzburg tot 1977.

Mev TAE (Philé) Momberg (née Smit) van Gordonsbaai (67). Verwerf die graad BA (1962). 'n "Romantiese siel", 'n spesiale humorsin, nederig en onpretensieus. Lid van die Stellenbosch Fynproewersgilde.

Mnr JW (John) Momberg van Brackenfell (86). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BA (1944), MA (1948).

Mev MAC (Maria) Moolman (née Jordaan) van Cradock (79). Oud-inwoner van Huis ten Bosch. Verwerf die graad BA (1952). Wyle mev Moolman het gedurende 1950 vir Boland hokkie gespeel en het tot onlangs as lid van die Cradock Rolbalklub rolbal gespeel. Sy was ook 'n uithaler vertoner by die Cradock-skou se huisvlyt-afdeling en het verlede jaar as beoordelaar tydens die skou se huisvlyt-afdeling opgetree.

Mnr JP (Jakobus) Mostert van Randburg (75). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die grade B.Sc. Blng (1957).

Mnr JJ (Jan) Myburgh van Brackenfell (71). Verwerf die dipl GDPA (1980).

Mnr G (Gerrit) Nieuwoudt van Stilbaai-Wes (85). Verwerf die graad BSc in Landbou (1946). Hy was 30 jaar werksaam by SFW te Stellenbosch.

Mnr MG (Msimelelo) Njwabane van Oos-Londen (28). Verwerf die graad BPhil (2006). Was 'n politieke joernalis by *Daily Dispatch* in Oos-Londen en het voorheen as ondersoekende joernalis by *Beeld* gewerk. Desember verlede jaar het hy *Beeld* vir die Oos-Kaap verlaat. (foto Njwabane)

Ms EN (Edith) Pakati of Southernwood (50). Obtained the degree BPhil (2007).

Dr CP (Staff) Pauw van Ladismith (62). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die graad MBChB (1973).

Prof RP (Roland) Perold van Stellenbosch (92). Verwerf die grade BSc (1936) MSclng (1953). Hy was lektor en navorsingsbeampte by US Landboukollege 1948-1958. Senior lektor in Landbou US 1958-1960. Professor in Landbou Ingenieurswese US 1960-1973. Hoofingenieur Departement Landbou Tegniese Dienste 1973-1981. Na sy aftrede was hy deeltydse ingenieur by die Dept Landbou en Visserye 1982-1985. Was 'n geliefde dosent en het navorsing gedoen op besproeiing en dreinering, het die drywende Lisimeter ontwerp en was van die eerstes wat gepubliseer het oor rekenaarontwerp vir mikro-besproeiing.

Mev IC (Ingrid) Pickard (née Dönges) van Kenilworth (76). Oud-inwoner van Huis de Villiers. Jongste dogter van dr Eben Dönges, oud-staatspresident van Suid-Afrika. Sy was getroud met die oud-Springbokrugbyspeler en later president van die WP-Rugbyunie, wyle mnr Jan Pickard. Rugbykenner in eie reg. Skryf 'n biografie, *Larger than life*, oor haar man. Betrokke by Christelike groepe.

Mnr EW (Eddie) Pienaar van Malmesbury (76). Verwerf die graad BSc in Landbou (1955). MScAgric (1958). Hy het vir Maties se eerste rugbyspan uitgedraf en was ook huiskomiteelid vir die privaat studentewyke. Sy eerste werk was by die Tabaknavorsingsraad op Rustenburg waar hy tot 1964 gewerk het. Hierna kom hy Malmesbury toe en werk onder meer vir die destydse Graanboere Koöperasie. Later was hy ook op die hoofbestuur van hul opvolger WPK. Nie alleen het hy diep spore in die landbou getrap nie, maar hy was ook 'n sportgeesdriftige en 'n kultuurmens by uitnemendheid. As landboukundige het hy jare lank voorligting gedoen. Hy het ook lesings oorsee gegee en het altyd 'n antwoord reg gehad. As rugbyliefhebber het hy sy lewe lank as skeidsregter opgetree en op kultuurgebied het hy aan talle organisasies behoort.

Mnr JMG (Jurian) Prins van Rondebosch (34). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die grade BRek (1995), HonsBRek (1996). 'n Voormalige rugbyspeler van die Boland en die Westelike Provinsie. Prins het in 1998 'n Vodacom-bekerwedstryd vir die WP gespeel. In 2003 het Prins vir die Kavaliers gespeel.

Mnr J De V (Johan) Reinecke van Herold (81). Verwerf die graad BSc in Landbou (1951).

Mev MSM (Marietjie) Slabbert (née Barry) van Somerset-Wes (70). Oud-inwoner van Sonop. Verwerf die graad BComm (1960), SOD (1960).

Miss T (Teneille) Smith of Cape Town (26). Former resident of Irene. Obtained the degree BEdPsig (2005). She was on the house committee (HK) in 2004 and represented Irene at hockey for 3 years.

Mnr BJ (Bennie) Steyn van Nylstroom (23). Oud-inwoner van Helderberg. Verwerf die graad BComm (2009).

Mnr DA (Deryk) Steyn van Somerset-Wes (79). Was bekend daarvoor dat hy arm mense in Somerset-Wes gehelp het.

Ds SA (Sarel) Struwig van Malmesbury (84). Oud-inwoner van Hombre. Verwerf die graad BA (1944). Bedien gemeentes Albertinia, Groot-Brakrvier, Oudtshoorn-Wes, Heidelberg (Kaap) en Paarlberg. Was ook Skriba van die ring in al hierdie gemeentes.

Mnr O (Oostewal) Theron van Brackenfell (71). Verwerf die grade BA (1972), HonsBA (1972), BEd (1974).

Mnr ABA (Andre) Traverso van Kaapstad (37). Oud-inwoner van Wilgenhof. Seun van regter Jeanette Traverso, waarnemende regter-president van die Wes-Kaapse hooggeregshof.

Dr J (Johan) van der Merwe van Paarl (59). Verwerf die graad MMed (1987).

Prof A (Ton) van Laar van Somerset-Wes (86). Verwerf die graad DScBosb (1960). Honorary Professor - University of München, Burkhart Medal - University of Gottingen, Honary Member - SA Forestry Institute. Wrote book in Afrikaans, German and English. Lecturer Dept Forestry from 1977-1988.

Mnr S Van B (Servaas) van Niekerk van Wellington (86). Verwerf die graad BSc in Landbou (1945).

Dr JK (Japie) van Ravensteyn (foto links) van Willowmore (74). Verwerf die graad MBChB (1966). Gerespekteerde dokter van Willowmore.

Mnr GC (Gerhard) van Zyl van Mosselbaai (25). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die graad BRek (2006). Was besig met sy praktiese jaar.

Mnr D (Dicky) van Zyl van Krugersdorp (79). Verwerf die grade BSc (1951), MSc (1965).

Mnr P (Philip-John) Versfeld van Somerset-Wes (80). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BComm (1950). Hy was 'n bekende rugbyspeler vir Maties se eerstespan, het jare opgedraf as loskopstut. Ook bofbal gespeel. Al die jare by AECI gewerk. Met sy aftrede was hy die Besturende Direkteur vir Vynide.

Ds AJ (Bertus) Viljoen van Albetina (77). Verwerf die graad BA (1954). 'n Bekende in die NGK- en VGK-familie wat diep sendingwerk-spore in Malawi en Zimbabwe getrap het. Hy is na Malawi waar hy onder meer ses jaar lank by die Mlanda-sendingstasie gewerk het. Van 1972 tot met sy emeritaat in Julie 1995 het hy in Zimbabwe gewerk.

Mnr RP (Rudolph) Visser van Stellenbosch (64). Verwerf die dipl DOSK (1969), grade BA (1981), BEd (1988).

Mnr JP (Johannes) Visser van Vredenburg (75). Verwerf die grade BA (1954), LLB (1955).

Mev SJ (Susna) Zeelie (née Louw) van Port Elizabeth (66). Oud-inwoner van Huis ten Bosch. Verwerf die graad BA (1962).

Prof WA (Willie) van Niekerk van Kaapstad Hy word in 1970 aangestel by die US as hoof van die Dept – Verloskunde en Ginekologie. In 1985 word hy in die kabinet aangestel en word na 1989 voorsitter van die Presidentsraad. Hy tree in 1992 uit die politiek.

STUUR INLIGTING ASB SÓ

Matieland huldig graag oudstudente wat oorlede is, maar benodig volledige inligting. Dit sluit in volle name, noemnaam, van (en nooiensvan indien van toepassing), geboortedatum, datum waarop person oorlede is, grade behaal aan die US (of ander verbintenis, bv. ontvangers van eregrade wat nie hier studente was nie) en 'n bondige beskrywing van die persoon se beroepslewe. Foto's is ook welkom, maar plasing hiervan hang af van diehoeveelheid spasie wat beskikbaar is.

Stuur asb. die inligting aan: Me Malena Fourie van die Alumni-kantoor by tel (021) 808 4843, faks (021) 808 3026 of per e-pos by alumni@sun.ac.za.

Daai L.O.-klas...

Watter beelde roep jy op as jy die woorde "L.O.-klas" hoor? Vele MatiesAlumni pik dalk 'n traantjie as hulle aan een of ander geliefde sportonderwyser dink. Ander het dalk minder aangename herinneringe!

Illustrasie: Robert Schultheiss (Out of the Blue)

My herinneringe is meesal positief, veral as dit 'n lekker swemsessie in die middel van 'n bloedwarm Natalse somer was. Maar daar was een soort L.O.-klas wat in my en my skoolmaats se gedagtes ingebrand was - daardies wat hulself in die gimnasium afgespeel het...

Hieraan is ek herinner toe ek onlangs 'n funksie by my seun se skool gaan bywoon het. Stap maar in duisende skole in die land se sale in en daar is dit: teen die muur af 'n lang ry houtsparre en teen die dak, gewoonlik netjies teen een muur vasgebind, 'n paar lang, dik, geweefde toue, elkeen met so 'n leeromhulseltjie aan die punt vasgebind. En dan is dit maklik om jouself te verbeel daar lê nog so 'n paar van daai groot, swaar medisyneballe in die hoek. (Waar die naam vandaan kom, weet ek nie, want daar was wraggies niks medisinaals ter sprake as daai balle in die gimnasium rondgegooi is nie!)

L.O.-onderwysers was ook 'n spesie op hul eie. Meesal geklee in wit tekkies, 'n blou Teesav PT-broekie, wit gholfhempie, 'n donkerbril en 'n fluitjie om die nek. En te dikwels is daai fluitjie se toutjie op jou sitvlak as vriendelike aanmoediging ingespan.

Ek was nog in die pre-90's op skool, in die tyd toe die L.O.-periode met 'n groot mate van militêre dissipline bedryf is. Met jou sportfrokkie en sportbroek moes jy aantree en dan in 'n netjiese ry draf na waar die klas ook al sou plaasvind. Wee jou as jy in die rigting van die gimnasium beduie is, want daar was net te veel vreemde apparate wat as folteringsmeganismes ingespan is.

In die gim is ons in verskillende groepe verdeel en met die blaas van die fluitjie het jy tussen die verskillende "stasies" beweeg ten einde 'n spesifieke oefening te pleeg. Dis nou nadat die onnie ons verbaas het met sy tegniek op die apparate. (Die donkerbril is vir veilige bewaring aan die klaskaptein oorhandig.)

Natuurlik het baie van die oefeninge vir groot pret gesorg. Soos om te hardloop, op so 'n houttrampolientjie jou vastrap te kry en dan met 'n mate van grasie bo-oor 'n stapeltjie houtbokse (ook genoem die perd) te spring. En ja, die perd is gereeld te pletter gespring.

By 'n ander stasie moes jy met die toue tot teen die dak klim. Dié het ek nooit reggekry nie - net daar gehang soos 'n verskrikte nagapie. Die lekkerste was as die onnie gou iets in sy kantoor moes gaan haal. Dan het ons gekyk wie die vêrste soos Tarzan kan swaai.

Op 'n lang ry blou gimnasiummatjies moes ons arabiersponge en wawiele doen, maar dit het gewoonlik uitgeloop op bloot een of ander variasie van 'n bollemakiesie.

Die "brug" het sy eie vrese ingeboesem. Die teorie was dat jy tussen die twee houtpale moes hang en dan boontoe swaai vir 'n reeks toertjies. Makliker gesê as gedaan. En daardie rye houtsparre teen die muur? Ek dink nie eers die onnie het regtig geweet waarvoor dit is nie. Ons moes maar daaraan hang en beenoptrekke doen - jou voete mag nie die grond geraak het nie. Jou maag wou later bars van die inspanning.

En dan was daar die gevreesde rekstok. Dié was 'n staalstaaf meer as 2 meter die lug in. Dit het het so maklik gelyk as die onnie tot bo swaai, weer af en netjies op sy voete land.

Kobus (ek gee hom maar 'n skuilnaam) was omtrent die enigste ou wat daarin kon slaag om tot bo te kom. Maar in plaas daarvan om weer ondertoe te swaai beland hy wydsbeen op daai paal. Hy het net iets onverstaanbaar geprewel, stadig omgedop en die blou gimmatjie met 'n dowwe slag getref dat jy die stof letterlik daaruit kon sien trek. Op daai oomblik was dit natuurlik bitter snaaks, maar terselfdertyd was daar innige simpatie met ou Kobus. En niemand het hom daai diep, vêr seer in sy oë beny waarmee hy vir die res van die dag rondgeloop het nie.

Is die lewe nie soms ook maar soos verskillende stasies in die gim nie? Partykeer voel dit of mens besig is met nimmereindigende beenoptrekke. Ander kere gaan dit weer goed met arabiersponge en 'n bollemakiesie of twee. Soms moet mens maar met mag en mening aan die tou van lewe probeer hang - om nie eers te praat van opklim nie. Soms moet mens maar die kans waag en jouself oor die perd probeer werp. En ja, soms doem daar 'n rekstok voor jou op...

Dis wanneer 'n mens gimmaats nodig het, om jou op te help, of 'n onnie wat vir jou weer die oefening gaan wys - of self daai onnie te wees.

Maar vir elke oefening is daar gelukkig ook 'n fluitjie wat gaan blaas en as jy voel jy kan nie meer nie, is dit dalk net die klok vir pouse wat jou red.

Tot volgende keer.
Martin

Iets op die hart?

Skryf gerus aan my by media@sun.ac.za of by Die Redakteur: Matieland, Afdeling Kommunikasie en Skakeling, Universiteit Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland 7602. Die faksnommer is (021) 808 3800.

IRMA KNIPE

EIENDOMME
PROPERTIES
STELLENBOSCH

Sel 083 651 0390
Kantoor 021 886 4108
Faks 086 620 3478
irma@mweb.co.za

www.irmaknipeproperties.co.za

STELLENBOSCH R 6 800 000

Slaapkamer 4 Badkamers 4 Motorhuise 2 WEB 729064

Mostertsdrift. 'n Besondere Victoriaanse juweel. Smaakvol gerestoureer. Houtvloere, hoë plafonne en marmer kaggels. Aparte woonstel en studio. Daktuin met praguitsigte op berge.

STELLENBOSCH R 2 550 000

Slaapkamer 3 Badkamers 2 Motorhuise 1 WEB 711022

Simonswyk. Groot gesinshuis met ruim selfsorgwoonstel en swembad in privaat gevestigde tuin. In singel langs parkie. Langs kampus. Stapafstand van winkelkompleks.

STELLENBOSCH R 2 850 000

Slaapkamers 5 Badkamers 2 Parkering 3 WEB 72534

Dalsig. Ruim gesinshuis wat hope akkommodasaie biec

Uitstekende ligging naby Paul Roos Gimnasium, Rhenish en Bloemhof Meisieskole. Swembad.

STELLENBOSCH R 1 370 000

Slaapkamers 3 Badkamers 2 Parkering 2 WEB 737350

Liberte. Smaakvolle meenthuis in rustige buurt oorkant Oude Libertas Kompleks. Swembad en braaigeriewe. Baie goeie sekuriteit.

STELLENBOSCH R 2 990 000



Slaapkamers 3 Badkamers 2½ Motorhuise 1 WEB 750992

Dorpstraat. In historiese straat naby koffiewinkels, museums en teaters. Naby Eersterivier. Die ideale toesluit en ry belegging vir die reisiger of professionele persoon.

STELLENBOSCH R 2 650 000

Slaapkamer 4 Badkamers 3½ Motorhuise 2 WEB 56703

Paradyskloof. Skaal af sonder om ruimte en kwaliteit i te boet. Luukse afwerkings. Praguitsigte vanaf balkon. Uitstekende sekuriteit. Vir die kieskeurige koper met sty

STELLENBOSCH R 1 295 000



Slaapkamers 2 Badkamers 1 Motorhuise 1 WEB 568929

Dalsighof. Besonder ruim (117m²) eenheid met groot balkon en toesluitmotorhuis. Naby skole, Medikliniek, winkelsentrum en hoofroetes. Netjiese en veilige kompleks.

STELLENBOSCH R 1 950 000



Slaapkamers 2 Badkamers 1½ Parkering 1 WEB 572586

Ryneveldstraat. Puik studente verblyf op US kampus. Historiese slawehuisie oorkant lesinglokale. Houtvloere en hoë plafonne. Veilige parkering. Baie goeie belegging.

STELLENBOSCH R 795 000



Slaapkamers 2 Badkamers 1 Parkering 1 WEB 71860

Molteno Park. Hoekeenheid met moderne afwerkings. Baie ekstra parkering binne kompleks. Braaigeriewe e wassery. Stap na kampus. Gewilde kompleks met goei bestuur.

STELLENBOSCH R 995 000

Slaapkamers 2 Badkamers 1 Parkering 2 WEB 720331

Nouveau. Grondvloer noordfront eenheid met privaat patio. Swembad en braaigeriewe in kompleks. Goeie sekuriteit. Stapafstand na kampus.

WOONSTELLE OP KAMPUS

Cyrus	Eenmans	28m²	R 850 000
34 on Merriman	Eenmans	26m²	R 880 000
Amadeus	Eenmans	27m²	R 899 000
Het Begijnhof	Eenmans	32m²	R 945 000
Amidal	Eenmans	35m²	R 1 100 000
Huis Piron	Eenmans	28m²	R 1 200 000
The Merriman	Eenmans	43m²	R 1 300 000
Het Begijnhof	1 Slpk	55m²	R 1 395 000
De Watergracht	2 Slpk	50m²	R 995 000
La Dauphine	2 Slpk	42m²	R 1 295 000
Cyrus	2 Slpk	55m²	R 1 250 000
Marithahof	3 Slpk	72m²	R 1 890 000

STELLENBOSCH R 620 000



Slaapkamers 1 Badkamers 1 Parkering 1 WEB 65758

Abelia. Moderne grondvloer eenmanswoonstel. Stapafstand van kampus en middedorp. Braaigeriewe. Veilige parkering. Netjiese kompleks.

PERSOONLIKE AANDAG EN PROFESSIONELE DIENS

la Clémence

by Stellenbosch

Koester Jou Aftrede!

LA CLÉMENCE SKUIF DIE LAASTE LEGKAARTSTUKKIE IN

Gerieflik geleë langs die R44 het die statige woning van Basil Williams vier jaar gelede sy ou kleed afgegooi om dit te verruil vir die mantel van 'n luukse aftree-oord: ***la Clémence***. Met ongekende professionalisme is hierdie besondere geleentheid tot aftrede stukkie-vir-stukkie aanmekaar geheg totdat slegs die finale kroonstuk van die legkaart moes inskuif: die *la Clémence* **Gesondheidsorgsentrum!**

Die aanvang van November 2009 sal die oopstoot van twee weelderige bemarkingsdeure aankondig: BONHEUR – die moderne **20 Bystandsorgsuites** en die weldeurdagte **18-bed Versorgingsentrum.**

Die kwaliteit en unieke ontwerp van die reeds-gevestigde *la Clémence*-wonings word in hierdie trotse Gesondheidsorg-sentrum weerspieël. Reeds met die lê van die eerste fondasiestene het mev. Lisa Hager die ontwikkelaar genader om – op daardie stadium ongesiens – 'n suite volgens die Voorkoopsregbeginsel te verseker...'n prosedure wat - sonder bemarking - met alreeds 25% van die suites herhaal is!



Mev. Lisa Hager: "Bonheur voldoen emosioneel en fisiek aan élke behoefte. Die ontwikkelaar was ten opsigte van élke aspek tegemoetkomend ... en natuurlik is al my tydgenote en vriende alreeds la Clémence-inwoners!"

Die 20 suites met wisselende vloerareas adverteer hulself – in elk:

- Rolstoelvriendelike ontwerp
- Ongekende afwerking
- Dakvensters waardeur sonstrale vloei
- 'n Volledig toegeruste kombuisie
- Ingeboude bedkopstuk met leesliggies en noodroep-sisteem
- 'n Platskermtelevisie
- Verhitte handdoekrelings en ondervloerse verhitting in die badkamers
- Luukse dakwaaiers

Spogafwerkings in die ruim badkamers getuig van Bonheur-weelde

Die uitleg is vars: die 20 suites nestel in 'n vierkant om die kuierarea: 'n verligte, glyvaste wandelarea met vashourelings en veiligheidsglasdeure lei jou na die sit-eetarea – 'n gemoedelike verlengstuk van elke suite. Die interieur getuig van gemak, warme samesyn vir elke seisoen. Tydens die koue wintermaande sal die kaggel knetter; die lugverkoeling sal die hitte van die somer verdring; die oopskuifglasdeure bring die binnehof en geplaveide kuierarea in kontak met die gemak van die sitkamer: kleurvolle buitetafeltjies, ontspanne inwoners!

Rede om te glimlag! Verna voor die ontvangstoonbank – die kern van uitmuntende versorging.

Veel meer: 24-uur Verpleegsorg met voorsiening vir alle versorgingsvlakke is beskikbaar! 'n Volledige behoefte-pakket word voorsien en met die *Lewensregbeginsel* wat kontraktueel sal geld, geniet inwoners totale gemoedsrus. Gepaardgaande met die deurwinterde TRANS 50 aan die stuur, beloof die *la Clémence* Gesondheidsorgsentrum (beskerm deur die Wet op Afgetrede Persone Nr. 65 van 1988) *professionele dienslewering, individueel ontwerpte sorg en leefstylverryking!*

Met bekendstellingspryse vanaf R650,000.00 sien ons bemarkingspan opgewonde daarna uit om **BONHEUR** eersdaags aan die mark bekend te stel.

Nicholas en Naomi pronk voor 'n voltooide pragwoning.

EN ONTHOU: slegs 'n paar uitsoekgeleenthede en voltooide pragwonings in *la Clémence* is beskikbaar!

Kontak SONDER UITSTEL vir

Verna	084 900 1778
Naomi	084 687 5823
Nicholas	083 954 6689
Kantoor	021 880 0250
Webwerf	www.laclemence.co.za